

## HOOFSTUK 2

### MOBILISERING VAN DIE AFRIKANERDOM

*L.M. Fourie*

#### 2.1 “Wittebroodsdae” van die OB en HNP

Sedert die stigting van die Ossewa-Brandwag (OB) deur kol. J.C.C. Laas op 4 Februarie 1939<sup>1</sup> was dit as Afrikaner-etniese beweging 'n kultuurorganisasie.<sup>2</sup> Dié beweging was tegelyk uitvloeisel en integrale deel van die Afrikanermobilisering wat met die eeufees van die Groot Trek in 1938 'n ongekende opstuwing beleef het.<sup>3</sup>

Die OB was nie 'n versetorganisasie wat ontstaan het weens direkte politieke motiewe nie, maar 'n organisasie wat spontaan as gevolg van die Afrikaner se selfontdekking, oorlewings- en selfgeldingsdrang tot stand gekom het. Tog was daar reeds voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog merkbare skeptisisme en onrus oor hierdie Afrikaner-beweging, soos bewys deur die versoek van die Verenigde Party-kongres van Augustus 1939 aan die Regering om 'n ondersoek na die bedrywigheide van die OB;<sup>4</sup> adv. Oswald Pirow se besorgdheid dat hierdie organisasie nie 'n heilsame invloed op die Burgermag kon hê nie;<sup>5</sup> en die aanvanklike vrees van die Vrystaatse Nasionale Party dat die OB moontlik 'n ongewenste konkurrent in die Afrikanerpolitiek kon word.<sup>6</sup> NP-skeptisisme het veral na die uitbreek van die oorlog plek gemaak vir samewerking en simbiotiese naasbestaan, veral met organisasiehulp deur byvoorbeeld mnr P.W. Botha van Kaapland om die OB op vaste voet te kry.<sup>7</sup> Pirow, wat sedert die oorlog uitgebreek en die val van die Hertzog-bewind met die politieke hergroepering in die Herenigde Nasionale Party of Volksparty (HNP of V) beland het, het reeds gou daarna simpatiek teenoor die OB gestaan uit hoofde van sy ideologiese aanhang, soos in die volgende hoofstuk aangedui word.

Die Afrikaner se motiewe was uiteraard ook OB-motiewe, gemik op politieke en staatkundige onafhanklikheid, volksverwesening en afsonderlike volksbestaan.<sup>8</sup> Alhoewel die OB-strewe sedert sy ontstaan tot en met die uitbreek van die oorlog nie bewustelik polities was nie, was dit ten minste sluimerend só, aangesien dit in daardie stadium die belangrikste nuwe institusionalisering van die *Afrikaner-in-beweging*<sup>9</sup>

was. In die konstitusie word veral die etnies-kulturele beklemtoon, maar die polities-staatkundige skemer tog deur: “Die aanmoediging en aanwekking van ’n kragtige vaderlandsliefde, nasietrots en vryheidsin by die Boerevolk”.<sup>10</sup>

Geen spesifieke rol is nog in hierdie stadium vir die OB afgebaken nie en hy het in die vooroorlogse fase van sy bestaan gekonsentreer op organisasiewerk, strukturering en die bestending van die gees van die 1938-Ossewatrek.<sup>11</sup>

Die traumatiese belewing van die Afrikanerdom met die Unie se oorlogstoetrede op 4 September 1939 het uit die aard van die saak die OB ten nouste geraak, want Afrikanerbelang is onmiddellik (in die idioom van J. Galtung)<sup>12</sup> in groter mate met Britse belange gekonfronteer. Die bewindskrisis en oorlogstoetrede van 4 September het vir die Afrikaner die ekstatische hoop en verwagting van *hereniging* (van wat sedert 1934 as verdeeldheid en verskeurdheid ervaar is) geskep, en dit lei dan tot die groot volksaamtrek van 9 September op Monumentkoppie waar Hertzog en Malan mekaar die hand reik.<sup>13</sup>

Politieke betrokkenheid van die OB het veral in 1940 as gevolg van verskeie faktore soos oorlogstoestande, disharmonie van belange, instelling van noodregulasies, intrekking van burgerlike wapens, polisieklompjagte, internering sonder verhoor en botsings van burgerlikes met soldate, en, les bes, die swak vertoning van die partypolitiek om Afrikanereenheid te bewerkstellig, werklikheid geword. Binne die onsekere en onstabiele omstandighede met die oorlogsdruk het die sekuriteit en warmte van die primordiale bande binne die etniese gemeenskap<sup>14</sup> baie aantreklik geword, en was die OB as volksorganisasie seker die belangrikste toevlugsoord buite die enigermate geneutraliseerde partypolitiek. Dit het die OB onteenseglik in die politieke maalstroom ingetrek.

Alhoewel die OB hom gedistansieer het van enige betrokkenheid by die verspreiding van die sogenaamde Vrymesselaarsbriewestorie teen genl. Hertzog<sup>15</sup> — hierdie aangeleentheid was een van die groot redes vir die mislukking van *hereniging* — het hierdie gebeurtenis tóg met dr. Hans van Rensburg se OB-leierskap noemenswaardige gevolge vir die verhouding OB en HNP ingehou, soos in die volgende hoofstuk aangedui word. ’n Verdere faktor wat die OB in die politieke stroom getrek

het, was dr. Malan en sy party se poging vroeg in 1940 om die OB uit ’n newegeskikte gelyk posisie na ’n vertikaal-ondergeskikte posisie onder die HNP of V in te trek. Die Kaaplandse OB het egter sy voet dwars gesit en die NP-leier moes die aftog blaas.<sup>16</sup> In April 1940 het die OB van Transvaal ’n konsep-grondwet vir ’n Christelik-Nasionale republiek gepubliseer wat ’n aanduiding is van die koers en aktiwiteite van die OB op politieke terrein,<sup>17</sup> maar in hierdie stadium was daar nog geen konflik oor die afbakening van werksterreine vir die verskillende Afrikaner-organisasies nie. Met hierdie konsep-grondwet het die OB egter geen motief tot party-ording gekoester nie — hy was besig om uiting te gee aan die algemene Afrikanerstrewe. Andersins was die OB onder leiding van kol. J.C.C. Laas as Kommandant-generaal hoofsaaklik besig met organisasiewerk en uitbouing van die beweging.

Maar die herenigingspogings wat net nie wou vlot nie, en die OB se fenomenale groei in 1940, het dr. Malan genoop om as leier van die HNP of V formeel met die OB te onderhandel oor die afbakening van terreine. Met die Cradock-ooreenkoms is in baie vae terme die rolle van die HNP en die OB onderskeidelik op die “party-politieke terrein” en die “nie-politieke terrein” omskryf.<sup>18</sup> Hierdie lukraak-ooreenkoms van Oktober 1940 het later (vanaf 1941) probleme geskep.

Benewens politieke bedrywig te wees het die OB in 1940 ook onder oorlogsomstandighede deur middel van die Stormjaers (SJ’s)<sup>19</sup> ondergronds bedrywig geraak teen die bewind van genl. Smuts. Die uitrede van kol. Laas as KG het vir die OB ’n fase afgesluit wat saamgeval het met die einde van die wittebroodsdae tussen die OB en die HNP waartydens die Party ’n belangrike bydrae tot die uitbouing van die OB gelewer het. “Afrikanereenheid” het nou ’n gesogte begrip geword en, met die onrus in die lug, selfs dringender as in September 1939.

## 2.2 Woelinge rondom leiers en ideologieë

Nadat kol. Laas in Oktober 1940 as leier die trekpas gekry het,<sup>20</sup> het Afrikaner-belang vereis dat die OB ’n sterk leier moes kry, want die OB was besig om in ’n reuse-organisasie te ontwikkel. Die leierskap van Laas het blykbaar reeds ontoereikend geword veral vanweë die OB se toenemende politieke kleur, en sommige OB-voormanne was net nie meer gediend met sy knipoog-tipe avontuurlike heimlikheid nie. Daar was selfs gerugte dat hy rebellie gepropageer het en dat hy ’n Vrymesselaar was, maar die belangrikste probleem met Laas was dat hy nie

leiding kon gee aan so 'n groot organisasie nie.<sup>21</sup>

Omdat Laas die mas nie kon opkom nie, is daar wyd en syd gesoek na die regte persoon op wie sy mantel kon val. Verskeie bekende leiers was ter sprake: ds. C.R. Kotzé (voorsitter van die Grootraad); adv. C.R. Swart (lid van die Grootraad); mnr. J.A. "Sambok" Smith (OB-adjunk-KG vir Kaapland en lid van die Grootraad); genl. Manie Maritz (eertydse generaal in die Tweede Vryheidsoorlog en een van die Rebelle-leiers in 1914). Na wik en weeg is dr. Hans van Rensburg (Administrateur van die Vrystaat) genader.<sup>22</sup>

Hy is reeds voorheen deur kol. Laas self gepols om aan die OB leiding te gee, maar Van Rensburg het nie kans gesien om in die geheim sy kragte in te gooi nie, omdat dit sy integriteit as Administrateur van die Vrystaat in gedrang kon bring. Nogtans het hy as Administrateur vir Abraham Spies as OB-vlugteling in sy huis versteek en het tog wel onderneem om Laas van raad te bedien, wat sy vereenselwiging met die Afrikaner se stryd weerspieël.<sup>23</sup> In November 1940 het mnr. J.A. Smith van die Grootraad en mev. Emmie du Toit (dogter van oud-president Steyn) Van Rensburg besoek en hom gevra om OB-leier te word. Daarna het verskeie Grootraadslede hom besoek en hom oor verskeie dinge uitgevra, onder andere sy houding oor Nasionaal-Sosialisme.<sup>24</sup> Met 'n stemming van 6 teen 5 (volgens ds. C.R. Kotzé se onverifieerbare latere verklaring) in die guns van Van Rensburg se kandidatuur, het die Grootraad hom as hul Kommandant-generaal aangestel. Ds. Kotzé het later, nadat hy as gevolg van die OB-HNP-konflik in 1941 uit die OB bedank het, verklaar dat reeds op die vergadering, waar daar oor Van Rensburg se aanstelling gestem is, lede wou bedank maar dat hy as voorsitter daarteen gemaan en daarvoor gepleit het dat die gekose persoon 'n kans gegun moes word om homself te bewys.<sup>25</sup>

Nieteenstaande die woelinge op die Grootraad is dr. Van Rensburg oral met ongekende geesdrif as die nuwe Kommandant-generaal ontvang, en agter dié geesdrif kan politieke motiewe gevind word. Hy het die verbeelding aangegryp, want in Afrikaner-belang het hy die belowende toekoms wat vir hom as Administrateur moontlik was, prysgegee en hom op die onsekerder weë van die OB-leierskap begeef.<sup>26</sup> In 'n hoofartikel het *Die Burger* Van Rensburg se aanstelling uiters positief ontvang en onder meer na sy akademiese loopbaan as "skitterend" verwys.<sup>27</sup> Hy het onder bewind van genl. Hertzog die Unie se Sekretaris van Justisie

geword, en in 1937 Administrateur van die Vrystaat. Sy vrye tyd het hy verwyd met 'n militêre loopbaan in die Burgermag van die Unie en het hy in 1936 Hitler se leërmaneuvers en ook dié van Brittanje bygewoon. Sy persoonlike ontmoeting met Hitler het 'n geweldige indruk op hom gelaat, in so 'n mate dat hy by sy terugkeer in die Unie reeds 'n bewonderaar van Nasionaal-Sosialisme was. Na Van Rensburg se ontmoeting met Hitler het sy bewondering vir die Nasionaal-Sosialisme in die Unie-parlement op 'n warm debat uitgeloop toe J.S. Marwick (VP-lid vir Illovo) Van Rensburg as 'n Nazi beskryf en dr. N.J. van der Merwe (HNP-lid vir Winburg) tot die Vrystaatse Administrateur se verdediging ingetree het.<sup>28</sup> Van Rensburg het reeds in 1937 voor 'n ANS-kongres Nasionaal-Sosialisme aangeprys as die orde van die toekoms.<sup>29</sup>

Soos die OB as geheel is ook sy nuwe leier gesien as kneukel in die Afrikaner se politieke vuus en daarom is die KG genader om hom as parlementêre kandidaat vir die HNP in Fauresmith verkiesbaar te stel. Dit het hom egter koud gelaat. Oor sy weiering om hom ook verkiesbaar te stel — adv. C.R. Swart, as lid van die OB-Grootraad, het hom vir die kiesafdeling Winburg beskikbaar gestel, en die setel verower<sup>30</sup> — was daar nie sigbare ontevredenheid of kommer nie, maar dit is net logies dat die HNP-leiers nie baie ingenome sou wees met Van Rensburg se apatiese houding jeens die partypolitiek nie. Swart se verkiesing in Winburg was immers 'n voorbeeld vir die konsolidering van die Afrikanerdom, die Cradock-ooreenkoms ten spyt.

Die tussenverkiesing van Winburg en Fauresmith, en die houdings daaroor, was reeds 'n voorspel tot die skeuring wat later in 1941 tussen die OB en die HNP ingetree het, en adv. Swart en andere die OB verlaat het, en wel omdat die HNP vir die OB 'n rol in die totaliteit van Afrikanerpolitiek gevisualiseer het. In samehang met die twee tussenverkiesings sou Van Rensburg se houding oor demokrasie en oor politieke stelsels nie die geskikste klimaat vir samewerking tussen die OB en die HNP skep nie.

Die eerste groot toets vir die leierskap van dr. Van Rensburg ten opsigte van 'n "gedissiplineerde Afrikanerdom" het gekom tydens onluste wat vroeg in 1941 aan die Rand uitgebreek het. Ten tye van 'n groot OB-vergadering op Springs (1 Februarie 1941) waar ongeveer 30 000 OB's saamgetrek het om na hul nuwe KG te luister, het regeringsoldate amok gemaak met aanvalle op die Voortrekkeergebou in Johannesburg, waar die OB en die Afrikaanse dagblaaie *Die Transvaler* en *Die Vader-*

land hul kantore gehad het. Die militêre polisie en die Suid-Afrikaanse Polisie kon die situasie nie bereëder nie. 'n Boodskap ten opsigte van die gevegte het die OB-vergadering op Springs bereik en gemoedere tot breekpunt opgesweep. Van Rensburg het die situasie vinnig opgesom en onmiddellik beveel dat die min of meer 20 000 mans op die vergadering moes bly waar hulle is terwyl sowat 300 OB's onder leiding van Johannes van der Walt die gebou gaan beset en die soldate-aanvalle afgeweer het. Dr. van Rensburg het die aanspreeklikheid vir die onluste voor die deur van *die Rand Daily Mail* gelê, want die uitgawe van Saterdag 1 Februarie het opswepende en verdraaide berigging oor die soldate-onluste van die vorige aand, toe Van Rensburg as spreker by 'n RDB-vergadering opgetree het, geplaas.<sup>31</sup> Van Rensburg het met sy gedissiplineerde optrede, grootskaalse onluste verhoed. Met banieropskrifte soos: "Gehoorsaamheid en dissipline van OB wend bloedbad af" het die HNP-pers die OB aangeprys.<sup>32</sup>

In die Volksraad het die poppe die daaropvolgende Maandag gedans toe dr. Malan en genl. Conroy daarop aangedring het dat genl. Smuts 'n verklaring oor die onluste uitreik en hom beslis teen die soldate-optrede moet uitspreek. In sy toespraak, wat voortdurend deur tussenwerpsels onderbreek is, was Smuts deurgaans vaag en ontwykend en hy wou of kon nie te veel sê nie, aangesien sy bronne van inligting aan die karige kant was.<sup>33</sup> Hy was gewis in 'n netelige posisie.

Hierdie geweldadige botsings tussen soldate en Anti-oorlogsgesinde Afrikaners, wat ook vroeër in Kaapstad, Stellenbosch en Potchefstroom voorgekom het,<sup>34</sup> het tot gevolg gehad dat al hoe meer Afrikaners na die OB as beskermers van Afrikanerbelange begin opsien het; terselfdertyd het dit dr. Van Rensburg noodgedwonge dieper in die politieke arena ingeforseer.

Dr. Van Rensburg se hantering van die OB met die onluste het getoon dat hy dit ernstig bedoel het met sy eerste toespraak waarin hy verklaar het dat hy die OB (Afrikanerdom) gedissiplineerd sal lei. Die OB het by vriend en vyand respek afgedwing weens die beheerstheid wat hy aan die dag gelê het. Soortgelyke gedissiplineerde leiding sou Van Rensburg, as leier van 'n stormagtiger element, die Stormjaers (die militante flank van die OB) bied.<sup>35</sup> Een ding het duidelik geword: die OB het nou oor 'n werklike leier beskik. Die groot skares Afrikaners wat

die nuwe OB-leier byeengebring het, sou enige politieke spreker na sy asem laat snak, en 'n heimlike jaloesie en vrees vir 'n te sterk OB kon reeds bestaan het. Gesien in die lig van die OB se fenomenale groei kon geen politieke party meer sekerheid hê oor sy voortbestaan nie. En gedurende die eerste paar maande het Van Rensburg 'n druk program van politiek-gekleurde (maar partypolitiek-apatiese) toesprake op groot georganiseerde OB-saamtrekke gehad.<sup>36</sup>

Indien daar in dié stadium enige ongerustheid in die gemoedere van die HNP-leiers oor die meteoriese opgang en gewildheid van die OB en sy Kommandant-generaal posgevat het, moes die stigting van die Afrikanerparty deur die Hertzogiete aan die begin van 1941<sup>37</sup> 'n nuwe element tot sodanige onrus toegevoeg het. Die HNP het homself as dié politieke organisasie van die Afrikanerdom beskou, en nou het daar 'n fris konkurrent (OB) uit hierdie geleedere na vore getree wat 'n ongewenste stryd binne die Afrikanerdom kon ontketen.

In weerwil van die groot geesdrif vir die OB het adv. J.G. Strijdom as Transvaalse leier van die HNP die "Party" as die enigste wapen vir die Afrikaner-politiek bestempel en die idee dat die politieke party per se niks tot stand kon bring nie (en in elk geval uitgedien is) as "onbesonnenheid" afgemaak. Hy gaan verder en begin bou aan dr. Malan se leiersbeeld: Malan word as die "groot leier" uitgewys, "... en niemand anders nie!!",<sup>38</sup> en dit so vroeg as Januarie 1941. Dr. Malan moes reeds in Februarie gerugte, dat die OB besig was om die HNP te vernietig, die nek inslaan met: "Albei staan op dieselfde wortel ... van die Afrikanerdom se belange".<sup>39</sup> Hy het insgelyks 'n waarskuwing tot genl. Smuts gerig om die OB met rus te laat,<sup>40</sup> en daarmee vir eers die onrus besweer.

Roberts en Trollip hou wel die ideologiese verskille as strydpunt tussen die HNP en die OB voor,<sup>41</sup> maar of dit wel so is, moet nog in hierdie werk vasgestel word. Dit wil reeds voorkom of ideologie slegs as 'n front voorgehou is, maar dat die intra-etniese stryd in werklikheid om mag en beheer oor die Afrikanerdom gewentel het. Waarom is daar nie in Desember 1940 of Januarie 1941 teen Van Rensburg se toe-reeds-bekende Nasionaal-sosialistiese sieninge beswaar aangeteken nie? En waarom het die HNP hom teen die "Nazi"-uitskellery beskerm?

Malan en Strijdom het self hul oomblikke van vertwyfeling oor die wenslikheid van "demokrasie" gehad, maar nogtans die idee daarvan verdedig. Albei het dit as 'n wapen beskou wat die Afrikaner nie uit sy hande moet laat glip nie, en drome oor die toepassing van Duitse of Italiaanse stelsels as onrealisties verwerp.<sup>42</sup> Hulle het al hoe meer sinspelinge teen die Nasionaal-Sosialisme (tussen die reëls teen Van Rensburg en Oswald Pirow vanweë hul Nazi-simpatie) begin maak, maar Malan het intussen voortgegaan om die OB te verdedig. Na aanleiding van koerantberigte dat Malan van plan was om van die OB 'n HNP-frontlinie te maak, het die HNP-leier terugkrabbeland verklaar dat hy verkeerd gerapporteer is. Terselfdertyd het Malan 'n houding teenoor Smuts ingeneem wat deur die OB vertolk kon word as aansporing vir dié beweging tot passiewe ongehoorsaamheid aan die Regering, en dat Malan die gevolge met die OB sou deel.<sup>43</sup>

Nogtans kon Malan nie verhoed dat Smuts OB-lidmaatskap vir staatsamptenare verbied nie, en dit was die KG wat die angel uit die verbod gehaal het deur eervolle ontslag aan diesulke OB's te gee om te verhoed dat hulle werkloos raak.<sup>44</sup> Van Rensburg het die Regering gewaarsku dat hy nie die OB tot 'n wanhoopstoestand moet dryf nie, want: "Met wanhopiges is sleg te redeneer".<sup>45</sup>

Tussen die OB en die HNP was alles nie pluis nie, soos blyk uit mev. Emmie (Steyn) du Toit se bemiddeling tussen Malan en Van Rensburg en laasgenoemde se linkslaat van 'n reuse OB-saamtrek op Potgietersrus om te vertrek na Stellenbosch vir samesprekings met Malan. Die twee leiers het besluit dat praatjies van 'n OB en 'n HNP wat mekaar in die wiele wil ry, stopgesit moes word, en dat enige probleme in die toekoms op leiersvlak uitgestryk sou word.<sup>46</sup> Hiervan het uiteindelik niks gekom nie en die HNP sou huiwerig wees om op die vooraand van die tussenverkieings in Fauresmith en Smithfield die oënskynlik goeie verhouding met die OB op die spel te plaas, aangesien die OB ondanks die Smuts-verbod getalsgewys steeds gegroei en die 400 000-merk genader het.<sup>47</sup> En genl. E.A. Conroy, as die Afrikanerparty (AP) se parlementêre leier, het die taktiese fout begaan om die OB as "'n baie groot grap" te probeer afkraak.<sup>48</sup>

Teen April 1941 was daar binne die HNP-leierskorps reeds ernstige ontevredenheid met Oswald Pirow se Nasionaal-sosialistiese aanhanklik-

heid binne die Nuwe Orde (NO) as organisasie.<sup>49</sup> Die HNP was steeds versigtig genoeg om nie anti-Nazi-aanvalle teen die OB te loods nie, maar die smeulende onrus het duidelik kop uitgesteek toe die HNP se organiserende sekretaris, F.D. du Toit, in April uit die OB geskop is omdat hy die OB kragtens die 1940-Cradock-ooreenkoms oor die terrein-kwessie berispe het.<sup>50</sup> Onderdrukte frustrasies aan beide kante het na die oppervlak gekom en *Die Burger* het, hoewel nog ietwat versigtig, tot die aanval teen dr. Hans van Rensburg oorgegaan.<sup>51</sup> Intussen het klagtes uit die Witwatersrand Malan ter ore gekom van HNP-takke wat daar doodloop omdat OB-offisiere verbied word om ampte in die HNP te beklee.<sup>52</sup> Die boodskap het nou sterker opgeklank: die OB is besig om die HNP te versmoor.

Die Voorlopige Afrikanereenheidskomitee (AEK) sou in 1941 die verlengstuk word van die Afrikaner-Broederbond se spesiale Kommissie van Beleid wat in 1940 reeds saamgestel is met die doel om 'n konsep-republikeinse grondwet (wat in September 1940 deur prof. L.J. du Plessis in die AB-afdelings gesirkuleer is) op te stel. 'n Tweede doelwit van dié Kommissie was om die Afrikanerorganisasies se kragte te koördineer en te konsolideer. Die konsep-grondwet sou aan erkende leiers van die Afrikanerdom toevertrou word om daarmee na goeie handel, maar intussen is die grondgedagtes van die stuk gepropageer sonder om die oorsprong daarvan bekend te maak,<sup>53</sup> vanweë die geheime aard van die AB.

Op 29 Januarie 1941 het die Dagbestuur van die Kommissie die konsep vir finale hersiening terugontvang, en daar is by die Uitvoerende Raad aanbeveel dat 'n groot volksvergadering onder leiding van die AB in samewerking met die OB en HNP belê word ten einde 'n duidelike koers aan die Afrikaner-politieke strewe te gee.<sup>54</sup> Die lede van die Kommissie was prof. L.J. du Plessis (voors.), dr. N. Diederichs, prof. T.J. Hugo, mnr. H.P. Wolmarans, dr. J.F.J. van Rensburg, ds. G.F. Badenhorst, prof. G.W. Schumann, dr. A. Hertzog, mnr. I.M. Lombard, dr. P.J. Meyer, prof. H.G. Thom, dr. T.E. Dönges, mnr. J.A. Smith en ds. C.R. Kotzé. Met die Maart-vergadering is die broeiende verdeeldheid bespreek en is 'n beroep ten effekte van verantwoordelike leierskap tot die Afrikanerorganisasie gerig.<sup>55</sup>

Die AB het in Maart 1941 in die persoon van dr. Piet Meyer per brief

met aangehegte memorandum, 'n republikeinse grondwet in konsepvorm aan Malan gebied en daarop gewys dat nóg die HNP nóg die OB op eie houtjie die verlangde eenheidsleiding aan die Afrikanerdom sou kon gee. Take is soos volg aan die onderskeie volksorganisasies gesugereer: die OB militêr; die RDB ekonomies; die FAK kultureel; die Kerk (tussenkerklike komitee) godsdienstig en die HNP polities-staatkundig (verkryging van die verlangde republiek). Meyer het tegelyk dissiplinêr gewys op die noodsaaklikheid van verantwoordelike leierskap.<sup>56</sup>

Die optrede van prof. L.J. du Plessis met sy “Verklaring namens volksorganisasies”<sup>57</sup> by die HNP-Uniale kongres in Junie, het voortgespruit uit die bestaan van die Voorlopige AEK.<sup>58</sup> By dié geleentheid het “Sambok” Smith verklaar dat die OB geen begeerte het om die politieke terrein te betree nie en dat die probleem wat die HNP met die Nuwe Orde van Pirow ondervind as 'n huishoudelike saak van die party beskou word. Hy het medeseggenskap vir die volksorganisasies bepleit vir sover dit politieke sake van “algemene fundamentele volksbelange” aangaan, met dien verstande dat die HNP die inisiatief neem.

Smith het probleme met die HNP se reorganisasieplanne voorsien, aangesien dit by die OB en die HNP, wat min of meer dieselfde mense as lede had, verwarring en oorvleueling sou bevorder, en gevolglik gepleit dat LV's en LPR's nie gelyktydig op HNP- en OB-besture moes dien nie. Hy het 'n “Sentrale Nasionale Beleidsraad” vir die Afrikanerdom voorgestel wat as 'n tussentydse regering (verkies op 'n algemene volksvergadering) 'n republiek in die lewe moes roep. Die samestelling van die raad moes deur dr. Malan behartig word, uit hoofde van sy polities-staatkundige leierskap, met dien verstande dat hy by die samestelling van die raad in die eerste plek die leiers van die ander volksorganisasies in aanmerking neem.<sup>59</sup> Dit kom daarop neer dat Malan en al die erkende leiers (dus ook van die OB, FAK, RDB en van die kerk) op so 'n raad moes dien. Dit sou selfs die Nuwe Orde, Boerenasie, Gryshemde, Afrikanerparty, ensovoorts kon insluit.

Smith se voorstelle en idees aan dr. Malan het byna woordeliks met dié van dr. Meyer en Diederichs en mnr. Lombard ooreengestem.<sup>60</sup> Die Kommissie het besluit dat 'n beroep op die HNP gedoen moet word om sy reorganisasieplanne op te skort totdat die beoogde Beleidsraad saamgestel is, én dat die verhouding OB-HNP nie op die komende Uniale

Kongres bespreek moes word nie.<sup>61</sup>

Kenmerkend van die Uniale Kongres is dat dit in die eerste plek 'n Afrikanerkongres was. Tweedens is dit gekenmerk deur sterk emosie met min ruimte vir rasonale besinning. Dr. Malan se gerusstelling dat die “volksorganisasies” die vorige dag samesprekings gevoer het en dat die kongres as 'n magtige verenigde volksfront uiteen sal gaan,<sup>62</sup> verraai op sigself 'n oorpositiese element uit 'n diepergewortelde spanningsonrus, maar toon tog die obsessionele begeerte tot 'n enkele groot Afrikaner-magsblok. Die vraag ontstaan of die Afrikanerdom hier besig was met selfmisleiding — het hy sy oë gesluit vir die krake en barste wat reeds ontwikkel het? Sou die oënskynlike solidariteit nie maar dieselfde weg gaan as die groot emosiebelaaide gelofte van Monumentkoppie (9 September 1939) nie?

Hierdie politieke geesdrywery was so sterk dat min of niemand bekommerd was oor die belangrikheid van dr. Van Rensburg en/of die Afrikanerparty se afwesigheid nie. Die strydwoord was tog immers “Afrikanereenheid”.

Daarom is byna elke voorstel by wyse van akklamasie begroet, sonder dat krities daarna gekyk is. Dit is duidelik dat die afgevaardigdes volks-eenheid min of meer blindelings nagejaag het. “Sambok” Smith, verteenwoordiger van die OB, het in sy toespraak woordeliks herhaal wat hy tydens die samesprekings van die volksorganisasies betoog het. Vir die waarnemer moes dit duidelik gewees het dat die OB bereid was om saam te werk, en dat hy die HNP se taak op die politieke terrein erken het, maar dat, waar dit “fundamentele volksvraagstukke” geraak het, “'n gekonsolideerde volksleiding wat adviserend in al die samewerkende liggame ... sal wees”,<sup>63</sup> nodig sou wees. Dit kom daarop neer dat die OB nie 'n blankotjek ten opsigte van byvoorbeeld die republikeinse strewes wou gee nie, synde een van die fundamentele volksvraagstukke.<sup>64</sup>

Die HNP-pers het egter in hul verslae oor die kongres die indruk probeer wek dat aan dr. Malan as “Volksleier” en die HNP 'n onvoorwaardelike mandaat gegee is. Die oë is gesluit vir die werklike inhoud van toesprake en voorstelle, en opeenvolgende voorstelle van Strijdom, A.J. Werth en

Tom Naudé is sonder bespreking onder groot toejuiging aanvaar. Aan dr. Malan is 'n redelike mate van diktatoriale magte toegeken en hy sou (na aanleiding van prof. L.J. du Plessis se toespraak en op voorstel van Naudé) wanneer hy as "Volksleier" optree, namens die hele volk praat. Hy sou voortaan slegs aan die kongresse verantwoordig verskuldig wees, met volmag om alle funksies binne die mag van enige partybestuur of -kongres uit te oefen.

Alhoewel dr. Malan op die kongres met sy bekende welsprekendheid 'n groot volksvergadering (selfs groter as die een by Monumentkoppie in 1939) in die vooruitsig gestel het, en begerig was om die hand van vriendskap na enigiens uit te steek wat reeds van die HNP weggebreek het,<sup>65</sup> sou die tyd leer of Conroy se sinisme oor die gewaande Afrikanereenheid enige substansie gehad het.

Die HNP wat 'n diktatuur met mening beveg het, het nou self ongeveer alle mag in sy leier gekonsentreer. Dieselfde party wat kort tevore by monde van adv. Strijdom dit teen die OB gehou het dat hy te veel klem op die "leier" laat val, het nou self die "Volksleier"-skap verabsoluteer.

Die Afrikaner-Broederbond het 'n kardinale rol begin speel. As uitvloeisel van die Uniale Kongres en op voorstel van dr. Van Rensburg is die Afrikanereenheidskomitee van sy "voorlopige" karakter ontdaan gemaak. Afbakening van terreine vir die verskillende volksorganisasies soos die HNP, OB, FAK en RDB, sou deur die Komitee self behartig word, en die besluite sou moes klop met besluite wat reeds op die Uniale Kongres geneem is. Beide HNP en OB moes op só 'n wyse versterk word dat onderlinge wrywing geheel en al uitgeskakel word. Beleid oor ampsbekleding in albei, sowel as duidelik afgebakende take, sou deur die AEK behartig word. Masjinerie op plaaslike sowel as provinsiale vlak moes geskep word om probleme tussen die twee organisasies te bekamp, en die HNP en OB mog ook nie organisatories of struktureel identies wees nie.<sup>66</sup>

Soos op die Uniale Kongres van die HNP, het die AEK besluite geneem wat skuiwergate en slaggate gebied het. So byvoorbeeld is 'n voorstel ten effekte van terreinafbakening deur dr. Van Rensburg ingedien sonder dat die afbakening behoorlik waterdig gemaak is: punt 7(b) kon vertolk word as sou die HNP die politieke front van die OB moes word; voor-

stel 7(b)(ii) kon so vertolk word dat dit lyk of die OB die agterryer van die HNP sou wees.<sup>67</sup> Volgens die woord "minstens" in 7(d)(iii) is hierdie voorstel oop vir 'n vertolking dat die koördinerende liggaam wel uitgebrei kan word, soos prof. Du Plessis dit dan ook in September in *Wapenskou* gestel het.<sup>68</sup>

Uit die notule van die AEK kan die afleiding gemaak word dat die OB en die HNP nie alléén aandadig was ten opsigte van die misverstande en geskille wat ontstaan het nie, maar dat die verdeeldheid deels voor die deur van die AB se Kommissie vir Beleid (Afrikanereenheidskomitee) gelê moes word.

As gevolg van die gees wat op die Uniale Kongres geheers het, is die reorganisasieplan van die HNP tóg aangekondig, niesteenstaande dr. Piet Meyer se waarskuwing daarteen;<sup>69</sup> ten spyte van die Voorlopige AEK se samespreking op 1 Junie waartydens probleme met die reorganisasieplanne van die HNP voorsien is; ten spyte van die besluit van die AB-Kommissie dat die HNP sy reorganisasieplanne moet opskort tot tyd en wyl die beoogde Sentrale Beleidsraad saamgestel is<sup>70</sup> en ongeag die Vrystaatse OB se beswaar teen die plan.<sup>71</sup> Dr. Malan het na afloop van die Kongres voortgegaan om die reorganisasie ten uitvoer te bring.<sup>72</sup> In die eerste van twee artikels wat hy vir *Die Burger* geskryf het, is verduidelik dat die onrus oor die reorganisasieplan slegs aan 'n misverstand toegeskryf kan word, wat ontstaan het sedert die vroegste stadium van die plan toe die inhoud nog nie behoorlik bekend gemaak is nie. Die beoogde plan is gebaseer op die militêre organisasie van die Voortrekkers van weleer.<sup>73</sup>

Dr. Malan het verduidelik dat die HNP-reorganisasieplan nie inbreuk sou maak op die OB nie — dat hulle nie konkurrente was nie maar saam met die ander nie-politieke organisasies langs mekaar gestaan en gewerk het met een doel voor oë. Hy het daarop gewys dat die HNP nie maar " 'n gewone partypolitieke party" is nie, en dat hy die eie "Boernasieskap" verteenwoordig.<sup>74</sup> Die OB is egter nie daardeur bevredig nie.

In Vrystaatse kringe van die HNP kon die reorganisasieplan selfs die volgende behels het: 'n "Nasionale Brandwag" of alternatiewelik "Nasionale Wag", of "Nasionale Bond", en 'n eie "Vroue organisasie ... soos by die OB" wat ingestel sou word. In 'n "kommando-stelsel ... soos in die OB" sou offisersrange aan leiers toegeken word, te wete: korporaal,

assistent-veldkornet, veldkornet, Kommandant, Hoofdkommandant, ens.<sup>75</sup> Kortom die HNP se Nasionale Brandwag en sy Vroue-organisasie sou soos die OB op halfmilitêre grondslag geskoei wees.

Indien die plan in werking sou tree, sou daar grootskaalse verwarring by OB- en HNP-lede ingetree het, want hulle sou nie altyd weet wanneer hulle met 'n OB-offisier of 'n HNP-offisier te doen het nie. Die wesentlike belang van dié reorganisasieplan word later in dié hoofstuk ontleed.<sup>76</sup>

Adv. Strydom het as verskoning vir die HNP-reorganisasieplan aanvoer dat groot somme geld deur sekere "Kakieridders" van buite Suid-Afrika ontvang is om die HNP te probeer breek. As teenvoeter vir die Kakieridder-plan het P.W. Botha reeds in 1938 die plan uitgewerk, waarna dit deur al die stadia in die besluitnemingsliggame van die party gegaan het.<sup>77</sup> Afrikanereenheid was werklik in die weegskaal en politieke impotensie het al hoe duideliker geword.

Verhoudings tussen die OB en HNP is verder vertroebel toe die OB in Julie 1941 in sy Omsendbrief 1/41 die konsep-republikeinse grondwet wat deur die AB aan die leiers van die volksorganisasies beskikbaar gestel is,<sup>78</sup> gepubliseer het. Van Rensburg het vooraf in die omsendbrief verduidelik dat die republiek nie 'n partypolitieke saak is nie, maar 'n volksideaal van die Afrikanerdom. Na sy mening was dit 'n gemeenskaplike beleidsterrein en die volksorganisasies moet mekaar se reg tot samewerking in die saak erken.<sup>79</sup>

'n Interessante aspek is dat die HNP nie onmiddellik beswaar teen die dokument aangeteken het na die verskyning daarvan nie, en op die AEK-vergadering van 2 Augustus was dit ook nie een van die punte op die agenda nie: dr. Malan het aan die einde van die vergadering so terloops beswaar aangeteken teen die verskyning daarvan as betreding van die HNP-terrein deur die OB. Dit laat die vermoede ontstaan dat die omstrede omsendbrief in werklikheid slegs 'n slaanstkop in die hande van die HNP geword het. Die vroeëre terreinafbakenings was in ieder geval té vaag om met sekerheid te kon sê dat die OB nie die republiek mog propageer nie. Omdat die publiserings daarvan op grond van 'n misverstand plaasgevind het — in 'n vorige AEK-vergadering het "Sambok" Smith (Assistent-KG van die OB) 'n vae toestemming van dr. Malan verkry om wel die stuk te publiseer — het Van Rensburg onderneem om die saak in die openbaar reg te stel met 'n erkenning dat die OB-

omsendbrief nie soveel detail moes bevat het nie. In elk geval het die AEK besluit dat al die deelnemende volksorganisasies die reg tot propagering van die republiek het.<sup>80</sup>

Selfs na afloop van die AEK-vergadering het die omsendbrief nog geen opskudding veroorsaak nie, maar toe dr. Van Rensburg die HNP in sy Elsburg-toespraak van hardhorendheid beskuldig rakende die OB se besware teen die voorgenome HNP-reorganisasie, was die vet in die vuur. Ander uitlatings in die toespraak, soos dat die HNP nie die enigste politieke organisasie van die eenheidsfront is nie en dat die OB selfs 'n beter republiek beoog as 'n "Sammy Marks"-republiek (bedoelende die ZAR), het die HNP-leiers en -pers behoorlik ontstig. Van Rensburg het ook onverskillig na die "ketterjag" verwys wat toe in Afrikanergeleedere uitgevoer is, en dit is deur die HNP vertolk as teen hom gerig vanweë sy optrede teen Pirow met sy Nuwe Orde.<sup>81</sup>

Op dieselfde dag (9 Augustus) het dr. Malan hom op Stellenbosch uitgespreek teen diegene wat groepe binne die HNP vorm, en hom ook skerp teen Nasionaal-Sosialisme as volksvreemde verskynsel uitgespreek.<sup>82</sup> Die stryd wat aanvanklik uit vrees en jaloesie gebore is, het nou twee baniere bygekry, naamlik terrein-oorskreiding en ideologie. In wese was dit deurentyd 'n magstryd om beheer oor die Afrikanerdom en is terrein en ideologie slegs as dekmantels gebruik.

Maar dr. Malan het die OB nog nie oor ideologie gepak nie, en van die Transvaalse Kongres (HNP) gebruik gemaak om agt vrae aan Van Rensburg te stel — almal rakende terreine van die OB en HNP met 'n suggestie dat die OB besig is om homself te wil omskakel in 'n politieke party. Van Rensburg het dit betreur dat dr. Malan vuil wasgoed in die openbaar gewas het, aangesien die AEK juis beskikbaar gestel is om geskille uit die weg te ruim.<sup>83</sup>

Die HNP het beseft dat hy die OB en die Afrikanerparty (AP) moes verhoed om mekaar om die nek te val en herinner die OB daaraan dat Conroy die OB kort tevore nog as 'n groot grap beskou het. *Die Transvaler* het hard probeer om die AP en die "Imperialiste" saam te kategoriseer, en meen dat hierdie twee groepe nie moet poog om 'n wig tussen die HNP en die OB in te dryf nie.<sup>84</sup> Hierdie stukkie taktiek van die HNP was effe deursigtig, want tussen die HNP en die OB was daar reeds 'n stewige wig van onmin. Dr. Malan het strykdeur ontken dat skeuring reeds plaasgevind het, maar dit is van alle geloofwaardig-

heid ontnem deur die uitskopbedankings van P.O. Sauer en P.W. Botha as OB-lede.<sup>85</sup> Kort daarna het verdere skorsings van vooraanstaande HNP's uit die OB gevolg: dr. E.C. Pienaar, H.B. Thom, J.G. Meiring en P.J. Schoeman, asook mev. Sauer.<sup>86</sup>

Van Rensburg se reaksie op Malan se vraag of die OB 'n party wou word, was kort en kragtig: "Die Ossewa-Brandwag is 'n Volksbeweging met die leuse 'My God, my Volk, my Land Suid-Afrika'. Die dag wat ons hierdie hoë leuse omskep in 'My God, my Party, my Land Suid-Afrika' — daardie dag het die Afrikanerdom sy sterkste hoop en besieling in hierdie stryd verloor".<sup>87</sup> Hierop het dr. Malan in sy volgende Stellenbosch-optrede 'n ultimatum aan die OB gestel, naamlik dat hy dadelik Omsendbrief 1/41 terugtrek. Sou die OB dit nie doen nie, sou Malan die OB kragtens die HNP-konstitusie as vyandig verklaar en alle HNP's versoek om uit die OB te bedank. Malan het terselfdertyd gesug-gereer dat Van Rensburg 'n skakel in 'n ketting van vyande is, waarvan ten minste een skakel met genl. Smuts verbind is.<sup>88</sup> Daarmee is 'n fluisterveldtog teen Van Rensburg op tou gesit wat ongegrond was. Adv. Eric Louw het hom vierkantig agter dr. Malan geskaar, want hy was ten ene male gekant teen enige samewerking met dr. Van Rensburg. Hy meen dat Malan hom nie aan die AEK moes blootstel deur met die geskille na dié komitee te gaan nie,<sup>89</sup> wat beteken dat hy selfs bemiddeling deur die AEK verwerp het.

Weens die konflikte tussen die HNP en die OB is 'n AEK-vergadering vir 1 September belê, maar Malan het (op aandrang van Eric Louw) intervensie geweier tensy die Komitee en die OB aan sekere eise van hom voldoen ten effekte van terreinerkenings, en dat die OB hom onmiddellik van die politieke terrein moes verwyder.<sup>90</sup> Daarmee het Malan enige bemiddeling van die Komitee geprejudiseer.

Die vraag ontstaan nou of die skeuring reeds tot die gewone Afrikaner deurgedring het. Heelwat telegramme te dien effekte het Malan bereik, waarvan dié van die Heilbronners verteenwoordigend is: "100 persent party en 100 persent Ossewa-Brandwag",<sup>91</sup> dus 'n weiering om die skeuring wat op leiersvlak plaasvind, te aanvaar.

Nadat die AEK aan Malan se eise voldoen het — die Cradok-ooreenkoms van Oktober 1940 is onder meer as geldig verklaar — het hy die verrigtinge eers op 2 September begin bywoon. Toe sy verwy-sing na Van Rensburg se skakeling met Smuts geopper word, het Ma-

lan teruggekrabbel dat hy eintlik net verwys het na die konsekwensies van die OB-beleid en nooit dr. Van Rensburg se bona fides in twyfel getrek het nie. Al die besluite is na die HNP en OB verwys sodat hulle met opmerkings na die AEK moes terugkeer.<sup>92</sup>

Alvorens Du Plessis se persverklaring oor wat bereik is die lig gesien het,<sup>93</sup> het die Grootraad op 4–5 September (die nag) geëis dat Malan erken dat die AEK-besluite bindend is en dat Malan sy uitlatinge oor Van Rensburg terugtrek.<sup>94</sup> Tydens dieselfde Grootraad-vergadering het 'n donderslag die OB getref, want ds. Kotzé (wat op die vergadering nog die eise van die Raad gesanksioneer het) het sy bedanking ingedien.<sup>95</sup> Sy eise aan die Grootraad was in groot mate teen dr. Van Rensburg as KG gemik en die bedanking kon op geen ongeleëner tyd kom nie.

Kotzé se bedanking was omgekeerd 'n groot wins vir die HNP, want hulle kon hom hierna handig aanwend in hul anti-OB-propaganda. Terselfdertyd het die AEK sy laaste stuiptrekkings gekry, want toe hy op 12 September weer vergader, het Malan die houding ingeneem dat die eerste basis vir eenheid misluk het. Sy politieke luitenant het hom in hierdie siening heelhartig ondersteun. Die laaste spyker in die AEK-doodskis is ingeslaan toe die FAK en die RDB hulle onttrek het. Prof. Du Plessis kon dit eenvoudig nie glo dat die Afrikanereenheidskomitee werklik misluk het nie.<sup>96</sup> Dit beteken ook dat die AB gefaal het in sy poging om Afrikanereenheid te bewerkstellig, en die vraag ontstaan of die druk op die Afrikanerdom dan nie groot genoeg was om hom tot behoorlike konsolidasie van kragte te dwing nie. Een ding is seker: die Afrikanerdom was verskeurd, en die oorsaak daarvan was die magstryd tussen die leierskorpse van die OB en HNP.

Die mislukking van die Afrikanereenheidskomitee in September 1941 het 'n fase van hernude stryd binne Afrikanergeleedere ingelui waarin die OB en die HNP steeds die twee groot antagoniste sou wees. Die intriges sou veel heftiger en openliker wees as voorheen, en alle moontlike middele en politieke wapens sou ingespan word om die ander organisasie as die skuldige uit te wys en binne Afrikanerverband die oppermag te verkry. Vir duisende Afrikaners sou die situasie totale on-vergenoegdheid meebring, omdat die verdeeldheid ten koste van Afrikanersolidariteit voortgewoed het.

Watter beter getuieis kon die HNP aanwend in sy propaganda-oorlog

teen die OB as die onthullings, mededelings en menings van die gewese voorsitter van die Grootraad, ds. C.R. Kotzé? Die HNP het ook nie gras onder sy voete laat groei nie, en dadelik ruimskoots van ds. Kotzé se beskikbaarheid gebruik gemaak.

Onmiddellik na sy skokkende bedanking uit die Grootraad het Kotzé na vore gekom met 'n onthulling oor 'n vlugskrif of pamflet onder die opskrif "Die kronkelgange van 'n Party";<sup>97</sup> wat hy met sy tweede voorstel op sy laaste Grootraadvergadering in gedagte gehad het.<sup>98</sup> Die tersake vlugskrif is volgens Kotzé in die OB se Vrystaatse kantoor te Bloemfontein vir landswye verspreiding afgerol. Na die inhoud is die pamflet in sy geheel teen dr. Malan gemik, want daarin is aangetoon dat hy periodiek van strewe en ideaal verwissel — dan is hy die protagonis van republiekwording en dan weer (ter wille van politieke belang) verloën hy die republikeinse strewe. En dit het die opsteller genoop om 'n ernstige vraag oor Malan te stel: "Watter sekerheid het ons dat hy nie aanstaande jaar weer ter wille van partybelange die Republikeinse ideaal sal verloën nie? Hy het dit reeds een maal gedoen".<sup>99</sup>

Die opsienbare bekendmaking van ds. Kotzé het groot opslae gemaak, met die HNP wat dit vir die aanval gebruik en die OB, by name dr. Van Rensburg wat defensief op die agtervoet gevang is. Die OB-leier het summier ontken dat óf hy óf die Grootraad van so 'n vlugskrif weet en die Vrystaatse OB's het ook ontken dat hulle van die dokument bewus was. Hy het in Pretoria op 'n vergadering gewag gemaak van 'n memorandum wat wel bestaan en wat vroeëre uitlatings van dr. Malan bevat.<sup>100</sup> "Sambok" Smith, die Assistent-KG vir Kaapland, het in 'n persverklaring aan *Die Burger* gesê dat dit die plig van elke leier (of sy mondstuk) is om teen gerugte wat onnodige tweedrag kon veroorsaak, te waak, aangesien daar altyd twee kante van 'n saak is.<sup>101</sup>

In 'n hoofartikel van *Die Burger* is egter na die vlugskrif verwys as "hierdie skandelige stuk", en dan word Smith se integriteit in twyfel getrek wanneer die koerant daarop wys dat hy ontken het dat die stuk vir verspreiding bedoel was, alhoewel die OB die stuk opgestel het. Smith is deur die koerant verkwalik dat hy, en geen ander lid van die Grootraad nie, niteenstaande die feit dat dit al vir meer as 'n week bekend was, nog nie 'n poging aangewend het om "die skandelige ding" te repudieer nie.<sup>102</sup>

Op 11 September het dr. Van Rensburg dit in Pretoria betreur dat OB-offisiere die organisasie verlaat het voordat hulle die OB se kant van die skeuring verneem het. Hy het in elk geval sy antwoord op dr. Malan se reaksie op die antwoord en teenvraag van die Grootraad na aanleiding van die Malan-ultimatum, vir 'n latere geleentheid gebêre.<sup>103</sup>

Ses dae later het dr. Van Rensburg op Stellenbosch die verbreking van die wapenstilstand aan dr. Malan toegedig. Hy het ook ten sterkste ontken dat die HNP-Volksraadslede as OB-offisiere uitgefaseer is omdat hulle HNP's is en omdat hulle LV's is wat vanweë hulle aandag aan parlementêre sake nie hul OB-pligte na behore sou kon uitvoer nie. Hy het dr. Malan daarvan beskuldig dat hy oor die republikeinse strewe die volk in die duister laat. Daarbenewens het hy Malan se bewering, dat hy as protagonis van republikanisme by geleentheid van die Cradockse ooreenkoms die OB oorgehaal het om 'n republiek te propageer, verwerp, en dr. Malan daarop gewys dat die Transvaalse OB reeds so vroeg as April 1940 'n pamflet uitgestuur het waarin 'n republiek bepleit word. In 1940 is egter geen woord gerep oor die konsep-grondwet wat die OB die lig laat sien het nie. Hy het dr. Malan uitgewys as die persoon wat nie net aan die OB 'n ultimatum gerig het nie, maar ook aan die Afrikanereenheidskomitee, deur te weier om die AEK-vergadering by te woon tensy aan sy eise voldoen word.

Oor die gewraakte pamflet het dr. Van Rensburg beweer dat dit slegs 'n tesis van 'n MA-student is. N.G.S. van der Walt het die pamflet geskryf en 21 kopieë daarvan is afgerol, en een daarvan het in die hande van ds. Kotzé en adv. C.R. Swart geval. Van Rensburg het baie sinies daarna verwys dat dié pamflet nou toevallig in die hande beland van dieselfde mense wat in die Vrymesselaarstorie teen genl. Hertzog 'n rol gespeel het.<sup>104</sup>

Vir die OB was dié onthulling oor die vlugskrif 'n byna onhanteerbare verleentheid, en die ontkennings van die leiers het nie bygedra tot die geloofwaardigheid van die OB nie. In *Die Volksblad* het byvoorbeeld 'n brief van ene J.J. Harmse verskyn waarin hy vermeld van die vlugskrif wat hy reeds op 3 September op Kuruman in die hande gekry het.<sup>105</sup> OB-generaal M.P. Wessels van Exelsior het in 'n brief aan dieselfde koerant die houding ingeneem dat dit die OB niks verder gaan bring as hy die bestaan van die vlugskrif ontken of wil voorgee dat hy die stuk nie vir sy rekening kan neem nie, "en watter verklarings mnr. C.L. de Jager ook al aan die saak wil gee, die ding is 'n klug en 'n groot

gemors".<sup>106</sup>

Na wat dr. Malan uit dr. Van Rensburg se verklarings afgelei het, was die pamflet 'n tesis van 'n MA-student (N.G.S. van der Walt) waarin aangetoon is dat Malan nie 'n republiek tot stand sal bring nie. Malan het in sy toespraak op Upington ook melding gemaak van 'n beëdigde verklaring wat mnr. D.J. Potgieter, privaatsekretaris van dr. Malan, gemaak het oor 'n plakboek wat op 2 Augustus aan hom getoon is toe hy in Pretoria by die OB-hoofkantoor aangedoen het. Dié plakboek, na bewering afkomstig van 'n Sap wat dit in 'n verkiesing teen adv. Strijdom gebruik het, het onder meer inligting oor die Van der Walt-pamflet bevat.<sup>107</sup> Die beëdigde verklaring van Potgieter kry nie heeltemal die kloutjie by die oor nie en vrae ontstaan soos: waarom die beweerde twee persone die plakboek aan die privaatsekretaris van dr. Malan sal toon en hom dan versoek om niks daarvan aan dr. Malan te vertel nie; waarom so 'n beweerde Sap van sy plakboek afstand sal doen, en waarom dié plakboek dan inligting oor die Van der Walt-pamflet sou bevat.

Vir dié probleem skyn daar twee moontlike oplossings te wees: (1) die beëdigde verklaring van Potgieter kon 'n versinde verhaal gewees het, òf die eerste deel van sy verhaal kon waar gewees het, met die laaste deel as onwaar, òf (2) Potgieter se weergawe kon die volle waarheid bevat het, en dat die twee persone wat die beweerde plakboek aan hom getoon het gelieg het oor die Sap-afkoms daarvan. Veral as in gedagte gehou word dat N.G.S. van der Walt 'n persoon was wat 'n dagboek aangelê het, dit wil sê gebeure en indrukke vir homself neergeskryf het, is dit bes moontlik dat die sogenaamde plakboek niks anders was as dié van Van der Walt nie. In só 'n geval kon die plakboek reeds jare bestaan het en kan die verwysing na die berugte pamflet, wat dan self ook veel vroeër as 2 Augustus geskep kon gewees het, geredelik verklaar word. Hierdie tweede hipotese skyn aanvaarbaarder te wees as die eerste as in ag geneem word dat Van der Walt later 'n proefskrif, waarvoor die graad D.Phil posthuum aan hom toegeken is, geskryf het oor "Die republikeinse strewing" en dat sowel die pamflet as die plakboek deel van sy voorbereiding en navorsing kon gewees het. As sekretaris van die OB, en veral sedert die spanninge tussen die OB en die HNP op 'n botsing uitgeloop het, het hy waarskynlik dit goed gedink om die inligting waaroor hy beskik te dupliseer en teen dr. Malan te gebruik.

Die Van der Walt-pamflet het 'n handige slaanding in die hande van die HNP besorg om aan die volk te toon hoe die OB die "volksleier" probeer beswadder. Aan die ander kant het ds. Kotzé — sy uitsprake is uitgebreid aangewend vir HNP-propaganda — 'n saak probeer uitmaak oor die kontroversiële aanstelling van dr. Van Rensburg as KG van die OB. Kotzé was, volgens sy eie weergawe, een van die minderheid wat téén Van Rensburg se aanstelling gestem het.<sup>108</sup>

Die OB het nou met sy rug teen die muur geveg en het ter vervanging van sy gewraakte Omsendbrief 1/41 'n tweede omsendbrief (Uniale Omsendbrief 2/41) versprei waarin die gebeure rondom die vorige omsendbrief uiteengesit en tegelyk slegs die beginselgrondslae van die beoogde republiek gestel is.<sup>109</sup> In die lig van wat vooraf gebeur het, blyk die beste verklaring vir die verskyning van Uniale Omsendbrief 2/41 te wees dat die OB daarmee 'n illusie van legitimiteit wou skep — dat hy sy eerste sonde hiermee reggestel het en nou aan die wettige kant van die lyn staan.

Prof. L.J. du Plessis het vir Afrikanereenheid die haas uit die hoed probeer toor met sy "Volkskongres"-voorstel,<sup>110</sup> maar op 'n informele samespreking tussen verteenwoordigers van die HNP, FAK en die RDB is dié voorstel as onuitvoerbaar en selfs ongewens afgemaak. Die plan moes òf teruggetrek òf ten minste uitgestel word.<sup>111</sup> Du Plessis het die volkskongres geskeduleer vir 7 Oktober 1941 te Bloemfontein.<sup>112</sup> Hy sou by so 'n volkskongres volledig verslag doen oor die werksaamhede van die AEK, en veral oor "ons politieke volksleier Dr. D.F. Malan en ons volksaksieleier Dr. J.F.J. van Rensburg". Uit elke kiesafdeling van die Unie moes een verteenwoordiger van elke verteenwoordigde organisasie van die AEK afgevaardig word.<sup>113</sup> Sowel idealisme as wanhopigheid kenmerk prof. Du Plessis se volkskongres-gedagte. Dit is 'n besielde maar tegelyk ook dringende oproep soos blyk uit sy telegram aan dr. Malan dat die organisasies en persone genooi word om deur hul aanwesigheid en "hartlike deelname te kom meewerk aan die besëling van die nuwe onoorwinlike vorm van Afrikanereenheid".<sup>114</sup>

Dr. Verwoerd en dr. Geyer, onderskeidelik redakteurs van *Die Transvaal* en *Die Burger*, het aanvanklik onderling besluit om die voorstel van prof. Du Plessis te ignoreer, maar daarna op die teendeel besluit, sodat daar nie van die HNP-pers gesê kon word dat hy dit nie wou plaas nie.<sup>115</sup> Verwoerd het egter van gedagte verander en aan dr. Malan getelegrafeer dat hy die Du Plessis-voorstel sou terughou en dit dan

saam met dr. Malan se reaksie daarop sou publiseer.

Daar is beoog om dr. Malan, dr. Van Rensburg, prof. Du Plessis en dr. P.J. Meyer, laasgenoemde twee onderskeidelik in hul hoedanighede as voorsitter en sekretaris van die AEK, byeen te bring vir voorafberaadslaging met die oog daarop om 'n agenda vir die voorgestelde volkskongres (22 September 1941) saam te stel. Voorstelle kon aan die Voor-sitter gestuur word, en prof. Du Plessis het 'n beroep op dr. Malan en sy OB-eweknie gedoen om die stryd voorlopig te staak.<sup>116</sup>

In 'n hoofartikel het *Die Burger* gewys op die dilemma van die RDB en die FAK indien so 'n volkskongres sou plaasvind, omdat die geskil polities van aard is. 'n Verdere beswaar van dié koerant was dat die afstande byvoorbeeld die Kaaplanners kwalik in staat stel om binne twee weke afgevaardigdes aan te wys en te stuur. *Die Burger* meen dat dit nie 'n stryd tussen die twee organisasies se leiers is nie, maar 'n stryd binne die OB omdat die koers wat sy leiers inslaan skeuring vir die Afrikanerdom gaan bring. Hy steun die gedagte wat ds. Kotzé op Winburg uitgespreek het, naamlik dat die probleme binne die OB-offisiërskring opgelos moet word,<sup>117</sup> bedoelende dat die OB-offisiere hul leier moet regruk of hom afdank.

Doodgeborenhed van die volkskongres-voorstel blyk ook uit Verwoerd en Strijdom se standpunt dat dit geen kans op sukses het nie, omdat dit "onprakties en verwarringskeppend is". Hulle het gemeen dat die OB nie meer publisiteit moes ontvang nie, en dat die HNP-standpunte reeds genoegsaam gestel is, en stel daarom aan Malan voor dat die HNP hom nie met die AEK moet vereenselwig nie. Van Rensburg moes geneutraliseer word omdat hy hom nog altyd as inskiklik voorgedoen het. Dieselfde metode wat teen Pirow gebruik is, moes ook teen dr. Van Rensburg ingespan word.<sup>118</sup>

Met die doodswygtaktiek het dr. Malan nie saamgestem nie, want dit kon daartoe lei dat dr. Van Rensburg die situasie in sy guns uitbuit om veld te wen. Volgens dr. Malan het die Kaap en die Vrystaat reeds getoon dat die gees oorweldigend ten gunste van die HNP was en dat dié mense slegs op die regte leiding en korrekte inligting gewag het.<sup>119</sup>

Tot op 24 September het prof. Du Plessis geen antwoord van dr. Malan ontvang nie, en dr. Piet Meyer het toe verneem of die HNP's 'n afgevaardigde per kiesafdeling gaan stuur.<sup>120</sup> Die HNP het nie in vrede

belanggestel nie, soos blyk uit adv. Eric Louw en kollega Strijdom se telegramme aan dr. Malan. Eersgenoemde het Malan gewys op 'n vyan-dige pamflet wat die OB die lig laat sien het.<sup>121</sup>

Strijdom het Malan versoek om onverwyld te verklaar dat die HNP beslissig geen afvaardigings na die voorgestelde volkskongres sou stuur nie, veral omdat prof. Du Plessis voortgegaan het met sy planne en om oral mense se raad te vra of die kongres nog moes plaasvind in die lig van die HNP se negatiewe houding daarvoor.<sup>122</sup> Toe dr. Malan wel op prof. Du Plessis se volkskongres-voorstel reageer, het hy dié breinkind van Du Plessis geen kans op lewe gegun nie, omdat so 'n kongres voorafgegaan behoort te word deur rype beraad, omdat die afgevaardigdes van die FAK — die FAK-kongres en die volkskongres is vir dieselfde datum en plek geskeduleer om sake te vergemaklik — vir 'n ander doel na hul kongres gestuur word, omdat die afgevaardigdes van die OB deur een persoon aangewys sou word en daarom nie volksverkose sou wees nie, en omdat dit 'n politieke kongres sou wees waarby sekere organisasies geen belang het nie. Malan het gemeen dat, aangesien daar nie 'n voorafopgestelde konsepplan was nie, so 'n kongres alleen maar op 'n "Babel van verwarring" (sic) kon uitloop, en die kongres kon ook nie 'n nuwe entiteit skep wat die reeds verkreë eenheidsfront kon vervang nie.<sup>123</sup>

Onder normale omstandighede sou dr. Malan se argumentasie heelwat meer meriete gehad het, maar in die krisissituasie sou 'n positiewer reaksie van sy kant moontlik ook positiewe gevolge kon hê. Sou hy slegs beswaar hê oor die kort kennisgewing en die kongres op 'n geskikter latere datum wou aanvra, sou hy sy bona fides ten opsigte van Afrikanereenheid bewys het. Sy standpunt dat sekere van die volksorganisasies geen belang by die twis het nie, is in die lig van die Uniale Kongres van die HNP in Junie 1941 ongegrond. Malan se verwysing na die reeds verkreë eenheidsfront is eweneens ongegrond, omdat so 'n front sedert 12 September nie meer bestaan het nie.

Die Ossewa-Brandwag was in die ongemaklike en ongunstige posisie dat hy oor geen persfasiliteit beskik het nie, en die propagandaskaal sterk in die guns van die HNP gestaan het. Die gerug dat die OB getrag het om *Die Vaderland* in te palm, was sekerlik meer as net 'n gerug.

Asof daar geen eksterne druk op die nasionaalgesinde Afrikanerdom was nie, het OB- en HNP-leiers mekaar met mag en mening gepak. Op

Upington het dr. Malan veral die Nasionaal-Sosialisme wat Van Rensburg aanhang as rede vir die stryd gesien, want Van Rensburg wou 'n einde aan partye maak en 'n eenpartystaat instel, waarvolgens (na Malan se mening) verskil van die party as 'n misdaad strafbaar sou wees.<sup>124</sup> Sewe dae later verklaar hy op Elliot dat daar nie meer onderhandelinge tussen hom en Van Rensburg gevoer word om die geskille op te los nie, maar gelyktydig met dié berig is oor Malan, Van Rensburg, prof. Du Plessis en dr. Meyer se samesprekings van die vorige dag (21 September) op Aliwal-Noord gerapporteer.<sup>125</sup> Laasgenoemde berig rym egter nie met dr. Malan se Elliot-aankondiging nie, omdat hy die een ding sê en die ander ding doen.<sup>126</sup>

Dr. Verwoerd se houding oor die samesprekings op Aliwal-Noord word sprekend geïllustreer deur *Die Transvaler* se totale ignorering daarvan.<sup>127</sup> Manne soos Strijdom, Verwoerd, Swart en Eric Louw het nie genoeg geneem met dr. Malan se hantering van die aangeleentheid nie, soos gestaaf word deur Verwoerd se raad aan hom om die OB te ignoreer; dat Louw hom ontmoedig het om met die OB te skakel, en dat hulle die OB heftig aangeval het. Dit kan een van die verklarings wees waarom dr. Malan na afloop van die samesprekings voortgegaan het om, ten spyte van die goeie gees waaroor prof. Du Plessis gerapporteer het, dr. Van Rensburg in die openbaar aan te val. Op Oudtshoorn het Malan die OB dit erg verkwalik dat hy voornemens was om sy eie koerant as teenvoeter vir die HNP-koerante te stig, en die plaaslike OB-hoofkommandant, P.K. le Roux, het die OB-leiers gevra om te bedank sodat eenheid verkry kon word, aangesien dié leiers so reg in die hande van genl. Smuts speel.

Aan die einde van September het sake vir Afrikanereenheid steeds versleg, en die FAK en RDB het aangekondig dat hulle finaal uit die AEK tree. Dr. Van Rensburg het die twee volksorganisasies gelyk gegee in hul besluit, maar het verklaar dat die OB steeds by die Komitee staan.<sup>128</sup> Van Rensburg se krampagtige vaskleef aan die AEK is waarskynlik bedoel om die OB se erns met die eenheidstrewte te beklemtoon, maar feit is dat dit gelyk gestaan het aan 'n lewende wat sy bestaan en sy lewe deur die dooie probeer verseker en regverdig. Die KG wou die OB se onskuld bewys, en die HNP wou graag die teendeel doen.

Dr. Malan was daarop bedag dat die OB sou poog om sy kiesafdeling, Porterville, van hom te vervreem<sup>129</sup> as teenvoeter vir die HNP se groot-skaalse aanslag op die OB, deur gebruikmaking van ds. Kotzé. Laasgenoemde was besig om 'n aantal OB-offisiere en oud-offisiere vir 'n

konferensie in Bloemfontein, geskeduleer vir 1 Oktober, byeen te bring. Twee offisiere uit elke provinsie sou dr. Malan volgens plan bystaan om die HNP te reorganiseer. Daarvoor sou dit nodig wees om diesulke offisiere te versoek om uit die OB te bedank en trou aan die HNP te beloof. *Die Transvaler* het selfs 'n tikkie gemaakte emosie aan die plan gekoppel, want dié offisiere moes kans sien "om met droefheid afskeid van die Ossewa-Brandweg te neem".<sup>130</sup> Hierdie aanslag op die gevoel en gewete van die Afrikanerdom was deursigtig.

Met swak joernalistiek het *Die Transvaler* gepoog om die OB en die Afrikanerparty uit mekaar te hou deur vir die soveelste keer na Conroy se uitlating oor die lagwekkendheid van die OB te verwys, en die aanwending van sinsnedes soos "voordoën as o, so besorg oor" en ook "op 'n soetsappige wyse" sou vir hom hopelik die gewenste effek hê. Dieselfde koerant het met die OB se kalwers geploeg deur ds. Kotzé se vergaderings prominent te adverteer as dié van die "gewese Voorzitter Grootraad O.B."<sup>131</sup>

Malan het die mening gehuldig dat die OB vir alle praktiese doeleindes in 'n politieke organisasie omskep is. Hy het die OB aan die AP gekoppel en sy metodes gelyk gestel aan dié van genl. Smuts. In 'n propagandistiese laaste gedagte het dr. Malan gemeen dat die HNP aan die Afrikanereenheidsfront getrou wou wees en daarom beveg is.<sup>132</sup> Malan en die HNP het hulle ewe min of ewe veel by die eenheidsfront probeer hou as dr. Van Rensburg en die OB — tog was almal begaan oor Afrikanereenheid en wou elkeen dié magsbasis inpalm.

Prof. Du Plessis se kansse op sukses met 'n volkskongres het verder verswak toe hy 'n paar dae later verklaar dat die OB baie gou die harte van die volk verower het. Hy het gewys op die tekortkominge in die pers oor die eenheidsvoorstelle wat tydens die Uniale Kongres aangeneem is, en verskillende probleemsituasies soos byvoorbeeld die HNP se reorganisasieplan aangedui. Dr. Malan se terloopse beswaar aan die einde van die vergadering teen Omsendbrief 1/41 is ook bygehaal, met Van Rensburg se erkenning dat daar té veel besonderhede in die stuk gegee is en dat hy dit in die openbaar sou regstel. Van Rensburg is deur Du Plessis gekritiseer as sou hy ontakvol opgetree het en dat openlike uitbarstings daarop gevolg het. Nòg Malan nòg Van Rensburg is van die geskil totaal vry te spreek, maar hierdie verklaring van Du Plessis het Malan en die HNP as die skuldigste uitgewys.<sup>133</sup>

*Die Transvaler* het 'n verklaring van ds. W.J. de Klerk gebruik as antwoord op prof. Du Plessis se verslagverklaring. De Klerk het die verslag as teleurstellend beskou, en die professor heel tereg daaraan herinner dat die HNP bygedra het tot die getalsterkte van die OB deur ondersteuning en aanmoediging. Hy het dr. Malan se volksleierskap verdedig en gesinspeel op die diktatoriale strewe van die OB teenoor die demokratiese aard van die Party. Hy het prof. Du Plessis van partydigheid vir die OB beskuldig.<sup>134</sup> Gedagtig aan dié magte wat Malan by die Uniale Kongres ontvang het, is die demokratiese aard van die HNP onder verdenking.

Du Plessis se verslag was water op die meul van die OB, en vir die HNP 'n steen des aanstoots. Die OB het op sy eersvolgende offisierslaertrek dankbaar kennis geneem van die "gunstige lig wat die verklaring werp op alle O.B.-bedrywighede".<sup>135</sup> Hierin was die OB ook weer té optimisties, aangesien prof. Du Plessis beslis nie alle bedrywighede van die beweging gesanksioneer het nie.

Binne die OB self was daar blykbaar fyngewoeligheid oor die beskuldiging van Nasionaal-Sosialisme wat hom gedurigdeur toegeslinger is, en om dié rede het offisiere by die OB-laertrek aan die KG gevra of hy 'n Nasionaal-Sosialis is. Dr. Van Rensburg het die vraag ontwykend benader deur daarop te wys dat hy nooit in die openbaar so iets erken het nie en dat daar in ieder geval van persoon tot persoon verskil word oor die interpretasie van dié begrip. Hy het die versekering gegee dat hy nie van plan is om van enige Afrikaner 'n Duitser te maak nie. Op 'n vraag oor beweerde staatsgrypplanne het Van Rensburg geantwoord dat dit onverantwoordelike uitlatings is en dat persone wat sulke dinge propageer, uit die OB geskors behoort te word. Daar is egter teruggekeer na die onderwerp Nasionaal-Sosialisme, en die KG het hom onomwonde op die standpunt van 'n Christelik-Nasionale republiek gestel. Hy het gesê dat hy daarby staan of val, en daaraan toegevoeg dat hy Omsendbriewe 1/41 en 2/41 van harte onderskryf. Toe aan hom gevra is hoe hy sy Nasionaal-Sosialistiese ideologie rym met die omsendbriewe, het hy weer eens nie reguit geantwoord nie, maar daarop gewys dat dié omsendbriewe, asook die konsep-grondwet, deur talle beskou word as Nasionaal-Sosialisme.<sup>136</sup>

Nasionaal-Sosialisme was 'n handige slaanstok waarmee die HNP-leiers die OB en veral sy leier bygekom het, maar dié ideologie soos vergestalt in Duitsland het tog vir baie mense in die twintigste eeu 'n groot beko-

ring ingehou. Die nuwe orde-gees was nie alleen oor Europa vaardig nie, maar ook in Suid-Afrika. Benewens die sigbare gestaltes wat die nuwe orde in Suid-Afrika aangeneem het in die Nuwe Orde van Pirow, die Gryshemde van Weichardt, die OB en soortgelyke organisasies, het die nuwe orde-gees selfs ook die HNP beetgepak. Dit het inderwaarheid die Afrikanerdom in sy geheel beïnvloed, en dit moet verklaar word teen die agtergrond van die Afrikanerdom se nasionalistiese neiging binne die Britse imperiale raamwerk. In sy bevrydingstrewes het die Afrikaner te staan gekom voor die vir-sommige-aanloklike Nasionaal-Sosialisme, maar dan soos getemper deur die Christelik-Nasionale beskouing van die Calvinisme. Daarom dat Stoker en Du Plessis die relatiewe aanhang van dié ideologie deur Afrikaners as skyn- of kwasi-nasionaal-sosialisme gesien het.<sup>137</sup>

In die HNP-woordeskat was "volksleier", "volksfront", "volkseenheid" nie onbekend nie. Alles wentel om "volk" en die volk staan sentraal en word verabsoluteer, soos in die Duitse "Völkisch"-idee. Terselfdertyd het die HNP daarop aanspraak gemaak dat hy die "enigste" party is wat die Afrikanerdom verteenwoordig, wat impliseer dat volk en party een identiteit kry. In aansluiting daarby het die Party daarop aanspraak gemaak dat hy volksomvattend wou wees, omdat Malan partyleier sowel as volksleier geword het, en omdat hy self verklaar het dat die HNP nie maar 'n gewone partypolitieke party is nie, maar veel meer geword het as dit. By die Uniale Kongres het Malan op die koop toe magte ontvang wat gelyk gestaan het aan enige meerdere vergadering of kongres van die party, wat 'n sterk geur van diktatuur en die Führer-idee gedra het.<sup>138</sup> Dat die HNP van dr. Malan dus 'n goeie klap van Nasionaal-Sosialisme weg gehad het, is geen vergissing nie. Sy aansprake, strewes en sy planne toon sterk Nasionaal-Sosialistiese neigings en karaktertrekke, maar in sy propaganda is die OB (en veral sy leier) van Nasionaal-Sosialisme beskuldig. Die Afrikanerdom het onder groot eksterne druk gesmag na die groot leier wat in die bevrydingstryd voor sal loop — dit geld die OB sowel as die HNP!

Calvinistiese invloed het egter nie die verabsoluttering van die volksgedagte by die Afrikaner suksesvol getemper nie, en dit kan toegeskryf word aan die byna obsessionele selfbevrydingstrewes as een van die groot kragte in die Afrikanervolkslewe van die twintigste eeu. In die Suid-Afrikaanse heterogene bevolkingsamestelling, met horisontale stratifikasie van blanke etnisiteit en daarby 'n vertikale gelaagdheid van ras en selfs klas, was verabsoluttering van die begrip *volk* dus enig-

sins onrealisties en onprakties, maar begryplik onder die omstandighede.

Die stryd tussen die OB en die HNP is meer as dikwels veral deur die HNP oor die ideologiese boeg gegooi, maar in wese was dit 'n magstryd. Die HNP was veral bevrees dat die OB sy leidende rol in die Afrikaner se politiek kon oorneem, en daarom is beweer dat die OB onder Van Rensburg se leiding in 'n politieke party ontwikkel het.<sup>139</sup> Aan die ander kant het die OB dit ontken en daarby volstrek geweier om agterryer van die HNP te word.<sup>140</sup> En die een het die ander daarvan aangekla dat hy die oorsaak van die skeuring is. Die stryd het selfs 'n persoonlike kleur begin kry toe Van Rensburg en Verwoerd mekaar gepak het, en adv. Swart op Excelsior beweer het dat Van Rensburg en Pirow van plan was om met genl. Smuts saam te werk.<sup>141</sup>

Nieteenstaande die bittere stryd wat ontbrand het, het dr. Malan steeds as die meer gematigde voorgekom, soos blyk uit sy Nasionale Komitee-voorstel. Hy het nietemin 'n laaste wanhopige poging van prof. L.J. du Plessis en andere om die AEK nog 'n kans te gee, geboikot. Vir die AEK het Malan geen toekoms gesien nie.<sup>142</sup>

Nieteenstaande dr. Malan se vroeëre aankondiging dat alle onderhandelinge met die OB gestaak is, het hy op 18 Oktober die inisiatief geneem met die voorstel van 'n Nasionale Komitee. Volgens dié voorstel sou die Komitee met 'n volksvergadering opgevolg word.

Malan se idee was dat vyftien tot twintig persone op grond van hul bekwaamheid en kundigheid, en nie noodwendig vanweë hul leierskap van die een of ander organisasie nie, op die voorgestelde komitee sou dien as eerste lede van 'n republikeinse regering. Hierdie komitee sou dan die kern van 'n nuwe regering vorm en moes die besluite van die Uniale Kongres van die HNP ten uitvoer bring. By beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog moes die komitee beleid bepaal en sy wil laat geld by die vredesluiting. Deur die beoogde volksvergadering sou die keuse vir of teen 'n republiek gestel word, en indien 'n positiewe uitslag verkry word, moes dieselfde volksvergadering ook die aard van die republiek bepaal en dienooreenkomstig 'n mandaat aan die nuwe regering gee.

Met dié voorstel het Malan gemeen om die probleem van skeuring die hoof te bied, en het verklaar dat sodra die voorstel deur beide HNP en

OB aanvaar is, die geskille tussen die twee organisasies as iets van die verlede beskou sou word, en vriendskaplike betrekkinge hervat kon word.<sup>143</sup> Malan wou nou eensydig 'n pennestreek deur die voorafgaande maande se wantroue, opsweping en propaganda trek. Dit kon 'n politieke slenter wees, want wat het dan van die heftige anti-Nazistryd geword, of wou hy bloot die inisiatief behou?

Uit verdere toeligting van sy voorstel het dr. Malan 'n paar dinge duidelik gemaak: (1) dat hy bereid was om met die OB te onderhandel; (2) dat die OB besig was om in 'n politieke party te ontwikkel, en dat hy vir 'n volksramp gevrees het; (3) dat hy nog lank nie vrede met die Nuwe Orde van Pirow gemaak het nie; (4) dat die Nasionale Komitee-voorstel gekoppel word aan 'n skielike beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog.<sup>144</sup> 'n Moontlike Duitse oorwinning het waarskynlik vir dr. Malan nou nie so moontlik gelyk nie, en dit moes beslis 'n invloed op dié inisiatief van hom gehad het.

Dr. Malan se voorstel sou gewis vir die verdwaasde Afrikanerdom 'n sprankie hoop op eenheid bring. Daar was egter ook onmiddellike kwelvrae, soos op watter basis die komitee saamgestel sou word; of die OB betrek sou word; wat sou gebeur indien die voorstel nie realiseer nie, ens. Wenke is aan die hand gedoen dat die volksorganisasies hul leiers vir sitting op so 'n komitee self moes aanwys, want sou die komitee uit slegs politici bestaan, was dit by voorbaat gedoem tot mislukking. Alternatiewelik kon die volk self die leiers aanwys, maar dit is as onprakties uitgewys.<sup>145</sup>

Die OB se reaksie op die Nasionale Komitee-voorstel was die vraag waarom daar dan sedert die mislukking van die AEK so 'n hewige stryd tussen die OB en die HNP gewoed het. Dr. van Rensburg het tot die logiese gevolgtrekking gekom dat dr. Malan se voorstel met goeie bedoelings gemaak is, maar dat sy "trawante" soos Eric Louw, F.C. Erasmus, C.R. Swart, J.G. Strijdom en andere, wat sy pogings tot eenheid tot dusver gekortwiek het, die plan sou dwarsboom omdat hulle die OB wou uitsluit.<sup>146</sup>

Op Krugersdorp het adv. J.G. Strijdom 'n aanval teen dr. Van Rensburg geloods oor sy "minagtende antwoord" op die voorstel van dr. Malan. Uit Strijdom se toespraak blyk dit dat die HNP 'n plan in die mou gevoer het om die OB as 'n militêre front van die HNP te gebruik, en het dit gemotiveer met die analoog van 'n regering wat in sy leër en polisie-

mag oor 'n aksiefront beskik. Die OB moes vir die HNP hierdie rol vervul.<sup>147</sup> Dit blyk dus dat Malan se voorstel met meer as net die sigbare gelaai was. Onnodig om te sê dat die Nasionale Komitee-voorstel by voorbaat tot mislukking gedoem was, want die OB was ten enemale nie daarvoor te vinde om 'n front van die HNP te word nie.

Die Afrikaner-Broederbond het inmiddels nader gestaan om sy bydrae tot moontlike eenheid te lewer en het uit die geledere van sy eie Uitvoerende Raad (UR) 'n komitee aangewys wat, onder leiding van dr. N. Diederichs, samesprekings tussen dr. Malan en dr. Van Rensburg sou reël.<sup>148</sup>

Tydens die samesprekings wat op 21 November gevoer is, het dr. Malan in gesprek met dr. Van Rensburg en die UR-komitee uitgebrei op sy voorstelle van 18 Oktober en aangedui hoedanig die beoogde republiek nie moes wees nie. Op dieselfde samespreking is die sogenaamde Totius-voorstelle (wat nie deur Totius self nie maar deur Johannesburgse "vriende" opgestel en aan hom vir ondertekening voorgelê is) bespreek. Daarvolgens sou 'n volksraad en 'n volksleier aangewys word, sou die HNP-leier die hoofleier van die volksorganisasies word, sou die HNP vir homself dus 'n nuwe leier moes kies wat saam met die ander volksorganisasielers onder dr. Malan sou dien, en sou elke volksorganisasie sy selfstandigheid behou. Die Beleidsraad, soos hierdie korps met Malan aan die spits daarvan genoem sou word, moes ook die pers kontroleer. Hierdie voorstelle is reeds aan die OB voorgelê, en hy het dit aanvaar, maar op die samesprekings van 21 November is die Totius-voorstelle nie aanvaar nie.<sup>149</sup>

Alhoewel dr. Malan en dr. Van Rensburg op 21 November 1941 deur die AB se UR-bemiddeling met 'n goeie verstandhouding uiteen is, was alles nie pluis nie. Drie dae later het Malan in 'n brief aan Van Rensburg gepraat van "toe u saam met ander vriende my kom sien het", en daarmee die samestelling van die UR-komitee by implikasie ontken.<sup>150</sup> In die relaas van die samespreking wat prof. J.C. van Rooy aan ds. Stander verskaf het, het hy Malan gerepudieer oor sy ontkenning dat dit 'n UR-komitee was wat as bemiddelaar opgetree het.<sup>151</sup>

In die Malan-brief van 24 November is die oorspronklike voorstelle van 21 November gewysig, waarvan die belangrikste toevoeging is dat vir die toekomstige republiek die propagering van enige vreemde staat-

stelsel "gestaak en ontmoedig" moet word. Malan het Van Rensburg vriendelik uitgenooi om van meet af aan hom persoonlik by te staan met die samestelling en uitbouing van die komitee, waarvan Van Rensburg self ook lid sou wees. Ná ontvangs van 'n gunstige antwoord van die OB-dagbestuur, sou dadelik aan die werk gespring word en sou die modus operandi met dr. Van Rensburg bespreek word. Inmiddels sou Malan alle moontlike stappe neem "om van Partyweë die stryd te staak totdat die beslissing sal geval het".<sup>152</sup>

Die bal was nou onteenseglik in die hande van Van Rensburg en die OB-dagbestuur, en baie sou afhang van wat hulle daarvan maak. In sy antwoord het die OB dr. Malan daarop gewys dat die voorstelle soos in sy brief vervat, verskil van dié van 21 November se samesprekings: die OB was nie gedienstig met die kabinetsbeginsel van Malan nie; hy wou ook nie met slegs die HNP in verhouding tree nie en wou weet watter organisasies almal deur Malan betrek gaan word; die OB was nie tevrede met die verwysing na Nazi-Duitsland nie omdat die Afrikaner nie vir hom vyande moet maak nie; die OB was ewe min gedienstig met die verwysing na rewolusionêre bedrywighede, want dit kon alleen maar dien as slaanstok in die hande van die Smuts-bewind.<sup>153</sup>

Konfidensiële kopieë van die oorspronklike Malan-voorstelle en die brief van 24 November is deur die OB aan sy generaals verskaf. In begeleidende kommentaar is aan die generaals gewys op die verskille tussen die oorspronklike stuk en latere wysigings van dr. Malan.<sup>154</sup> Die OB was besig om sy generaals se reaksie te toets.

Uit die antwoord van dr. Malan op Van Rensburg se skrywe het dit gou reeds duidelik geword dat die Nasionale Komitee, soos al die vorige eenheidspogings, doodgebore was. Malan het die OB geantwoord dat die HNP die enigste politieke organisasie sou wees, en voorts dat geen organisasie as sodanig op die Nasionale Komitee verteenwoordig sou word nie. Wat die kabinetsbeginsel betref, skryf Malan só: "een persoon wat die verantwoordelikheid teenoor die land dra, benoem die lede van sy kabinet, wat op hul beurt weer verantwoordelik is aan hom".<sup>155</sup>

Malan se antwoord kon vertolk word as sou die moontlikheid bestaan dat slegs politici die komitee kon beman, maar belangriker nog is die feit dat die gees van die Totius-voorstelle waarvolgens die volksorganisasies verteenwoordig sou wees, geïgnoreer is, en dat die Komitee in werklikheid hopeloos eensydig saamgestel kon word. Malan het aan die HNP

sy bydrae tot die ledetal van die Komitee erken, maar nie dieselfde vir die OB of ander organisasies voorsien nie.<sup>156</sup>

Deur 'n slim set het dr. Malan die OB daartoe gedryf om die voorstelle en die korrespondensie van albei groepe aan die pers te oorhandig. Hy skryf aan mnr. D.J. Potgieter dat dit hom in staat stel om ook sy wederantwoord direk in die pers te stel.<sup>157</sup> Malan het naamlik vroeg in die nuwe jaar per brief aan dr. Van Rensburg geskryf dat die OB se weiering om die voorstelle te aanvaar, verkeerdelik gegrond is op die gedagte dat die samesprekings van 21 November slegs informeel, persoonlik en nie oorwegend van aard is nie. Hy meen dat die Grootraad en die KG hulself reeds op die samesprekinge van 21 November "gekompromitteer" het, maar dat die OB nie sy voorstelle moes vertolk as 'n ultimatum wat of heelhuids aangeneem, of totaal verwerp moes word nie.<sup>158</sup>

Dr. Malan en die pers het met die Nasionale Komiteevorstel en die publikasie daarvan opsetlik en moedswillig die aangeleentheid so aangebied dat dit die indruk moes wek dat die HNP en sy leier werklik vrede en eenheid verlang, hulle daarvoor beywer en selfverloëning toegepas het, maar dat die OB die een is wat dwarstrek. In *Die Transvaler* is die oorspronklike stuk van 21 November heel laaste van die reeks dokumente geplaas, en belangrik, sonder datering. Die latere gewysigde voorstelle is eerste geplaas, sodat die leser wat onbewus was van die ware toedrag, die saak beslis in die guns van die HNP moes insien.<sup>159</sup>

Waarskynlik het dr. Malan voor druk van sy eie voormanne geswig, want in Desember skryf adv. Eric Louw aan hom dat die OB nie te vertrou is nie, en dat die onderhandelinge rondom die Nasionale Komiteevorstel slegs die kortwiek van die HNP self sou meebring. Op grond van die wending wat die Tweede Wêreldoorlog ten gunste van die Geallieerdes geneem het, het Louw voorspel dat die oorlog waarskynlik nog lank kon duur, en dat die OB in so 'n geval hoe langer hoe meer uitgebak sal raak.<sup>160</sup> Hierin was Louw grotendeels reg.

Ten spyte van die goeie bedoelings en al die pogings om met voorstelle vorendag te kom, soos ook die voorstelle van 'n aantal Pretoriase dosente aan dr. Malan,<sup>161</sup> sou die Nasionale Komiteevorstel geen hoop op sukses met eenheid hê nie. Die OB wou ten minste gelyke (proporsionele) verteenwoordiging vir die volksorganisasies hê.<sup>162</sup> Malan het in sy skrywe van 7 Januarie 1942 die skuld op die OB gepak vir die beëindiging van die onderhandeling,<sup>163</sup> maar dit is te betwyfel

of hy dit uiteindelik baie eerlik met sy Nasionale Komitee-vorstelle bedoel het.

Om 'n uitspraak te gee oor skuldig en onskuldig was moeilik, maar prof. Joon van Rooy van Potchefstroom, wat deurentyd 'n neutrale stand teenoor die OB-HNP-krisis ingeneem het, het aan dr. Malan geskryf dat hy geensins oortuig is dat dr. Van Rensburg alleen vir die mislukking van die Nasionale Komiteevorstel te blameer is nie. As dit nie kop is nie, moet dit stert wees. Dit kom daarop neer dat vanuit die AB-oogpunt die skuld aan Malan se kant swaarder geweeg het. Maar volgens Van Rooy was die AB nie van plan om hom tot kantkiesery te laat forseer nie, omdat dit die ondergang van die Broederbond sou beteken.<sup>164</sup>

Vir P. Hamersma van De Aar was dit 'n tipiese voorbeeld van die ou-ou verskynsel by die Afrikanerdom, en hy kla dat die Afrikanerdom blykbaar nie die resep het om 'n einde te maak aan die kwaal van verdeeldheid nie.<sup>165</sup> Dr. Piet Meyer was van mening dat Afrikanerverdeeldheid toe te skryf is aan wie wat van buite ingedryf word: "Afrikaners roep mekaar toe oor die heinings, die skeidsmure; verraaiers, afgedwaaldes, slegte Afrikaners! Afrikaners klop mekaar in hul verskillende kampe op die skouer met die woorde: Ware Afrikaner! "... en dan roep hy in sy ontsteltenis uit: "Wat 'n heerlike triomf vir die liberalisme!"<sup>166</sup>

Aan die einde van 1941 en begin 1942 was die Afrikanerdom finaal en behoorlik verdeeld. As dit van die gewone Afrikaner afgehang het, sou dit moontlik nie die geval gewees het nie, want hulle het eenheid vuriglik begeer. Die stryd tussen die leiers was die werklike probleem. Dit was 'n stryd om mag waarin punte van verskil beklemtoon is, eerder as redes vir blywende vrede en eenheid, en die resultaat was dat die Afrikaner homself polities gedemobiliseer het.

### 2.3 In 'n politieke Armageddon

Die nuwe jaar is tegemoet gegaan met politieke mobilisering deur sowel die OB as die HNP. Hulle het wapens skerp gemaak vir die intra-etniese stryd wat rondom die jaarwisseling na 'n kort tydperk van wapenstilstand reeds weer momentum begin opbou het. Met die intensiteit van die politieke stryd waarin elke moontlike en onmoontlike wapen ingespan is om die ander te vernietig, het die geveg van die leiers stadig maar seker na die Afrikanervolk deurgewerk. Volledige skeuring in Afrikanergeledere was onafwendbaar en moes noodwendig daartoe lei dat of

die HNP òf die OB as die algehele wenner uit die stryd sou tree. Die effek van dié Afrikaner-binnegeveg vir die Smuts-bewind was dat die Opposisie-aandag in 'n groot mate van hom afgewend is en dat die Regering met groter gemak sy oorlogspoging kon voortsit.

Deur homself met die skeuring polities te demobiliseer het die Afrikanerdom aan krag ingeboet, en was hy dus in politieke sin kontra-produktief. Die resultaat van die skeuring in Afrikanergeleedere kan beskou word as redelik positief vir die Smuts-bewind en die Britte en hul bondgenote. In sy oorgretige en obsessionele drang na selfhandhawing, selfverwesening en vryheid het die Afrikanerdom homself polities ten gronde gewerp, en alhoewel van die leiers voorgegee het dat die skeuring van buite bewerkstellig is, kan die eie verantwoordelikheid nie goedsmoeds omseil word nie. Dit blyk uit die voorgaande hoofstuk dat die Afrikanerdom, ten spyte van eksterne druk, nie polities kon konsolideer nie. Indien genl. Smuts en sy aanhang wel 'n bydrae tot die Afrikanerskeuring gelewer het, was dit waarskynlik in die vorm van té min druk op die Afrikanerdom. Indien die eksterne druk op die Afrikanerdom groot genoeg was, sou hy kwalik tyd of die lus gehad het om 'n onderlinge geveg op tou te sit.

Aan OB-kant het sy koerantjie, *Die OB*, wat pas begin verskyn het, die versekering gegee dat die OB nie dr. Malan se voorstelle verwerp het nie, maar dat hy slegs alternatiewe gestel het. Die OB het die HNP steeds as die leidende politieke party van die Afrikanerdom erken en ook bevestig dat die HNP naas die OB dié republikeinse beweging is.

Die OB het ook nie belang gestel in 'n vreemde staatstelsel vir Suid-Afrika nie; hy het nie getrag om 'n vreemde staatstelsel buite Suid-Afrika teen te staan nie, maar slegs dié stelsel wat in Suid-Afrika bestaan.<sup>167</sup> Die propagandastryd het vroeg in 1942 momentum begin opbou. In die HNP-strydblad, *Die Kruithoring*, is in vet letters voet by stuk gehou dat die OB die Nasionale Komitee verwerp het, en dat die wagtende volk diep teleurgestel is.<sup>168</sup>

Adv. Strijdom het volhard met die gedagte dat ten spyte van die chaos in Afrikanergeleedere (met die OB eenkant en die Afrikanerparty op sy eie) alleen die HNP onder omstandighede die republiek sou bring.<sup>169</sup> Daar is ewenwel dadelik aan die werk gespring om die HNP te reorganiseer sodat hy spierkrag kon vertoon, en dr. Malan het met sy plan gehink op die gedagte om die Party aanskouliker te maak deur groot-

ser en besielender byeenkomste en funksies aan te bied.<sup>170</sup>

By kritiese ondersoek blyk dit dat die reorganisasie- of strydplan van die HNP geskep is as teenvoeter vir die OB. Kort saamgevat behels dit planindeling in strydspanne (ook by die kinders), en die werksaamhede of aktiwiteite sou bestaan uit: erewagte, propaganda, funksies, vermaaklikheid, en volksdiens. Die vermaaklikheid is onderverdeel in uitstapies, kampe, liggaamsoefening, volkspele, volksang, konserte, opvoerings, orkeste, kore, jukskei en sport, terwyl die volksdiens sou insluit: volksgesondheid, volksvoeding, noodhulp en tuisverpleging. Wat die dissipline betref moes spanleiers alle opdragte van bo uitvoer.<sup>171</sup> In wese was hierdie strydplan 'n uitdaging aan die OB, en tegelyk het dit 'n sterk Nasionaal-Sosialistiese karakter vertoon, soos blyk uit sy programme vir vermaak, volksdiens en dissipline — die Party sou meer word as 'n gewone party! Met dié plan het die HNP getrag om volksomvattend te word en om met sy eie aksies die OB as aksiefront van die Afrikanerdom te elimineer.

Daarteenoor het dr. Van Rensburg op 10 Januarie 1942 in Bellville die ware Afrikanereenheid binne die OB gesien, en gewys op die tragiek in die "beroepspolitici" se skielike offensief teen die OB: "'n Offensief van afguns, van misleiding en van laster. Laster en skinder was die hoofwapens; byna die enigste wapens". Hy het onder andere genoem dat daar 'n verhaal die rondte gedoen het dat hy 'n vuurwapen op dr. Malan sou gerig het, en dit gelaak dat dieselfde mense wat bereid was om hom in die Nasionale Komitee te verwelkom, vir die soort verhale verantwoordelik was.<sup>172</sup>

Nie net die OB en HNP se weë het geskei nie, maar ook dié van die HNP en die Nuwe Orde (NO). Pirow en sy gevolg van 17 LV's het die HNP op 14 Januarie verlaat om voortaan as selfstandige parlementêre groep op te tree met behoud van hul HNP-lidmaatskap.<sup>173</sup> Dr. Malan het dié stap as 'n afskeidingsbeweging en stigting van 'n nuwe party vertolk en die saak is na die provinsiale hoofbesture verwys om in oorleg met die Volksleier die nodige stappe te neem.<sup>174</sup> Daar is waarskynlik allerweë verwag dat die Nuwe Orde van Pirow op die een of ander stadium sy goedjies sou pak en vertrek, en hy het blykbaar die tyd nou ryp geag om die sprong te waag.

Met dié stap het Pirow moontlik gemeen om direk in die arms van die

OB te spring, want in *Die Vaderland* het 'n berig verskyn waarin aangekondig is dat die NO voortaan die parlementêre mondstuk van die OB sou wees.<sup>175</sup> Dr. Van Rensburg se verklarings in 1941 dat die OB 'n Afrikaner nie uitvra na sy partypolitieke verbintenis nie, solank hy net as OB-lid 'n republiek nastreef, moes vir Pirow en sy NO 'n moontlike heenkome gebied het. Dat die skeuring tussen die OB en die HNP 'n voldonge feit geword het, veral nadat adv. Eric Louw einde Oktober 1941 'n aanval teen die NO geloods het,<sup>176</sup> het die NO waarskynlik goed gepas.

'n Nuwe bedreiging, wat deur dr. Verwoerd in 'n hoofartikel van sy koerant beskryf is as die lankal-voorspelde "nasionaal-sosialistiese Hertzog-Pirow-Van Rensburg-kombinasie", het vir die HNP voor die deur gestaan. Hy skryf in die artikel dat Pirow en sy Nuwe Orde reeds geruime tyd besig is om dr. Malan uit te tart met die hoop dat die HNP hulle sou uitstoot. Verwoerd bestempel Pirow se verklaring, as sou hulle alles probeer het om die eenheid te behou, as "vermetelheid".<sup>177</sup>

Benewens die Nuwe Orde-krisis het die HNP verneem van die Grootraadsbesluit dat hy hom distansieer van die HNP se interpretasie van die gebeure rondom die Nasionale Komitee-voorstel en dat OB-lede opdrag kry om in 'n verkiesing vir daardie kandidate wat nie die OB beveg nie, te stem.<sup>178</sup>

Met sy toespraak in die Paarl op 14 November 1941 het dr. Malan die OB 'n gevoelige hou op 'n gevoelige plek toegedien toe hy vir anti-OB-propaganda hom teen die OB se "kring binne 'n kring" uitgespreek het.<sup>179</sup> Omdat min. A.M. Conroy dr. Malan bedank het vir die inligting aangaande die OB se binnekringe, het *Die O.B.* min. Lawrence uit die *Cape Times* gesitêr waar hy verklaar het dat sedert Leibbrandt se verskyning op die toneel bomontploffings en internerings toegeneem het, en dat dit ook gepaard gegaan het met die bekendmaking van die OB se binnekring.<sup>180</sup> Wat die OB waarskynlik opsetlik nie wou raaksien nie, is die feit dat Lawrence en genl. Smuts al in 1940 die OB laat verstaan het dat hulle bewus is van die ondergrondse bedrywighede van dié Beweging. Dit beteken dat min. Conroy se dankbaarheid teenoor Malan se onthullings toneelspele was, en dat dit sowel min. Conroy as min. Lawrence se taktiek was om die wig tussen die OB en die HNP nog dieper in te hamer.

Om watter ander rede sou min. Lawrence in die Senaat 'n beroep op

dr. Malan doen om, in die lig van sy Paarlse onthullende toespraak, die Regering se interneringsbeleid nou in 1942 te steun?<sup>181</sup> Dit is presies wat aan die OB geknaag het,<sup>182</sup> en dit sou vir doeleindes van anti-HNP-propaganda aangewend word.

Met die inhegtenisneming van meer as 300 polisiemanne en ongeveer 70 spoorwegamptenare was die Minister van Justisie (Colin Steyn) se tydsberekening goed, want dit het die verhoudinge tussen die OB en die HNP net verder versuur.<sup>183</sup>

Leibbrandt, bemaamde bokser en vurige Hitler-Nazi, se gevangeneeming op die vooraand van Kersfees 1941 het, om dit sag te stel, nie bygedra tot rus en vrede in Afrikanergeledere nie. Benewens Leibbrandt het die Johannes van der Walt-verklaring van 6 Januarie 1942<sup>184</sup> die kaarte nog verder deurmekaargekrap. Robey Leibbrandt het sedert die Olimpiese Spele van 1936 'n volslae Hitler-Nazi geword en in Duitsland gehelp met sportafrigting vir die Hitler-Jugend.<sup>185</sup> Hy het einde 1941 onder groot geheimhouding na die Unie teruggekeer om die bewind te kom oorneem. Hy het begin om SJ's te werf om 'n eie mag op te bou en sabotasie te pleeg.<sup>186</sup>

As gevolg van al die gebeure en verklarings het die Stormjaers (SJ's) in die politieke kollig beland, en sou hulle in toekomstige propaganda en teen-propaganda behoorlik gekasty word. Die Verenigde Party-pers het self nie stil gesit en toekyk hoe die vonke tussen die OB en die HNP spat nie, maar dit sy taak gemaak om die vuur aan te blaas. In die *Suiderstem* het dr. J.H. Looek van die VP deels teen Van Rensburg te velde getrek en gewonder wat gaan met dr. Van Rensburg en sy SJ's gebeur wanneer Hitler die oorlog verloor. Daarenteen het dr. Looek Van Rensburg geprys vir sy aanvalle teen die Malaniete: "... dan kan hy darem die grootste klomp onsin van die wêreld praat, behalwe wanneer hy die Malaniete uitskel". As 'n laaste stekie skryf Looek: "Dr. Van Rensburg is vandag deur omstandighede ons beste bondgenoot teen Dr. Malan en Keeromstraat".<sup>187</sup> Hierdie meesterlike stukkie verdeel-en-heers-taktiek is eenvoudig deursigtig, maar die HNP het dit gulsig aangegryp as propaganda teen die OB.<sup>188</sup>

Massa-arrestasies van SJ's aan die Rand en in die res van Transvaal het dr. Van Rensburg — hy was ook hoof van die OB-Noodhulpfonds

wat in 1941 gestig is — genoop om 'n oproep tot groter ondersteuning aan die OB se Noodhulpfonds te maak, omdat geld aangewend sou word om die vrouens en kinders van die politieke gevangenes en geïnterneerdes te versorg. Met die leuse “Een vir almal, almal vir elkeen” het Van Rensburg die fondsinsamelingsveldtog<sup>189</sup> met groot sukses aangepak.

Soos blyk uit dr. Malan se reorganisasieskema het die HNP self ook voorsiening gemaak vir volksvoeding en noodhulp, en oproepe tot fondsinsameling ten behoeve van die geïnterneerdes se gesinne gedoen.<sup>190</sup>

Die OB het dié noodlenigingsoproepe van die HNP met weersin bejeen, want hoe geveinsd is die HNP nie as hulle die een oomblik onthullings oor die SJ's maak en dan die volgende oomblik oor hulle gesinne bekommerd is. Die OB het sy Noodhulpfonds se bydraes gepubliseer,<sup>191</sup> en teen 12 Februarie het die OB se bydraes reeds op £1 400 (± R3 000) gekom, waarvan £1 200 toe reeds aan geïnterneerdes se gesinne uitbetaal is.<sup>192</sup>

Die HNP-voormanne het in Kaapstad 'n verklaring uitgereik waarin gewys is op die nutteloosheid van geweld soos deur die SJ's bedryf word.<sup>193</sup> Die OB het as gevolg van die Stormjaers die wind nou uit twee rigtings van voor gekry, en dr. Van Rensburg se erkenning dat hy die nominale hoof van die Stormjaers is, het die storm nie juis laat bedaar nie. Sy verklaring dat hy die SJ's (die aktivistiese element) juis in toom hou, het eerder verdere kritiek teen hom ontketen, sodat aangevoer is dat die OB daarop uit is om rebellie en geweld te stig.<sup>194</sup>

Dr. Van Rensburg se aanspraak dat hy as hoof van die SJ's die dissiplinerende en kanalisering van veral dié mees aktivistiese elemente van die Afrikanerdom ten doel gehad het, het heelwat om die lyf gehad. Die bomontploffings, telefoondraadknippy en periodieke dwarsboming van treinverkeer (veral van die treine wat troepe na die hawens moes vervoer) is volgens Van Rensburg se beleid só uitgevoer dat menselewens nie daardeur in gevaar gestel moes word nie. Die oogmerke met die sabotasiepogings was om in die eerste instansie die Regering se oorlogspoging so effektief moontlik te dwarsboom deur met die binnelandse onrus soveel moontlik manne in uniform besig te hou, en om deur selektiewe sabotering van die treinverkeer troepebewegings na die hawestede te belemmer.<sup>195</sup>

Maar die belangrikste van die Stormjaers is nog nie gesê nie, en uit die dokumentêre getuigenis blyk dat nóg die Minister van Justisie en sy kollegas nóg dr. Malan en sy party bewus was van die binnekring van die Stormjaers, genaamd die “Terreurgroep”. Hierdie klein groepie manne was die vervaardigers van tuisgemaakte handgranate en bomme wat oral versteek is. Sou dit nodig word om van geweld gebruik te maak, het die Terreurgroep oor minstens handgranate en bomme beskik. Hierdie groep was hoofsaaklik verantwoordelik vir die bomontploffings en brandstigting deur middel van tuisgemaakte brandbomme.<sup>196</sup>

'n Ander aktiwiteit van die Stormjaers was om groot rooftogte teen die Regeringsinstansies uit te voer. Daar is geredeneer dat die Regering die SJ's interneer, maar nie vir hulle gesinne sorg nie. Daarom word die Regering se geld gebuit om deur middel van die OB-Noodhulpfonds vir genoemde gesinne te sorg. In hul eie oë het die SJ's dus 'n soort Robin Hood-rol vertolk.<sup>197</sup>

Hoe goed en hoe positief hierdie aspek van die OB ook geskilder is, was baie mense (selfs binne die OB, en veral die Kaaplandse OB's onder leiding van “Sambok” Smith) sterk teen die SJ-aktiwisme gekant. Dit is dan ook geen wonder nie dat die SJ's voortaan gereeld opgehaal is in die intra- en intergroep konflikte.

Skaars ses maande nadat dr. Malan die vrystelling van die OB se gewraakte Omsendbrief 1/41 hand en tand beveg het — nie dat hy noodwendig met die inhoud fout gevind het nie — het hy op 12 Januarie in die parlement 'n mosie ingedien waarin hy die oprigting van 'n republiek vir Suid-Afrika beoog het.<sup>198</sup> Wat dr. Malan presies met dié mosie wou bereik, is nie duidelik nie. Daarom moet die historikus hom vir die verklaring van dié stap op hipoteses verlaat.

Eerstens kan gekyk word na wat Malan nie met die mosie sou bereik nie. Soos die verdeling in die Volksraad by die stemming oor die mosie bewys, het Malan geen vae hoop kon koester om sukses te behaal nie, en sy mosie is dan ook met 90 teenoor 48 stemme verwerp.<sup>199</sup> Indien die mosie wel met amendemente aangeneem sou gewees het, sou dit waarskynlik nie meer dieselfde inhoud en aard gehad het soos Malan dit aanvanklik bedoel het nie. Indien die Verenigde Party daarop gemen-deer en daarna die mosie gesteun het, kon dit maklik gebeur het dat 'n sogenaamde “Engelse republiek”, soos die Afrikanerparty agterna geredeneer het, opgerig kon word.<sup>200</sup>

Tweedens kan die waarskynlike rede(s) waarom Malan die mosie ingedien het, oordink word. Die waarskynlikste verklaring kan geleë wees in die moontlikheid dat dr. Malan hier demonstratief te werk gegaan het: hy wou na alle waarskynlikheid met die mosie demonstreer dat hy en sy party die kampvegters vir die begeerde republiek was. Indien hy van oordeel was dat hy daarmee vir hom en sy party steun kon verwerf, het hy sy tyd sleg gekies, omdat, met die ommeswaai van die Tweede Wêreldoorlog meer in die guns van die Geallieerdes, die publiek versigtiger sou wees om sy politieke loopgraaf te verlaat. 'n Ander moontlikheid is dat dr. Malan reeds die gewraakte Johannes van der Walt-verklaring ontvang het en sy strategie so beplan het dat hy eers sy eie republikeinse vaandel wapper en dan daarna die OB en sy leiers se beweerde verraad onthul. Alhoewel dokumentêre bewyse vir hierdie hipotese nog nie gevind is nie, kan geredeneer word dat só 'n strategie dr. Malan se hoop weerspieël om in die intra-groepstryd dadelik op die kruin van die golf te beland.

Die uitgebragte stemme op die mosie toon dat die VP-meerderheid van 90 tien meer was as sy meerderheid van 4 September 1939, en dat die HNP se 48 minderheid negentien minder as dié van die oorlogsverdeling in 1939, wat beteken dat dr. Malan met sy mosie 'n swak vertoning in die Volksraad gelewer het.

Aan kritiek teen die optrede van dr. Malan het dit nie ontbreek nie. Die OB het hom daarvan beskuldig dat hy volgens die voorstel die ou toestand slegs sou laat voortduur indien die mosie aangeneem sou wees, omdat die regte van die Engelse beskerm sou word. Volgens die OB mag die eersgeboortereg van die Afrikaner nie so op die spel geplaas word nie, en moes die Afrikaner in sy eie land die nommer een burger wees.<sup>201</sup> Die AP het Malan se mosie en die neerlaag wat dit op die lyf geloop het, as 'n groot politieke flater beskou, en verklaar dat die republikeinse strewe wat vir die Afrikaner heilig is, goedkoop gemaak is. Volgens die AP kon 'n republiek nie sonaar op grond van 'n parlementêre besluit uitgeroep word nie, maar slegs deur middel van die breë volkswil.<sup>202</sup>

Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Afrikanerparty in wese die voortsetting van die voormalige Volksparty en van Hertzogisme was.

Maar ten spyte van sy neerlaag in die Volksraad, en ten spyte van die

kritiek teen hom, het dr. Malan 'n week later sy republikeinse voorstel in die vorm van 'n konsep-grondwet gepropageer deur publikasie daarvan in die HNP-pers. In drie aflewings daarvan is 'n groot mate detail ten opsigte van die begeerde republiek verskaf.<sup>203</sup> *The Star* se opskrif oor die publisering van die konsepgrondwet het dr. Malan se voorstel só gestel: "Dr. Malan's most serious blunder. Folly of publishing the Republican constitution. A target for all to shoot at".<sup>204</sup>

Die verskil in benadering ten opsigte van die beoogde republiek (soos vertolk deur die OB en die HNP) beteken dat die HNP as gevolg van dr. Malan se mosie afgewyk het van die konsepgrondwet wat deur die AB daargestel en deur die OB in Omsendbrief 1/41 gepropageer is. Nogtans het dit nie vonke tussen die AB en die HNP veroorsaak nie, maar dit het net nóg 'n strydpunt tussen die OB en die HNP geword.

*Verdeeldheid en skeuring in Afrikaner-geleedere* was reeds so akuut en gevorderd, dat dr. Malan op 2 Februarie 1942 in die Volksraad 'n politieke bom teen die OB gebruik het. Malan het 'n beëdigde verklaring deur stoeiheld Johannes van der Walt oor OB-leiers aan die Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, oorhandig.<sup>205</sup>

Dit is klinkbaar dat dr. Malan daarmee beoog het om die OB te breek, of om ten minste sy leier se beeld af te takel. Van der Walt se verklaring was hoofsaaklik teen adv. Pat Jerling (AKG van die OB in Transvaal) gemik, maar dié gedeeltes waar dr. Van Rensburg se naam in die getikte stuk voorgekom het, het Van der Walt eiehandig deurgehaal en dit telkens geparafeer. Daarmee het hy dr. Van Rensburg se naam aan die beskuldigings van opdrag tot moord, leuens en immorele dade (wat hy teen Jerling gehou het) ontkoppel. By een van die oorspronklike eksemplare van die verklaring het Van der Walt by die laaste paragrawe 'n deel ingevoeg waarin hy Van Rensburg beskuldig van verraad teen Robey Leibbrandt.<sup>206</sup>

Die OB het deur middel van sy koerantjie die aandag gevestig op die deuralings van dr. Van Rensburg se naam in die verklaring, maar dat Van der Walt in 'n tweede (of aanvullende) verklaring, wat via ene C.A. Haupt en dr. Verwoerd aan dr. Malan verskaf is, dit pertinent stel dat dr. Van Rensburg self opdrag gegee het dat Leibbrandt verraai moes word.<sup>207</sup> Omdat die OB alles in werking gestel het om Van der Walt se verklaring verkeerd te bewys of selfs as 'n vervalsing aan die kaak te stel, het dr. Malan in sy toespraak op Piketberg die OB genooi om enige

vorm van wetenskaplike verifikasie, selfs deur handskrifdeskundiges, te verkry oor die outentisiteit van die dokument.<sup>208</sup>

Hoe ernstig die HNP was om dr. Van Rensburg aan die pen te laat ry, blyk uit die tweede verklaring van Van der Walt. Daar hang egter 'n baie groot vraagteken oor hierdie aanvullende verklaring (wat blykbaar bedoel is as teenvoeter vir die OB se poging om die eerste een as vervalsing af te maak, en om 'n duidelike bewering teen dr. Van Rensburg op skrif te hê), want waarom sou Van der Walt in sommige kopieë van die aanvanklik voorgelegde beëdigde verklaring, Van Rensburg se naam konsekwent deurhaal, en nou in sy aanvullende verklaring skielik besluit dat Van Rensburg wel die opdrag tot verraad teen Leibbrandt gegee het? Daar bestaan twee hipoteses hieromtrent: Eerstens kon Leibbrandt-aanhangers, met wie Van der Walt tydens sy vlugtelingskap in aanraking gekom het, hom daarvan oortuig het dat Van Rensburg wel die verraad gepleeg het, of as tweede moontlikheid kan aangeneem word dat die HNP Van der Walt daarvan oortuig het. Die tweede verklaring versterk die vermoede dat albei die verklarings slegs aantygings of vermoedens was, maar nie noodwendig enige substansie gehad het nie.

Ter wille van die beoordeling van Van der Walt se verklaring en die hantering daarvan deur dr. Malan, is dit nodig om daarop te let dat Van der Walt aanvanklik tot die OB toegetree het omdat hy dit gesien het as die "aksiefront" van die Afrikanerdom en later by die geleedere van ultra-ekstremis Robey Leibbrandt aangesluit het. Leibbrandt was 'n volslae Hitler-georiënteerde Nasionaal-Sosialis wat uit Duitsland na die Unie teruggekeer het om sake in eie hande te neem en hier 'n Nazi-staat op te rig.<sup>209</sup> Van der Walt was in werklikheid dus 'n verraaier van die OB en dié se koers deurdat hy 'n veel radikaler leier begin volg het.<sup>210</sup> Hy het dus self ook 'n Nasionaal-Sosialis gewor.' deur Leibbrandt aan te hang.

Die HNP het, nadat Johannes van der Walt met sy tweede inhegtenisname (weens onwettige besit van 'n vuurwapen) deur die polisie geskiet is, van hierdie Nasionaal-Sosialis 'n Afrikaner-martelaar gemaak. In die parlement het warm debatte oor die skietvoerval die regering in 'n benarde posisie geplaas.<sup>211</sup> Ironies genoeg het die HNP-pers tot met Van der Walt se dood in Maart 1943 'n konstante stroom berigte oor sy toestand geplaas, en dr. Malan het hom beskryf as volksheld. Hy het "... 'vir hom 'n plek in die Afrikaner se harte verower ... die man sterk

en onoorwinlik in sy gees ... Hy is 'n Afrikaner onder die Afrikaners' (Langdurige toejuiging)".<sup>212</sup> Wat die ironie so intens maak in die hele situasie rondom Van der Walt, is dat die HNP hom as dié ware Afrikaner huldig terwyl hy in werklikheid 'n Nasionaal-Sosialis was, en wanneer dit by die OB en die Nuwe Orde kom, was die HNP op sigwaarde sterk teen dié ideologie gekant. Die grootste mate van ironie is egter geleë in die feit dat die HNP Van der Walt (ten spyte van die jammerlike en uiters kritieke toestand waarin hy verkeer het) as propagandawapen aangryp om eerstens die OB mee by te kom, en tweedens die Regering in 'n swak lig te stel.

HNP-leiers het deurentyd besoeke aan Van der Walt gebring terwyl hy in die hospitaal gelê het. So het adv. Eric Louw hom dikwels besoek en selfs 'n verdere aanvullende verklaring van hom ontvang, waarin hy bevestig het dat hy deur niemand beïnvloed is om die verklarings af te lê nie. Hy het sy kommer uitgespreek oor die verwarring wat Van Rensburg binne die Afrikanerdom saai, en dat die volk by sy beproefde leiers moet staan.<sup>213</sup> Deur verspreiding van hierdie verklaring het adv. Eric Louw blykbaar by voorbaat van die veronderstelling uitgegaan dat die eerste verklaring as die waarheid aanvaar kan word.

*Die O.B.* het, nadat Malan die Van der Walt-verklaring in die Volksraad bekend gemaak het, daarop gewys dat Van der Walt nooit enige poging aangewend het om sy klagtes onder die aandag van die OB-leiers of die Grootraad te bring nie. Daarom het die OB sy eie "hof van ondersoek" ingestel sodat Van der Walt, dr. Malan en enige ander persoon wat wou, getuienis kon lewer.<sup>214</sup> Nadat die OB sy "Hof van Ondersoek" gekonstitueer het, met oud-regter C.L. Botha as voorsittende beoordelaar, het mnr. J.A. Smith dr. Malan per brief versoek om te verskyn en getuienis te lewer.<sup>215</sup> Om verstaanbare redes was dr. Malan eensins geneë om hom aan 'n OB-"hof" te onderwerp nie, en gee hy aan sy sekretaris, D.J. Potgieter, 'n opdrag om aan die OB te laat weet dat die Van der Walt-verklaring (soos in die Volksraad voorgedra) vir homself spreek en dat hy "nie geïnteresseerd is in 'n onderlinge rusie tussen die O.B.-generaals' ... nie".<sup>216</sup>

Dr. Van Rensburg het op Fauresmith verklaar dat die OB net een vyand ken, naamlik die kapitalistiese imperialisme, maar direk daarna die HNP aan die hare beetgekry oor die verraad in eie geleedere met die Van der Walt-verklaring. Hy het dit beklemtoon dat Van der Walt se bewering oor verraad teen Leibbrandt in November 1941 vals was, omdat die koe-

rante reeds in Oktober vol was van Leibbrandt met foto's en beskrywings.<sup>217</sup>

Oud-regter Botha se bevindinge aangaande die gewraakte verklaring was dat dit "tendensieus" is; dat daarin nie onderskei is tussen feite en argumente nie; dat die verklaring wat onder eed geneem is, blote afleidings en menings van die verklaarder is; dat Van der Walt se beskuldiging dat Jerling in November 1941 opdrag gegee het om vir Leibbrandt dood te skiet, ongegrond is, aangesien die polisie reeds in Oktober 1941 op groot skaal na Leibbrandt gesoek het; dat die aantying teen dr. Van Rensburg as sou hy verraad teen Leibbrandt gepleeg het, dus om voorgaande rede geen substansie het nie.

Botha bevind voorts dat, aangesien Jerling nie só 'n vername pos bekleed dat die volk van sy dade kennis hoef te neem nie, die afleiding gemaak kan word dat dr. Malan se ware motief was om dr. Van Rensburg aan die kaak te probeer stel. Botha vind Malan se weiering om getuenis te lewer, op grond daarvan dat hy soos voorgegee nie in die onderlinge rusies van OB-generaals belang sou stel nie ongewoon in die lig daarvan dat hy darem genoegsaam daarin belang gestel het om die dokument in die Parlement te onthul, onaanvaarbaar.<sup>218</sup>

Die effek van die onthulling van die Van der Walt-verklaring het vir dié ongelukkige stoeier slegs ingehou dat hy deur die HNP as politieke speelbal gebruik is, en dat duisende OB's hom as verraaier beskou het. Van der Walt wat dr. Van Rensburg van verraad en verwarringsaaiery beskuldig het, het homself aan dieselfde aanklagte skuldig gemaak, aangesien die onmin tussen die OB-leiers en die HNP-leiers nou oorgeslaan het tot bittere wrewel en haat. Van der Walt, dr. Malan en ander mede-figurante het verdere spykers in die doodskis van Afrikanereenheid geslaan. Deur die hantering van die verklarings en heldeverering vir Van der Walt as die eksponent van die ware Afrikaner, het dr. Malan sy eie en sy Party se inkonsekwentheid ten opsigte van ideologie bewys, wat maar net onderstreep dat die stryd wat binne Afrikaner-geledere gevoer is, 'n politieke magstryd was.

Byna gelyktydig met die Johannes van der Walt-episode het 'n belangrike nuwe element in die magstryd bygekom toe die OB in Januarie 1942 besluit het om die HNP-pers te boikot. Die OB het aan Nasionale Pers die ultimatum gestel dat, tensy sy dagblaaië en tydskrifte ophou om die

OB aan te val en te boikot, die OB alle publikasies van Nasionale Pers sou boikot. As rede is aangevoer dat Nasionale Pers antagonisties ten opsigte van die OB is en selfs advertensies van die OB weier.<sup>219</sup>

In sy Piketberg-toespraak het dr. Malan die OB daarop gewys dat baie persone reeds te kenne gegee het dat hulle eerder die OB sou bedank as om *Die Huisgenoot*, *Die Burger* en ander Nasionale Pers-publikasies op te hou lees. Malan het verder gegaan en geraai dat die OB selfs ook ander Afrikaanse besigheidsondernemings sou boikot. Hy het die OB beskryf as 'n beweging wat in 'n "rampokkerorganisasie" ontwikkel.<sup>220</sup>

Die OB het ontken dat hy van plan was om, soos Malan wou beweer, publikasies waaruit skrywers wins maak, te boikot. Die OB het met die boikot-ultimatum slegs beoog om Nasionale Pers te red uit die hande van die HNP wat dit aanwend tot nadeel van die Afrikanervolk.<sup>221</sup> Met die krisistoestand wat tussen die OB en die HNP geheers het, het die OB met hierdie persboikot van hom (wat moontlik 'n poging tot magsvertoon was) 'n taktiese fout gemaak, want die HNP-leiers het dit onmiddellik vir propagandadoeleindes aangegryp.<sup>222</sup>

Of dit aan die OB se dreigement toe te skryf is, is nie seker nie, maar *Die Transvaler* het op 6 Februarie in sy hoofartikel aangekondig dat hy nie meer soos voorheen bedankings van individue uit die OB gaan publiseer nie, omdat die OB-leiding se ingeslane koers nie daardeur verander sal word nie.<sup>223</sup> Oor die propagandawaarde van die bedankings uit die OB het *Die O.B.* aangetoon dat uit die 130 000 Transvaalse OB's slegs 3 700 (dit is 2,8%) bedank het, en dat die nietige persentasie bedankings *Die Transvaler* tot sy besluit gedryf het.<sup>224</sup>

Die nuwe vlag van onmin en verdere skeuring het verskeie nuwe pogings om versoening tot gevolg gehad, waarvan die belangrikste dié van Totius, genl. Hertzog en Weichardt was.

Totius, die waardige kerkman en volksdigter van Potchefstroom (wat na die plegtige gelofte wat hy namens die Afrikanerdom by Monumentkopie voorgedra het en wat reeds by die skeuring tussen die HNP en genl. Hertzog 'n diep teleurgestelde man moes gewees het) het tydens 'n vergadering van persone wat hulself "Republikeinse Afrikaners" genoem het, op 7 Maart 1942 in Johannesburg met die idee van 'n "Vredesbond" vorendag gekom. Op die vergadering is onder meer voorgestel dat 'n

“Volkseenheidsbeweging” gestig moet word as ’n omskakeling van die Afrikaner-Broederbond se Kommissie insake Beleid, oftewel Afrikanereenheidskomitee.<sup>225</sup>

Byna gelyktydig met Totius se AB-geïnspireerde vredesinisiatief het genl. Hertzog vanuit sy politieke ballingskap ’n sterk-bewoorde pleidooi gelewer ten effekte van samesnoering van alle Afrikanerkragte, omdat twee groot gevare die Afrikaner bedreig, naamlik: (1) die Regering (en Brittanje) wat Suid-Afrika in die oorlog gesleep het, en (2) die voortdurende onderlinge Afrikanerstryd waarin die selfgesentreerde party en sy selfsoekende leiers steeds ’n vernietigende rol in die parlementêre partysisteam speel: “Dit is waar die heilige demokraties-parlementêre regeringsvorm ons vandag toe gebring het!” Hertzog verklaar dat die wêreld bydra tot magsverkryging van ’n moontheid wat “een van die afskuwelikste oorheersers” is, en dat slegs Finland genoeg is om die demokrasie ook van Suid-Afrika “tot skande te veroordeel”!<sup>226</sup> Of Louis Weichardt se beroep op genl. Hertzog hom daartoe genoop het om dié ope brief te skryf,<sup>227</sup> kan nie met sekerheid vasgestel word nie, maar dit is te betwyfel. Weens al die terugslae wat Hertzog ervaar het, is hierdie sienings van hom nie verrassend nie.

Weichardt self — volgens J. von Moltke ’n opperste politieke opportunist<sup>228</sup> — het in Maart skrywes aan dr. Malan, dr. Van Rensburg, adv. Pirow en genl. Edwin Conroy gerig waarin hy beweer dat hy met die seën van genl. Hertzog ’n beroep op dié leiers doen om versoen te word. Weichardt het sy brief ook aan die pers vrygestel, waarskynlik om steun vir sy vredesinisiatief te kry<sup>229</sup> maar sy tydsberekening, soos dié van Hertzog en Totius, was ’n bietjie swak, omdat juis in dié dae die haat en verbittering tussen die OB en die HNP ’n hoogtepunt bereik het.

Toe daar op al die voorstelle geen positiewe reaksie kom nie, het Weichardt in ’n toespraak op Brakpan voorgestel dat die HNP, OB, NO, Gryshemde, AP en die Swarthemde elk drie verteenwoordigers in ’n gesamentlike liggaam stel, en dat dié liggaam dan ’n republiek moet eis wanneer die oorlog op ’n wapenstilstand uitloop. Dat Weichardt nie alleen ’n politieke opportunist en magsoeker was nie, maar ook die kluts heeltemal kwyt, word bewys uit sy verdere betoog dat nie die geleerde man met ’n universiteitsgraad in die regering moet dien nie, maar diegene wat eerste tot die Gryshemde behoort het, dit wil sê hyself: “EEN ONDER BEVEL EN SOEWEREINE LEIDING VAN EERSTE

## NASIONAAL-SOSIALIS WEICHARDT”.<sup>230</sup>

By geleentheid van die Amajuba-fees (27 Februarie 1942) het dr. Van Rensburg met sy toespraak die aap uit die mou gelaat: die OB was van plan om beheer in die land oor te neem. Volgens Van Rensburg sou in die toekoms die belangrikste man in die distrik die OB-kommandant, en die belangrikste man in die wyk die OB-veldkornet wees.<sup>231</sup> Hierdie verklaring moes vriend en vyand verras het, en dit blyk dat die tyd vir delikate onderhandelinge verby was. Hierdie aankondiging van die KG was nie maar sy eie idee nie — meer OB-leiers as net hy het dit in die mou gevoer.

Teen April het prof. L.J. du Plessis ’n memorandum gereed gehad waarin ’n “Gemeenskapsraad” beplan is. Volgens die plan sou die Gemeenskapsraad aanvanklik as “adjunkraad” van die Grootraad funksioneer, en dit kon weer lei tot die ontstaan van ’n politieke eweknie, die Politieke Front. Daarna kon ’n Republikeinse Volkskomitee gestig word, waarin die OB, die Gemeenskapsraad en die Politieke Front verteenwoordig sou wees, waarna die politieke funksies van die OB en die Gemeenskapsraad dan aan die Politieke Front oorgedra sou word. Alvorens dit gebeur, moes die OB slegs as simpatieke toeskouer optree. Die Gemeenskapsraad is in twee verdeel, naamlik ’n afdeling vir Republikeinse volkspolitiek en ’n afdeling vir spesialisasie. Laasgenoemde afdeling sou beleid vir ekonomiese, kulturele en sosiale sake bepaal, ’n afdeling sou kerklike advies hanteer en ’n afdeling vir Inligting en Voorligting met ’n sekretariaat sou geskep word. Eersgenoemde hoofafdeling sou Buite- en Binnelandse beleid, waaronder sake soos rasseverhoudinge en rassebeleid, hanteer.

Volgens die plan sou die modus operandi van die afdeling vir Republikeinse volkspolitiek wees om by die OB aan te beveel dat hy die volk eerstens voorberei, daarna volksverset teen Britse oorheersing en die liberalisties-kapitalistiese stelsel aanvuur, maar, derdens, hoegenaamd geen stryd teen mede-republikeinde voer nie, omdat die volk self die “bedorwe” persone sal uitstoot. In die vierde plek moet die OB sy geleedere oopstel” vir alle blanke, Christelike Republikeinse Afrikaners wat die Afrikanerdom as sodanig ... sal herstel, sonder onderskeid van klas, kerk of party ...”, en in die laaste instansie moet die OB geen program aanbied nie, maar van oomblik tot oomblik optree.<sup>232</sup>

Nodeloos om te sê: hierdie memorandum het vir sy tydsgewrig die realiteit van die heterogene bevolkingsamestelling van Suid-Afrika geïgnoreer. 'n Verdere konsekwensie van die dokument is dat die OB se politieke rol daarmee ten volle erken is, soos dr. Van Rensburg met sy toespraak op Amajuba implisiet erken het.

Hierdie plan van Du Plessis het egter nooit gerealiseer nie, terwyl Van Rensburg se Amajuba-aankondiging onmiddellik vrae laat ontstaan: op welke wyse sou die OB die bewind in die hande kry? Sou hy dit met geweld doen, en indien wel, met watter wapens? Of was al sy hoop op 'n Duitse oorwinning gevestig, met die gedagte dat Duitsland vir die OB die bewind op 'n skinkbord sal gee? Of wou hy dit deur middel van die stembus kry? Dit is vrae wat vir die HNP 'n tergende geheim gebly het, want dr. Van Rensburg het nie uitgespel hoe die OB die bewind in die hande wou kry nie.<sup>233</sup>

Prof. J.C. van Rooy het tot die oortuiging geraak dat die volk 'n baie sterk drang tot eenheid het, soos bewys word deur die ondersteuning wat aan die FAK en die RDB verleen word. Hy het daarom op Kroonstad (op 18 April) verklaar dat die Afrikaner lamgeslaan is weens die verdeeldheid en verdagmakery tussen die leiers: "Leiers begin mekaar se goeie trou in twyfel trek. Daar word op oneerlikheid gesinspeel, dat hulle onvertroubaar en eiegeregtige selfsoekers is. As die stories wat van mekaar vertel word, waar is, het ons vandag nie volksleiers nie, maar 'n klomp skelms ...".<sup>234</sup>

Die tussenverkiesings wat vir twaalf kiesafdelings vir 22 April 1942 geskeduleer is, sou as belangrike barometer dien van waar die krag in die Afrikanerdom lê — in die HNP of in die OB. Die verkiesing sou ten minste aantoon of die OB nog spierkrag het of nie.

Die OB het die standpunt ingeneem dat OB's slegs vir kandidate stem wat hom nie vyandiggesind is nie en wat nie teen hom te velde getrek het nie.<sup>235</sup> Die HNP was dadelik op sy agterpote en beskuldig die OB daarvan dat hy die tussenverkiesings boikot.<sup>236</sup>

Dr. Van Rensburg het tevergeefs probeer verduidelik dat die OB se boikot nie onvoorwaardelik is nie. Hy het verklaar dat die kandidaatbenoemings volkome in die hande van die party is, en dat die HNP "ordelike" kandidate (wat nie teen die OB nie, maar teen die Regering veg) moet stel as hy OB-steun verlang.<sup>237</sup> Op die vooraand van die tussen-

verkiesings het die OB 'n beroep op sy lede gedoen om aan die Beweging getrou te bly,<sup>238</sup> dit wil sê om, waar die kandidate vyandig teenoor die OB staan, van die stembus af weg te bly. Vir die HNP was dit natuurlik tegelyk 'n toets en 'n uitdaging, aangesien die OB by wyse van bevel sy steun kon manipuleer. Dr. Malan wou nie aan die OB-eis toegee nie, omdat dit sou beteken dat erkenning aan OB-inmenging in politieke aangeleenthede verleen word, en het onderhandelinge tussen kandidate en die OB probeer verhoed. Terselfdertyd het die HNP die OB-eis vir propagandadoeleindes omgeswaai en dit in die openbaar aangebied as OB-steun aan die imperialisties-kapitalistiese beleid vir oorlogsdeelname en bewapening van naturelle,<sup>239</sup> wat natuurlik onsin was. Dit sou hoogstens so 'n nuwe-effek hê, maar daaraan sou die HNP ook skuld hê.

In Riversdal kon die boikot van sewehonderd OB's<sup>240</sup> nie verhoed dat mnr. P.K. le Roux die setel met 'n meerderheid van 1 023 wen nie.<sup>241</sup> Die uitslag van Vryburg het daarteenoor bewys dat 'n OB-boikot vir die HNP 'n setel kon kos. Die VP het die setel gewen.<sup>242</sup> Die bitterheid van die HNP oor die verlies van Vryburg is 'n bewys dat die HNP wel die OB se invloed daar erken het,<sup>243</sup> maar dr. Malan het min rede gehad om die skuld op die OB en die NO te laai vir die verlies van Vryburg, aangesien hy self willens en wetens die uitdaging aanvaar het deur nie voor stemdag toe te gee aan die OB-eis nie.

Die OB se reaksie op die verkiesingsuitslae was 'n ietwat leedvermakerige een van ek-het-jou-mos-gesê. Hy het die HNP daarop attent gemaak dat hy nou die vrugte van sy "Verbrokkelingsbeleid" pluk. Daarteenoor het die OB homself op die skouer geklop as sou hy hom gehou het by die wedersydse erkenning soos by die Uniale Kongres van 1941, en die bewys vir dié mening het die OB gehaal uit die feit dat hy wel vir kandidate wat hom nie beveg nie, gestem het.<sup>244</sup> Die OB het dus dieselfde fout van gewaande selfonskuld as die HNP gemaak.

Met die tussenverkiesings agter die rug het Malan die inisiatief van prof. Van Rooy, wat met die vergadering op Kroonstad begin is, teengestaan. Hy spreek hom sterk uit teen Van Rooy en Kaalkop van der Merwe se beoogde volksvergadering en sê dat die poging nie sou slaag nie. In totale selfverontskuldiging het Malan sy aanklagvinger in die rigting van Van Rensburg, Pirow, prof. Du Plessis, genl. Hertzog en genl. Conroy gewys, as sou hulle alleen vir die skeuring verantwoordelik gewees het.<sup>245</sup>

Terwyl dr. Malan in die openbaar vrae aan prof. Van Rooy gestel het, het laasgenoemde blykbaar verkies om die probleme persoonlik en privaat te behandel. Oor Totius se betrokkenheid na aanleiding van die sogenaamde Totiusvoorstelle is die lug gesuiwer toe hy in hierdie stadium tussenbeide tree en bekend maak dat hy nie verantwoordelik was vir daardie voorstelle nie. Tussen Malan en Van Rooy het dit minder vriendelik gegaan, veral toe laasgenoemde dit gerade geag het om Malan per brief 'n ernstige skrobbering te gee. Van Rooy was in ieder geval nie daarvan oortuig dat alle skuld vir die Afrikanerskeuring op die skouers van dr. Van Rensburg gepak moes of kon word nie. Hy het in sy brief verwys na die onderleiers van die HNP as medeskuldig: "Ek verstout my om te beweer dat, as daar vandag 'n engel uit die hemel sou neerdaal, met 'n onverbeterlike voorstel, dan sal hy die heftigste teëstand ondervind van 'n sekere groep van u onderleiers en ondersteuners. Hulle sal onmiddellik op hom toesnel met die uitroep: "Halt! Groter verwarring!!" Van Rooy was versigtig genoeg om Malan die versekering te gee dat hy hom nie aan die een of ander kant skaar nie.<sup>246</sup>

Geen reaksie op hierdie brander van prof. Van Rooy is te vind nie, en dit is ook nie ongewoon nie, want Van Rooy het gepraat uit 'n posisie van AB-gesag. In elk geval kon die HNP dit nie bekostig om hierdie brief bekend te laat word nie.

Vir die HNP was dit 'n onrusbarende verskynsel dat die ANS-mondstuk, *Wapenskou*, en *Die Matie* van Mei 1942 vir die OB in die bres getree het.<sup>247</sup> Hierdie bekommernis was nie sonder rede nie, want dr. Hans van Rensburg was sedert 1941 die Ere-president van die Afrikaans Nasionale Studentebond. Hy het (volgens die oordeel van die HNP) die studente by die 1942-kongres te veel in die rigting van Nasionaal-Sosialisme gelei. Van Rensburg het in sy toespraak 'n "sosialistiese eeu" in die vooruitsig gestel, net soos die "kapitalistiese en feudale eeue agter ons lê, dan is u bemoeid om 'n samevloeiing, 'n sintese, tussen Nasionale en Sosialisme te vind". Hy het in sy openlike propaganda vir die OB die HNP afgekraak deur te wys op die "prinsipiële volksgevaar in ons partystelsel" wat die "doel en die middel-tot-die-doel so verwar".<sup>248</sup>

Ander sprekers wat by die kongres opgetree het, is prof. A.J.H. van der Walt, dr. P.J. Meyer, prof. L.J. du Plessis en mnr. J. Postma, met as sentrale tema in hul referate die "Volksbeweging".<sup>249</sup> Vir die HNP was dit onrusbarend dat die studente soveel van die sogenaamde Volksbewe-

ging moes inkry, en veral as dit in lyn gebring word met dr. Van Rensburg se voordrag, omdat die volksbeweging by implikasie direk eweredig en gelyk gestel is aan die Ossewa-Brandwag.

*Die Transvaler* spreek sy kommer uit oor die brief van genl. Hertzog wat in die Mei 1942-uitgawe van *Wapenskou* gepubliseer is, want in die brief spreek genl. Hertzog die mening uit dat die staatsordening verander moet word sodat die volk meer mag kry, en die party en sy leiers minder mag. Hertzog was ook ingenome met Van Rensburg se siening oor die dekadensie van die demokratiese partystelsel. In die Ere-presidentsboodskap van dieselfde uitgawe noem Van Rensburg homself "Kommandant-generaal", wat die band tussen die ANS en die OB weerspieël. En om die spreekwoordelike "kersie op die koek" te plaas verdedig J.H. Coetzee die suiwer Christelik-Nasionalisme van die OB, en verwys hy na die HNP as oorblyfsel van die Brits-liberalistiese staatsstelsel wat 'n wesensverandering sou moes ondergaan alvorens hy Christelik-Nasionaal kon wees.<sup>250</sup> In hierdie beriggewing oor die doen en late van die ANS het *Die Transvaler* iets meer as kommer getoon — hy was geïrriteerd oor die flankerders tussen die OB en die ANS.

Twee dae later verander *Die Transvaler* sy taktiek en skryf in die hoofartikel dat hy nog altyd die ANS goedgesind was, maar dat die beheer wat 'n minderheid Afrikanerstudente nou in die Bond kry, sorgwekkend is. Hy is vererg omdat die ANS genl. Hertzog as die grootste staatsman beskou, en vind dit jammer dat die ANS nou juis op Stellenbosch, waarvan dr. Malan die universiteit se kanselier is, so 'n felle stryd met die HNP-leier moes aanknoop dat op aandrang van 'n monstervergadering van studente en deur die senaat, die OB-ANS-blaadjie, wat daar uitgegee is, verbied moes word. Ten slotte doen *Die Transvaler* 'n beroep op studente om in die ANS te verenig met die oog op die komende kongres in Julie, al sou hulle diverse politieke beskouinge huldig of verskillende organisasies steun.<sup>251</sup>

Op Bloemfontein (soos Afrikanerstudente op Wits) is tydens 'n ANS-takvergadering besluit om nie by die politieke geskille betrokke te raak nie, en het hulle die Stellenbossers se houding betreur. Sowel *Die Matie* as die ANS-mondstuk, *Wapenskou*, het deurgeloopt.<sup>252</sup> Die plasing van die berig oor die Bloemfonteinse studente se standpunt op *Die Transvaler* se voorblad bevestig die erns waarmee die HNP die ANS-probleem bejeen het, en dit toon tegelyk die propagandawaarde wat die koerant deur voorbladplasing daaruit wou haal. Dit het die HNP gepas dat skerp

kritiek vanuit die studentegeledere self teen die Stellenbosse ANS kom.

Die verdeeldheid het nou na die studerende jeug begin deurwerk, maar die skeuring in die ANS sou eers in 1943 sy hoogtepunt bereik. Dit het direk uit die volgehoue stryd tussen die OB en die HNP voortgespruit, met die gevolg dat 'n geheel nuwe bedeling vir die studentepolitiek aangebreek het.<sup>253</sup>

Die HNP en die OB het byna nie 'n geleentheid laat verbygaan sonder om mekaar te kwets nie, soos dr. Malan in sy toespraak in die Johannesburgse stadsaal op 30 Mei 1942 gedoen het. Hy het die OB beskuldig van duinkerkerij<sup>254</sup> na die aksie wat by die Uniale Kongres in 1941 beloof is: dat Van Rensburg ook geduinkerkerker het met die verbod van Smuts op OB-lidmaatskap vir staatsamptenare; dat hy geduinkerkerker het met die baarde van die mans en die wit rokke van die vroue.<sup>255</sup>

*Die O.B.* het teruggekap dat, indien die OB wel geduinkerkerker het die HNP dieselfde gedoen het, aangesien amptenare reeds voorheen verbied is om lid van 'n politieke party te wees of aan politieke bedrywighede deel te neem. Dan het Malan ook geduinkerkerker na aanleiding van sy herhaalde betuigings van solidariteit met die OB en dat indien die regering aan die OB vat, hy saam daaronder sou ly. Daar is verwys na die verbod op staatsamptenare-OB-lidmaatskap, toe Malan hulle verseker het dat, sou hulle besluit op lydelike verset, hy met hulle sou wees. Wat die baarde betref, het die koerantjie gesê dat sowel die OB's as HNP's sedert die Ossewatrek van 1938 hulle baarde afgeskeer het. Sover dit die vroue se wit rokke aangaan het *Die O.B.* dr. Malan uitgenooi om eerstehands vas te stel dat die vroue by alle geleenthede hul wit rokke dra.<sup>256</sup> Wat die verbod op staatsamptenare betref het Van Rensburg op Springs verklaar dat Malan hom persoonlik gelukkig gewens het met die stap om eervolle ontslag aan dié amptenare te gee.<sup>257</sup> Al die aanvalle en verdediging of teenaanvalle daarop het reeds aanvegbaar begin word. Beskuldigings was in die meeste gevalle daarop gemik om nie die volle waarheid na te jaag nie, maar om die ander organisasie of persoon te kwets.

Presies dieselfde patroon van aanval-verdedig het na aanleiding van 'n reeks sabotasie-aanvalle in April en Mei 1942 voorgekom.<sup>258</sup> Op grond van sekere uitlatings en insinuasies van adv. Strijdom het *Die O.B.* by voorbaat voorbrand gemaak vir moontlike gebruikmaking deur die HNP van die sabotasie-gebeure as tema vir aanvalle op die OB,<sup>259</sup>

en die HNP-koerante het hierdie vroegtydige verweer baie amasant gevind. Volgens *Die Burger* was daar blykbaar weer 'n duinkerkerij aan die kom, dat die OB hom sou distansieer van die Stormjaers wanneer hul optrede onder die loep geneem sou word.<sup>260</sup>

Sabotasie het in die vorm van bomontploffings by kragpale, poskantore en ander installasies plaasgevind. Een so 'n ontploffing in die Benoni-poskantoor het 'n jongman wat in die verbygaan beseer is, se lewe gekos,<sup>261</sup> wat uitgeloop het op die ter dood veroordeling van Julian Visser en Hendrik van Blerk.<sup>262</sup>

Dr. Malan het onmiddellik 'n beroep op die Regering gedoen om die veroordeeldes te begenadig<sup>263</sup> en op 'n vergadering van Swart en Strijdom op Springs is dr. Malan se voorbeeld gevolg.<sup>264</sup> Die OB se reaksie op die veroordelings is dat hy die Regering nie om genade sal smeek nie, maar dat hy, soos dr. Van Rensburg dit gestel het, eis dat die doodstraf nie voltrek sal word nie.<sup>265</sup> "Sambok" Smith het 'n protesveldtog op tou gesit waarin die Eerste Minister se aandag gevestig is op die verontagsaming van die gemene strafreg, en met die dreigement dat indien die doodsvonniss voltrek sou word, geweldpleging en sabotasie as reaksie sou volg.<sup>266</sup>

Telegramme en petisies van derduisende Afrikaners het na die Premier se kantoor gestroom. *Die Transvaler*, berig op 14 Julie dat daar reeds 26 000 petisionarisse getel is, en mnr. Ben Schoeman het gepleit dat die Afrikanerdom hom nou binne die HNP moet saamtrek.<sup>267</sup> Alhoewel genl. Smuts nie daarvoor bekend was dat hy voor druk swig nie, was die druk teen die Regering nou baie sterk. Drie faktore kon 'n belangrike invloed uitoefen op die Regeringsbesluit (Goewerneur-generaal-in-Rade) aangaande die doodsvonniss: (1) Smuts sou waarskynlik nie graag van die twee veroordeeldes Afrikaner-martelare maak nie, en hy sou waarskynlik nie weer daarvan beskuldig wou word dat hy sy eie mense se bloed op sy hande het nie; (2) met die algemene verkiesing van 1943 net om die draai kon genl. Smuts dit nie toelaat dat die Visser-Van-Blerksaak verpolitiseer word nie; (3) alhoewel genl. Smuts hom blykbaar nie baie oor die OB se ondergrondse bedrywighede bekommer het nie, sou hy nie die kans waag dat as gevolg van 'n teregstelling die Unie binnelands in chaos verval deur eskalering van sabotasie en geweld nie.

Adv. Jerling (die OB se AGK vir Transvaal) wat namens die beskuldigdes opgetree het, het teen die doodsvonniss geappelleer, maar die Appèl-

hof het die betoog van die hand gewys en die vonnisse bekragtig.<sup>268</sup>

Malan het aan genl. Smuts laat weet dat 140 000 mense reeds die petisies teen die doodsvonnisse onderteken het, en dat nog baie petisies uitstaande is.<sup>269</sup> Die toestand het plofbaar geword, en op 1 Augustus is van owerheidsweë bekend gemaak dat die Goewerneur-generaal-in-Rade die vonnisse tot lewenslange gevangeneskap verander het.<sup>270</sup>

Nieteenstaande Visser en Van Blerk SJ's was, het die HNP hard probeer om politieke munt uit die geleentheid te slaan, maar genl. Smuts het die ronde gewen.

Die stryd binne die Afrikanerdom is tydelik onderbreek deur nuus van die Duitse sukses in Tobroek op 21 Junie. Ook hierdie gebeurtenis het sy opslae tussen die HNP en die ander Afrikaner-politieke groepe gemaak. Nadat dr. Malan se eis aan die Regering, dat 'n spesiale of buitengewone parlamentsitting gehou moes word om die groot verliese wat die Unie by Tobroek gely het te bespreek, is uit verskeie oorde menings uitgespreek oor so 'n buitengewone sitting. Toe *Die Vaderland* hom teen so 'n sitting uitgespreek het, het die HNP-pers die OB, AP en die NO probeer afkraak deur *Die Vaderland* as hul mondstuk uit te wys, en daarmee hulle te koppel aan die uitspraak van die Regering teen 'n spesiale parlamentsitting.<sup>271</sup>

Dit is te betwyfel of dr. Malan in die parlement veel hond haaraf sou maak met die groot minderheid en die feit dat die VP in elk geval as gevolg van die gebruiklike kookusstelsel as 'n blok sou stem.

Die jaar 1942 is gekenmerk deur die verskerping van die magstryd tussen die OB en die HNP, en die skeiding van die weë. Die OB en die HNP het finaal van mekaar afskeid geneem en ook die Nuwe Orde van Pirow het van die HNP weggebreek. 'n Verdere kenmerk van 1942 se stryd is dat aan albei kante elke moontlike (en selfs onmoontlike politieke en propaganda-) wapen aangewend is om die vyand in eie geledere mee te vernietig. Die vooruitsigte vir 1943 was nie rooskleurig nie, gesien vanuit die volk se hoek. Genl. Conroy se taksering (in 1941) van die gewaande "volkseenheid" was in die kol — die Afrikanerdom het in 'n hele paar stukke verbrokkel.

## 2.4 Die O.B. en die 1943-verkiesing

Die oorlogsverkiesing van 1943 het vir verskillende groepe verskillende betekenis gehad as gevolg van diversiteit van belange. Vir die Regering was dit belangrik om 'n mandaat — die eerste geleentheid sedert toetrede tot die oorlog — vir die voortsetting van die oorlogspoging te kry, en die Opposisie sou graag die teendeel wou sien. Maar vir die Afrikanerdom was daar heelwat op die spel. Dr. Malan en sy volgelinge het volgehou dat die stembus die beste wapen in die hande van die Afrikaner is. Daarteenoor het die OB demokrasie, en daarmee die stembus, as wapen reeds minagend verwerp. Nogtans was die OB bereid om ter wille van die Afrikaner-strewe voorwaardelik te stem, soos in die geval van die April-tussenverkiesings in 1942.

Omdat die April-tussenverkiesings getoon het dat die OB-stem wel 'n invloed op die uitslae kan hê, sou die verhouding van die OB en die HNP met die algemene verkiesing bepalend wees vir die vermoë van die Afrikaner om die bewind oor te neem en die oorlogsdeelname van die Unie te kan staak. Die HNP en die OB moes toon hoe ernstig hulle hul republikeinse propaganda bedoel het, veral waar dit in 1941 en begin 1942 soveel aandag geniet het. Maar met al die ernstige probleme wat die OB en die HNP in 1942 in hul verhouding ondervind het, was die moontlikheid op die herstel van Afrikanereenheid (of selfs vriendskapliker verhouding ter wille van verkiesingsamewerking) uiters gering. Nogtans het drie sulke versoeningspogings of -geleenthede hulle voorgedoen.

'n Manifes van die Aliwalse Komitee was die soveelste poging om versoening en eenheid vir die Afrikanerdom te vind. Hierdie manifes is deur S. du Toit aan die Federale Raad van die HNP, aan die OB, en aan die Komitee vir Christelik-republikeinse Politiek (laasgenoemde onder leiding van prof. C.J.H. de Wet) oorhandig met die doel om dit as grondslag vir Afrikanereenheid te publiseer. Die Afrikanerdom moes verenig, en nie noodwendig tot een enkele organisasie konsolideer nie.<sup>272</sup>

Benewens die versoeningsmotief het die Komitee ook 'n staatkundige bestel omlin wat min of meer ooreenstem met die konsep-republikeinse grondwet wat oorspronklik deur die AB opgestel en daarna deur die OB in Omsendbrief 1/41 gepropageer is.<sup>273</sup>

Die manifes het soos volg betoog: "God het die Boerevolk in hierdie

land as 'n nuwe volkstipe laat ontstaan, en dit is ons plig om toe te sien dat ... die volkstipe gehandhaaf bly.<sup>274</sup>

Die OB-Grootraad het op 1 Oktober hierdie Aliwalse Manifes gesanksioneer en die enigste verandering wat die OB daarin wou sien, is dat die toekomstige staat nie eerste handel moet word nie, maar dat eersens die metode gevind moet word waarvolgens by 'n republiek gearriveer moet word — deur 'n politieke party, of deur 'n volksbeweging. Die Grootraad was in ieder geval bereid om 'n samespreking van alle Afrikanergroepe te steun en daaraan mee te doen.<sup>275</sup>

Maar ook hierdie Komitee is by geboorte reeds doodgelê, want in sy manifest is daar uitsprake teen partyvorming in die toekomstige republiek waarmee die OB natuurlik genoeë geneem het.<sup>276</sup> Uit die aard van dié gedagterigting sou die HNP geensins daarvoor te vinde wees nie, en hy het dan ook nie gereageer op Du Toit se skrywe nie.

Dr. Malan het op die Transvaalse Kongres van die HNP (September 1942) melding gemaak van 'n "Komitee van 21" van Oos-Transvaal wat hom op 12 September wou spreek oor 'n moontlike verkiesingsooreenkoms. Hy was daartoe bereid, maar op voorwaarde dat Van Rensburg, Pirow en Havenga nie teenwoordig mag wees nie. Hy het die kongres meegedeel dat geen party hom nog nader het oor 'n verkiesingsooreenkoms nie, en dat Pirow ook nog nie sulks van hom laat hoor het nie. Met die OB sou Malan onder geen omstandighede so 'n ooreenkoms sluit nie, want dit sou neerkom op erkenning van die OB op politieke terrein.<sup>277</sup>

Hierdie mededeling van Malan impliseer dat hy Pirow se Nuwe Orde wel erken as politieke party, terwyl hy enige ander groep of party binne die Afrikanerdom beveg het. Malan en sy party het hulle aan inkonsekwentheid en dubbele standaarde skuldig gemaak.

Maar Malan se weergawe van die Komitee van 21-geval is deur dr. Van Rensburg aan die kaak gestel met die verklaring in die Paarl dat al die leiers aanvanklik ingewillig het tot 'n samespreking, maar dat dr. Malan ter elfderure viervoet vasgesteek het. Volgens Van Rensburg het dr. Malan reeds in 1941 met die AEK soortgelyk opgetree.<sup>278</sup> Malan het geweier ten spyte daarvan dat die plek en omstandighede so gerieflik moontlik vir hom gekies is, naamlik dat dit saamval met die Transvaalse kongres van sy party, en Van Rensburg wys daarop dat die OB bereid was tot

toenadering selfs met die gevaar dat die OB homself kon verneder.<sup>279</sup> Conroy en die AP het met die KG saamgestem en dit betreur dat Malan HNP-belange bo dié van die volk stel.<sup>280</sup>

Dr. Malan het dit ewenwel reggekry om sy beeld by die Transvaalse kongres te handhaaf, en genl. Jan Kemp het hom geloof vir sy "... manlike optrede, want ons is moeg vir kompromisse". Terselfdertyd het Malan die verkiesingswindmeule gestorm in die ware Don Quixot-tradisie, want hy was vol hoop dat die HNP die komende verkiesing sou wen.<sup>281</sup> Maar die Komitee van 21 wys tereg in reaksie op Malan se skynoptimisme dat hul poging tegelyk 'n versoeningspoging en 'n poging tot 'n verkiesingsooreenkoms was, en dat Malan se oorwinningsoptimisme geen morele grond het nie: "Al wat ons kan sê is: God behoede ons volk vir daardie soort 'oorwinnings' ..."<sup>282</sup>

En op Delmas het genl. Kemp sy hoofleier se optimisme in die stof laat byt met die patetiese verklaring vir die mislukking van die Komitee van 21 se versoeningspoging, want hy meen dat indien die Afrikanerdom sou saamstaan en die verkiesing wen, genl. Smuts met sy parlementêre meerderheid alleen maar die parlement se lewe sou verleng en die verkiesing sou omseil. Om meer krag aan sy standpunt te probeer verleen het Kemp verkondig dat 17 van die 21 lede van die Delmas-komitee in elk geval OB's was.<sup>283</sup> Hy laat egter na om te verklaar hoeveel van daardie 17 OB's ook HNP-lidmaatskap besit het.

Een ding is seker: te oordeel aan die Komitee van 21-geval, het die HNP nie in 'n verkiesingsoorwinning belanggestel nie.

'n Versoeningspoging van meer lokale aard as dié van die Oos-Transvaalse Komitee van 21, was dié tussen mnre. Jacob Wilkens (van die HNP) en Michiel Eloff ('n OB-generaal) in die kiesafdeling Ventersdorp. Hierdie twee here het op 22 Augustus 1942 onderling ooreengekom om 'n openbare debat tussen hul leiers onderskeidelik te eis, met die klem op beleidstelling sonder ongunstige verwysings of persoonlike aanvalle. In die beoogde debat tussen dr. Malan en dr. Van Rensburg moes prof. Joon van Rooy op versoek as voorsitter optree vanweë sy kenmerkende onpartydigheid. Malan en Van Rensburg sou elk anderhalfuur tot sy beskikking hê om standpunte en beleid te stel.<sup>284</sup>

Vir sowel die HNP as die OB was hierdie ooreenkoms ongewens en 'n verleentheid. Adv. Strijdom het, volgens skrywe aan dr. Malan, reeds voorheen vir Wilkens teen sodanige ooreenkomste gewaarsku, want so 'n beleidstellying alleen sou die HNP nie geleentheid gee om die OB te kritiseer nie, en in elk geval het die HNP juis met die poging van die Komitee van 21 geweier om die OB op politieke terrein te ontmoet. Volgens Strijdom het heelwat HNP-voormanne soos Verwoerd, Kemp, dr. Ross, Ben Schoeman, Frans Mentz, asook die Nasionale jeugbond hulle teen dié voorgenome vergadering uitgespreek. En Strijdom was alreeds omgekrap oor die berig van die *Rand Daily Mail* waarin Malan beskryf word as die man wat eers versoening teenoor die Komitee van 21 weier, maar nou met Van Rensburg op een verhoog wil gaan. Dié koerant het dit as 'n verkiesingsversoening beskou. Wilkens het geglo dat so 'n vergadering voordeel vir die HNP sou inhou omdat Van Rensburg 'n uitweg sou soek om nie op te daag nie.<sup>285</sup>

Alhoewel die OB-Grootraad geen erg aan debatvoering gehad het nie, het hy nogtans hierdie geleentheid goedgekeur sodat die KG sy saak kon verdedig. Enige verdere soortgelyke reëlings deur 'n OB-lid sou hom aan skorsing blootstel.<sup>286</sup>

Vir die HNP was dit eweneens 'n verleentheid en 'n harwar het ontstaan met berigte dat dr. Malan siek is, dat Strijdom in sy plek sal optree, en met brief- en telegramwisseling tussen mev. Maria Malan en Jacob Wilkens oor strategie ten opsigte van Malan se afwesigheid by die voorgenome vergadering.<sup>287</sup> Die OB het egter heimlik Malan se bewegings gemonitor en melding gemaak van hul waarneming dat in plaas daarvan dat Malan onder doktersbehandeling is, hy op pad na Voëlklip opgemerk is waarheen hy met vakansie vertrek het. *Die O.B.* merk dan ook sinies-sarkasties op dat Malan die bestemde dag seker op Voëlklip sal deurbring.<sup>288</sup>

Dr. Malan self het op 7 Desember aan D.J.J. Potgieter geskryf dat die doktersbehandeling gehelp het en dat hy op die punt gestaan het om met vakansie na Hermanus te vertrek.<sup>289</sup> Die feit dat dié brief twee dae voor die beoogde vergaderdatum geskryf is, toon dat Malan wel genoeg tyd gehad het om die afspraak na te kom, maar hy het blykbaar nie daarin belanggestel nie, óf nie daarvoor kans gesien nie. Strijdom sou die kastaiings uit die vuur moes krap.

Ten spyte van al die heimlike reëlings ag *Die Transvaler* dit goed om

te beweer dat Van Rensburg die een is wat bang is om met die HNP op een verhoog te verskyn.<sup>290</sup> Die Grootraad se besluit is op dieselfde dag geneem.

Die uiteinde van die hele Ventersdorp-verleentheid was dat die OB in die persoon van dr. Van Rensburg die afspraak nagekom het, en dat hy in afwesigheid van 'n HNP-figurant ruim geleentheid gehad het om die OB se saak te stel en die geleentheid vir propaganda-doeleindes uit te buit.<sup>291</sup> Vir die OB was die geleentheid 'n relatiewe triomf oor die HNP, en kon in elk geval geen positiewe verhoudinge daaruit gebore word nie.

Die HNP en sy hoofleier het toenemend skugter geword vir enige toenaderings- of versoeningspogings, en dit het hoe langer hoe duideliker geword dat die Afrikanerdom die 1943-verkiesing verdeeld tegemoet sou gaan en beslis geen hoop op sukses kon hê nie. Vir die HNP was die magsposisie as die enigste erkende party vir die Afrikanerdom belangriker as die verkiesing self, en dié toedrag van sake sou genl. Smuts en sy party goed pas: hoe swakker die kohesie binne Afrikanergeleedere, hoe beter die kans vir die Smutsbewind om in die saal te bly.

Die Engelse pers het hom verkneukel in die Afrikaner-gedoente tot onderlinge woede binne die Afrikanergeleedere, deur te verwys na die Ventersdorp-geval en daarop te wys dat adv. Strijdom se pleidooie vir behoud van demokrasie selfs binne die VP geen beter protagonis sou kon vind nie.<sup>292</sup>

Prof. Wikus du Plessis se reaksie was dat die OB nie kon toelaat dat die "Party" en die "Volk" aan mekaar gelykgestel word nie, want die OB wou nie meedoen aan die "nasionale afgodery" van die HNP nie. Daarom bevind hy dat Malan die eintlike skuldige is.<sup>293</sup>

In weerwil van chaos in Afrikaner-geleedere het Malan verkies om op Afrikaner-sentimente eerder as op realisme staat te maak deur beplanning van 'n optog by geleentheid van die Uniale Kongres van die HNP waarby die motor waarin genl. Koos de la Rey in 1914 doodgeskiet is, gebruik sou word, met dr. Malan as erepassasier. Die OB het van die planne te hore gekom en dit ongedaan gemaak deur die agterwiele van die ou motor heimlik te verwyder en 'n nota te laat met die gedagte daarin vervat dat genl. De la Rey nie vir sulke politieke gewin "onheilig"

mag word nie.<sup>294</sup>

Met die Uniale Kongres het die HNP homself as die kampvegter en enigste bastion teen die Kapitalisme en volksuitbuiting op die skouer geklop. 'n Ander belangrike aspek van die Kongres is dat dr. Malan se "volmag" hernieu is, maar ten opsigte van dié komende algemene verkiesing is 'n lae profiel gehandhaaf. Die enigste persoon wat daadwerklik gepoog het om die fakkel vir die verkiesing aan die brand te kry was adv. Strijdom, wat vol vertroue was dat die "Boerevolk" met die verkiesing hom teen Smuts se beleid gaan uitspreek,<sup>295</sup> maar selfs hierdie poging was onoortuigend in die lig van al die mislukte versoeningspogings.

Dit is ondenkbaar dat die HNP enige hoop op 'n verkiesingsoorwinning kon koester met die OB op die kantlyn gelaat. Dat die OB se deelname allernoodsaaklik sou wees, is reeds met die April-tussenverkiesings bewys, en die OB het hom by monde van sy KG nou bereid verklaar om aan die verkiesing deel te neem mits die HNP kandidate sou stel wat nie teen die OB is nie en wat hul enigste vyand in die Empire sien.<sup>296</sup> Nogtans verkies die HNP 'n slim stukkie strategie deur 'n wig tussen die gewone OB-lid en die OB-leierskorps te probeer indryf: genl. Kemp verklaar dat die HNP niks teen die gewone OB-lid hou nie — wel teen die leiers.<sup>297</sup>

Daarteenoor het die OB Malan se beeld aangeval deur die reeds gewraakte N.G.S. van der Walt-pamflet ten volle te publiseer,<sup>298</sup> en Malan verwys op Kroonstad na dr. Hans van Rensburg se rol aan Empirekant in die Rebelle van 1914.<sup>299</sup> Karaktermoord was nou aan die orde van die dag en *Die Transvaler* kry dit reg om, in weerwil van Van der Walt se ernstige bevraagtekening van Malan se rol as politieke bontspringer, adv. Pirow toe te takel met "... wat 'n man met so bonte politieke verlede verkondig ..."<sup>300</sup>

Die heersende politikastery het voortgewoed en *Die O.B.* publiseer (ook as eie siening) 'n humoristiese aanval van ene "Knop" teen die Engelse partypolitieke stelsel, die sogenaamde "caucusse" en die beroepspolitici, wat in *De Volkstem* van 1911 verskyn het: "... Die uiteinde van die stelsel is ook dat 'n mens twee of meer klompe skape het met wagters wat bestier. Die wagters denk vir hulle jaag hulle in die kraal en — hulle spring net uit om getel te worde."<sup>301</sup> Publisering van 'n brief (van adv.

F.C. Erasmus waarin hy kla oor die agteruitgang van die HNP in Vryburg) is deur die OB aangewend om aanspraak op OB-groei te maak.<sup>302</sup>

Optimisme het soms selfs by dr. Malan plek gemaak vir swartgalligheid ten opsigte van die verkiesing, maar nie so erg dat hy tot realisme gedwing is nie. Hy het ewenwel verwag dat dit 'n "kakie-eleksie" sou wees met kieserslyste (veral in die Kaapprovinsie) volgepak van Kleurlingstem-geregtigdes. Hy beskuldig die OB daarvan dat hy op die ashoop wil gaan sit en al sy hoop op Duitsland vestig, maar dan meen hy in dieselfde asem dat in geval van 'n Duitse oorwinning die Duitsers slegs met die HNP sal onderhandel, omdat hy alle aanduidings gehad het dat Engeland reeds die oorlog verloor het.<sup>303</sup> Dog, wanneer Rommel in Noord-Afrika ernstige terugslae ervaar,<sup>304</sup> is dit dr. Malan wat omswaai en verklaar dat die HNP gedurende die oorlog altoos neutraal gebly het. Nou gaan dit skielik nie meer vir Malan daaroor of die Afrikanerdom die verkiesing gaan wen nie, maar "... of ons as nasionaal- en republikeinsgesinde Afrikaners Afrikaners bly en ons plig doen."

Sowel Malan as Strijdom se beskuldigings oor koppeling van Suid-Afrika aan Duitsland (of watter moondheid ookal) moet getoets word aan die OB se houding rakende Duitsland. Sou Duitsland die oorlog wen en hy besluit om die Unie die stryd aan te sê, sou (volgens verklarings van baie Oud-OB's) die OB dit nie gelate aanvaar het nie, maar sy grondgebied teen so 'n invalsmag verdedig.<sup>305</sup> Aan die ander kant wou die OB, volgens sy KG, hom nie by voorbaat die vyandskap van Duitsland op die hals haal deur Nasionaal-Sosialisme summier te verwerp nie.<sup>306</sup> Hierdie OB-houding spreek in 'n groter mate van ideologiese standpunt as van blote pragmatiese strategie. Nogtans kon die OB ook geen waterdige verklaring of modus operandus aanbied vir 'n OB-bewindsoorname nie, anders as met die hulp van Nazi-Duitsland.

Aan die ander kant was Van Rensburg se standpunt oor die verloop van die oorlog steeds dieselfde as in 1939 met die uitbreek daarvan toe hy as Administrateur en bevelvoerder van 'n burgermagede in die Vrystaat gemeen het dat onder watter omstandighede ookal, iemand gereed moet wees om ten tye van chaos beheer oor te neem.<sup>307</sup> In 1942 moes die OB en die Stormjaers gereed wees om in sodanige onvoorsiene chaos oor te neem sodat geen magsvakuum ontstaan nie.

Om meer statuur aan die OB te verleen het die Grootraad (waarskynlik op aandrang van dr. Van Rensburg as Hertzog-bewonderaar) vir genl.

Hertzog gevra om as beskermheer van die OB te dien.<sup>308</sup> Die besluit en versoek kon weens Hertzog se ernstige siekte en operasie nie ten uitvoer gebring word nie, en *Die O.B.* het 'n gepaste huldeblyk aan die Generaal gepubliseer, waarin meegevoel met sy siekte betuig is.<sup>309</sup> Hertzog se heengaan op 21 November het geen ingrypende politieke gevolg ten effekte van eenheid gehad nie, maar die OB het sy dood gebruik as 'n slaanstok om diegene te kasty wat hom in sy lewe beveg het.<sup>310</sup>

Na Hertzog se relatief stille heengaan het die voorbereidings vir die komende verkiesing steeds voortgegaan, en vanuit HNP-kringe is nou skerper klanke téén kapitalisme laat hoor. Ben Schoeman het verkondig dat kapitalisme uitgeroei sal word indien die HNP aan bewind kom, en landsrykdomme sal op 'n koöperatiewe basis gelykop verdeel word,<sup>311</sup> wat natuurlik sterk aanklank sou vind by Nazi-gesindes.<sup>312</sup>

Alhoewel daar binne die VP stemme opgegaan het teen die hou van 'n verkiesing, het Hofmeyr dit as onuitvoerbaar afgemaak, aangesien die grondwet dan eers gewysig sou moes word. Hy het wel aangekondig dat 'n verkiesing vóór 20 Oktober 1943 gehou sou word, maar dat die presiese datum aan genl. Smuts se keuse oorgelaat sou word.<sup>313</sup> Hierdie aankondiging het die verkiesingskoors onmiddellik hoog laat styg, en die VP-pers spring weg met 'n sterk aanprysing van dr. Van Rensburg na aanleiding van die Ventersdorp-fiasko, tot uitbarsting van die HNP.<sup>314</sup> Malan het daarop in sy Nuwejaarsboodskap gemeen dat setels nie die enigste maatstaf is nie, maar dat die Afrikanerdom moes wys of hy dit ernstig bedoel met nasionalisme en republikenisme. Hy het diegene wat hulle aan die verkiesingstryd wou onttrek, bedoelende die OB, gelaak.<sup>315</sup>

Dr. Van Rensburg het twee moontlike handelwyses voorgestel: of die Afrikanerdom moet hom verenig in 'n totale demonstrasie en die "klug van 'n liberale verkiesing" boikot en die parlement as 'n instrument in die hande van die Empire verwerp of die OB moet (onderhewig aan die reeds gestelde voorwaardes) sy volle krag inwerp en elke empire- en oorlogsgesinde kandidaat teenstaan.<sup>316</sup> Malan het hierdie standpunt van die KG dadelik aangegryp vir anti-Van Rensburg-propaganda, en daarop gewys dat Van Rensburg of die verkiesing wou boikot of teen die HNP wou stem<sup>317</sup> aangesien hy volgehou het met sy voorwaarde rakende HNP-kandidate.

Teenoor prof. Joon van Rooy het Malan homself verontskuldig deur te verklaar dat hy nie met die OB 'n verkiesingsooreenkoms wou sluit nie, aangesien die OB daardeur erkenning op politieke terrein sou verkry. Ideologie as geskilpunt is verswyg,<sup>318</sup> maar *Die Kruithoring* het ideologie as struikelblok opgehaal.<sup>319</sup> Malan het hierin egter misgetas, want die OB se eise het om kandidate (wat nie vyandig teenoor die OB staan nie) gewentel en nie om erkenning van die Beweging as politieke blok of party nie. Pogings van onder andere J.G. (Kaalkop) van der Merwe, prof. Joon van Rooy en dr. Karl Bremer om Van Rensburg en Malan in die verkiesing te laat saamwerk, is deur Malan verongeluk.<sup>320</sup> Die OB was nie ingestel op die sluit van 'n formele verkiesingsooreenkoms nie, en het ook nie setels geëis nie, wat die skuldias swaar op die skouers van die HNP-leier geplaas het.

Kommunisme het teen hierdie tyd 'n gemeenskaplike vyand vir sowel die HNP as die OB geword,<sup>321</sup> want in die Unie het die Kommuniste Swart en Blank teen mekaar begin opstook en het adv. Eric Louw in die Volksraad gepoog om dié gevaar paal en perk te stel, maar sonder sukses.<sup>322</sup> Selfs Josef Göbbels (die Duitse propagandaminister) se oproep tot die wêreld om Bolsjewisme te bekamp, het geen samewerking tussen die OB en HNP teweeg gebring nie, en het die Natalse Kongres van die HNP vir sodanige samewerking op chaos uitgeloop toe Thos Pienaar en veertien ander OB's teen 'n voorgestelde eed van getrouheid aan die HNP gestem en die kongres verlaat het.<sup>323</sup>

Van Rensburg het volhard met sy voorwaardelike aanbod vir OB-deelname, maar die HNP het geen ore gehad vir dié OB-klanke nie.<sup>324</sup> C.W.M. du Toit van die AP het in die Volksraad verklaar dat waar genl. Smuts dit regkry om andersdenkendes byeen te kry, Malan daarin slaag om eendersdenkendes uitmekaar te jaag.<sup>325</sup> Hierdie Afrikaner-twis is natuurlik luid toegejuig deur die VP, en min. Harry Lawrence het die wig 'n ietwat dieper ingedryf deur die Stormjaers se vlaag rooftogte op te haal,<sup>326</sup> want Van Rensburg se woede oor dié onthullings en *Die Transvaler* se provokerende aanwending van die inligting het uiting gevind in 'n aanval teen die "... kombinasie van smaak en samewerking tussen die Empire-handlanger en H.N.P.-redakteur",<sup>327</sup> wat natuurlik op dr. Verwoerd gedui het. Op sy beurt het die HNP by monde van *Die Kruithoring* die OB's as "Duitse Sappe" uitgeskel.<sup>328</sup>

Om sake nog meer te vertroebel, het die Afrikanerparty nou ook aangekondig dat hy soveel moontlik kandidate in die verkiesing gaan stel,

wat onmiddellik deur die HNP as “Empire-diens” beskou is. Die afleiding uit die byna gelyktydige verskyning van die aankondiging in *Die Vaderland* en *The Star* is gemaak dat, omdat koerantberigte van die een koerant nie so vinnig uit ’n ander oorgeneem kan word nie, samewerking tussen genoemde twee koerante moes plaasgevind het, en dit het die vermoede dat die AP werklik met “Empire-diens” besig is, versterk.<sup>329</sup>

Te midde van grootskaalse Afrikaner-verwarring en -verdeeldheid het genl. Smuts aangekondig dat die algemene verkiesing op 7 Julie gehou sal word. Smuts self het in Mei 1943 verkiesingsooreenkomste met die Dominium- en Arbeiderspartye gesluit<sup>330</sup> en in die proses 18 setels aan sy bondgenote oorgelaat. Die Kommunisteparty het (waarskynlik uit hoofde van die Unie se oorlogsbondgenootskap met Rusland) besluit om, waar hy self nie kandidate stel nie, die VP-pakt te steun.<sup>331</sup> Desnieteenstaande was dr. Malan en sy party nie bereid om agt setels aan die Afrikanerparty oor te laat nie.<sup>332</sup> Dit het die vermoede by prof. Du Plessis versterk dat die HNP beslis nie in ’n verkiesingsoorwinning belangstel nie<sup>333</sup> en hy het geredeneer dat dié HNP-handelswyse op een ding dui: hy wou al die ander groepe probeer breek.<sup>334</sup>

Hierdie breekgedagte word bevestig deur Malan se onverskillige houding oor die OB-stem: “Ek sal nie hulle stemme weier nie, maar ek sal dit ook nie vra nie. Hulle kan doen wat hulle wil!” Sy motivering vir so ’n houding spruit uit sy geloof dat dr. Van Rensburg verantwoordelik was vir die mislukking van die Nasionale Komitee-voorstel.<sup>335</sup> Maar ten spyte van die openlike onverskilligheid het die HNP besef dat die OB-stem vir hom belangrik is en het o.a. Strijdom (op Krugersdorp) gesê dat OB-lede hulle nie sal laat vang deur die sogenaamde “eenheidskandidate” en hulle ook nie sal laat gebruik vir die kandidate se “vuilwerk” nie.<sup>336</sup> En in Pretoria het dr. Malan heftig ontken dat die HNP enige OB’s uit die partygeledere gestoot het.<sup>337</sup> Met die verkiesing anderhalfmaand ver het hy op Potgietersrus, saam met Tom Naudé wat aan Van Rensburg en die OB se eise voldoen het, verklaar dat hy nooit enige aangebode hulp van die hand gewys het nie. Maar hy gee ook voor dat die kandidaat-keuses die prerogatief van elke kiesafdeling is. Malan het nou, ongeag sy eie koppigheid, ’n beroep op die Afrikaners gedoen: “Bring op 7 Julie u stem. Doen dit nie vir uself of vir u party nie. Doen dit vir u volk!”<sup>338</sup> Hierdie klanke klink hol en leeg teen die agtergrond van Malan se houding teenoor die OB, sodat die volksentrisiteit neerkom op huigelary: in werklikheid was die HNP-leiers partysentries. Verder

kan sy houding oor kandidaatstelling getoets word aan die gebruik, soos genl. Smuts en ander partyleiers gedoen het, om kandidate van elders vir bepaalde kiesafdelings in te voer, en dat hy as leier ’n vernames rol te speel het by die aanwys van kandidate. Malan was weer inkonsekwent, want in Standerton is ’n Johannesburgse kandidaat ingevoer om teen genl. Smuts te staan.<sup>339</sup>

Dr. Malan se huigelary en politikastery het nie daarby opgehou nie. Op Zeerust verklaar hy dat die aangeleentheid oor setels nie op die OB betrekking het nie, aangesien die Beweging nie in setels belangstel nie. Maar terselfdertyd ignoreer hy die OB se verkiesingsaanbod, en betreur hy die feit dat Oswald Pirow weier om saam met HNP-sprekers op dieselfde verhoog te verskyn.<sup>340</sup>

Inmiddels het die OB met reorganisasiewerk begin met die doel om “Volledige Volksbeweging” te wees en is vaartbelyning nagestreef toe die ou provinsiale indeling en vier Assistent-KG’s vervang is met ses gebiede (A tot F) en een uniale Adjunk-KG.<sup>341</sup>

Die HNP-OB-stryd het ook sy platvloerse en naïewe ploertige momente beleef, soos toe beskuldigings heen en weer geslinger is oor skakeling met genl. Smuts. *Die Kruithoring* het onder meer in Augustus 1942 reeds sogenaamde skakels tussen Smuts en Van Rensburg gevind. Die skakel wat gevind is, is afgelei uit dr. Van Rensburg se antwoord aan dr. Boltman, toe dié hom op Cradock gekonfronteer het oor moontlike steun aan dr. Malan in Piketberg, indien hy daar teen ’n “Empire-kandidaat” te staan sou kom. Van Rensburg se antwoord was dat hy OB-lede nie sal aanbeveel om vir Malan te stem nie.<sup>342</sup> Nou, in Junie 1943, het dieselfde HNP-strydblad die skakel via ’n ander medium onthul: “Daar is ’n reeks skakels tussen die Sap-party, die volkseenhedskandidate, die Afrikanerparty en die O.B.” Hierdie naïewe afleidings word gemaak uit die feit dat die AP en die OB “Volkseenheidskandidate” gestel het en omdat mnr. C.W.M. du Toit in die Volksraad so ’n heftige aanval op dr. Malan gedoen het.<sup>343</sup>

*Die O.B.* se kommentaar op hierdie “skakel”-teorie bevat in die eerste plek ’n verwysing na Strijdom se Krugersdorp-toespraak, waarin hy verklaar het dat OB-lede besef dat daar net een vyand is, naamlik genl. Smuts. En op gevatte trant vind die koerantjie van die OB dan nóg ’n skakel: heelwat kiesafdelings het samewerking tussen HNP en die OB bewerkstellig, en die OB-lede daarvan skakel met dr. Van Rensburg —

“Dus die H.N.P. skakel ook aan die ketting en is dus ook ‘Dienaars van die Vyand’ soos die blaadjie in sy opskrif aankondig”. Blykbaar was een van *Die Kruithoring* se direkteure, dr. Karl Bremer, so geskok oor die smeerartikel van *Die Kruithoring* dat hy uit die redaksie bedank het. *Die O.B.* vermeld opsetlik dat dr. Malan en adv. F.C. Erasmus twee van die ander direkteure is.<sup>344</sup>

Genoemde smeerartikel in *Die Kruithoring* verteenwoordig die ondergrondse bedrywighede van die HNP teenoor die OB, in teenstelling met die bogrondse of sigbare kalme houding teenoor die Beweging. Met die algemene verkiesing as ’n realiteit net om die draai, het die HNP se stryd teen die OB ’n ongekende laagwatermerk bereik. Maar die afplating van die stryd kon Strijdom nog nie sover dwing om in Waterberg tydens ’n vergadering te laat beloop dat hy die OB nie weer sal beveg nie. En alhoewel die HNP die OB nie meer so openlik beveg het nie, het hy in ’n verklaring, wat elke kandidaat moes onderteken, geëis dat so ’n kandidaat slegs lid van die HNP mag wees en van geen ander politieke party of politieke groep nie.<sup>345</sup>

As gevolg van heelwat nuwe aansoeke om lidmaatskap by die OB,<sup>346</sup> het *Die O.B.* blykbaar morele krag gevind om die volle verhaal van mislukte eenheids pogings te publiseer, en dit pas ’n week voor die algemene verkiesing. Verkiesingsdag het aangebreek sonder dat (op enkele uitsonderings na) algemene samewerking tussen die OB en die HNP bereik is.

Op die laaste nippertjie het ds. S.J. Stander (voorsitter van die OB-Grootraad) OB-lede teen “eleksiekoors” gewaarsku, en dit beklemtoon dat die KG nie aanbeveel het dat OB’s net vir die AP moet stem nie, maar vir anti-Empire-kandidate. Die KG het terselfdertyd daarop gewys dat hy slegs aan diegene wat om leiding gevra het, die aanbeveling ten opsigte van hoe om te stem, verskaf het. Maar sy toespraak op die Grootraadsitting was allermens vriendelik teenoor die HNP.<sup>347</sup>

Dat die Afrikanerdom in die verkiesing swak sou vaar is allerweë verwag weens die volhardende verdeeldheid, met slegs die troos vir die verloorders dat die oorlogsomstandighede bygedra het tot die uitslae.

Seker die belangrikste neweresultaat van die verkiesing is dat die AP geen enkele setel kon verower nie, en sodoende as parlementêre of selfs as magsfaktor van die toneel verdwyn het. Ten spyte van die feit dat die Nuwe Orde lank voor die verkiesing sy 17 setels prysgegee het, het

die HNP sewe kiesafdelings ten gunste van die Smuts-pakt verloor. Die Verenigde Party se meerderheid in die Volksraad is van 72 tot 89 vergroot en sy senior bondgenoot, die Arbeidersparty, het sy setels van 4 na 9 opgestoot, terwyl die Natalse Dominiumparty een setel in dié provinsie kwyd is. In totaal het die Smuts-pakt se Volksraadsetels van 84 tot 107 vermeerder, terwyl dié van die Opposisie van 66 na 43 gekrimp het.<sup>348</sup>

Om beter perspektief op die 1943-verkiesing te kry, is dit nodig om daarop te let dat ten spyte van die VP-pakt se groot seteloorwinning die VP in totale stemmetal ’n negatiewe groei van 448 000 in 1938 tot 432 000 in 1943 getoon het, teenoor die HNP se positiewe groei van 248 000 in 1938 tot 318 000 in 1943.<sup>349</sup> Met in agneming van die groot toename van Kleurlingstemme in die Kaap, is dié vertoning van die VP-pakt minder groots, en kan die seteloorwinning toegeskryf word aan veral die afbakening van kiesafdelings. ’n Ander faktor wat in berekening gebring moet word is die verstedeliking van die Afrikaner wat wel groot was, maar nie sodanig dat hy in die stede ’n betekenisvolle verandering gebring het ten opsigte van setelverowering nie.

Van Heerden se bevinding dat by afwesigheid van ’n eksterne faktor soos die oorlog by ’n volgende verkiesing die bordjies maklik verhang kon word<sup>350</sup> kan tot ’n groot mate bevestig word, maar met die voorbehoud dat dit nie as die enigste en belangrikste faktor beskou word nie. Die uitgerekte verdeeldheid onder die Opposisiegroepe as gevolg van hul onderlinge magstryd is ewe belangrik vir die swak setelvertoning van die Opposisie. In kiesafdelings soos Vryburg en Pietersburg het die OB se rol in die eerste geval (met OB-boikot) vir die HNP die setel gekos, terwyl in laasgenoemde geval met OB-steun mnr. Tom Naudé die setel verower het. Maar in die Paarl en Vasco het die HNP die setels verloor ten spyte van OB-steun. In ander kiesafdelings, byvoorbeeld in die Kaap waar die Kleurlingstem in berekening gebring moet word, is die OB se rol moeilik te peil. Driehoekige gevegte in kiesafdelings soos Soutpansberg, Heidelberg, Pretoria-distrik, Middelburg (en moontlik ook Mayfair) het sake in die guns van die VP laat verloop.<sup>351</sup>

In sy verkiesingsnabetragting het prof. L.J. du Plessis enkele sterk negatiewe tekens vir die VP vir ’n volgende algemene verkiesing bespeur: eerstens was die stemme-meerderheid van die VP nie groot en veilig genoeg nie; tweedens het Smuts se persoon in 1943 as groot bindingsfaktor vir die VP-pakt gedien en weens sy hoë ouderdom kon

hierdie faktor met 'n volgende verkiesing kwyn of selfs verdwyn; derdens sien hy 'n waarskynlike oorlogsontwrigting wanneer vrede gesluit word wat die VP-bondgenootskap ernstig in gevaar kon stel, wat sou saamval met verswakking van Britse en Amerikaanse steun.<sup>352</sup>

Met die verkiesing het die Afrikanerdom 'n welverdiende pakslae gekry en kon daaruit 'n belangrike les geleer word. En alhoewel adv. F.C. Erasmus gemeen het dat die verkiesing die Afrikanerdom se verbroekeling uit die volkslewe laat verdwyn het<sup>353</sup> — 'n afleiding wat hy waarskynlik maak uit die feit dat die HNP nou die enigste opposisieparty in die Parlement was — was die 1943-verkiesing nog geensins die keerpunt in Afrikanerverdeeldheid nie, want die stryd sou nog tot 1948 en selfs daarna voortwoed.

Naas die VP en die HNP het die OB oorgebly as minstens die derde sterkste magsfaktor op die politieke front en sou hy sy buite-parlementêre rol voortsit. Dr. Hans van Rensburg het aan die komende provinsiale verkiesings geen erg gehad nie, omdat hy van die futiliteit van die kruisemakery oortuig was. Vir hom het die probleem voorts ook gesetel in die politieke leierskap van "middelmattige talente met oormatige ambisies."<sup>354</sup> Nogtans handhaaf Van Rensburg die OB se voorwaardes vir deelname aan die provinsiale verkiesings soos vir die parlementêre verkiesing.<sup>355</sup>

Samewerking op Malmesbury is deur die HNP-leiers afgekeur, maar die benadering van dr. Malan het verskil van dié van Eric Louw en P.W. Botha. Malan het eendragtige optrede goedgekeur, maar met die voorbehoud dat die sake van bo af gereël word, terwyl Louw en andere teen samewerking per se was.<sup>356</sup> Gesien die uitslae van die algemene verkiesing vir die Volksraad toon hierdie houding oor samewerking met die OB hoe vasberade die HNP-leiers was om die OB finaal te breek. Daar teenoor het Van Rensburg OB-lede aangemoedig om selfs vir 'n nie-respektabele kandidaat te stem, solank die stem anti-oorlog en anti-empire gerig is.<sup>357</sup>

Soos verwag kon word, was daar minder belangstelling in die provinsiale verkiesings en sou die OB waarskynlik selfs 'n groter afkeer teenoor die stembus openbaar. Die HNP het dit ewenwel vermag om sy meerderhede in 4 setels te vergroot, terwyl die VP vergrote meerderhede in 7 setels getoon het, en verkleining van meerderhede in 7 kiesafdelings vir die HNP en in 5 vir die VP.<sup>358</sup> Hierdie neigings bewys die swak-

ker belangstelling veral by die betrokke partye wat in bepaalde kiesafdelings met die parlementêre verkiesings die onderspit gedelf het.

Ongeag positiewe of negatiewe vertolking van die verkiesingstatistiek het sekere dinge duidelik uitgekristaliseer. In die eerste plek was die HNP nou die enigste partypolitieke verteenwoordiger van die Afrikanerdom in die Volksraad en kon hy die aanspraak sonder teenspraak handhaaf. Tweedens was dit totaal onseker of die Afrikanerparty in die toekoms nog enige noemenswaardige rol in die praktiese politiek sou speel. Derdens was dit seker dat die OB as politieke faktor nog nie van die toneel verdwyn het nie. In die vierde plek was, ongeag die relatief swak vertoning van die Opposisiegroepe, die HNP duidelik sterk aan die opkom wanneer die stemtotale globaal beskou word, en was (met inagneming van die besondere oorlogsomstandighede) 'n oorwinningsverwachting in die volgende algemene verkiesing vir die Afrikanerdom nie vergesog nie. Vyfdens het die HNP en die OB, saam met die Afrikaner-groepe en partye, nog nie daarin geslaag om saam te werk en die Regering uit die kussings te lig nie.

Omdat die Afrikanerparty so swak gevaar het, het die HNP in werklikheid 'n sterker bedingingsbasis verkry teenoor sowel die regerende party as die Ossewa-Brandwag. Met Havenga en Pirow vir alle praktiese doeleindes uit sy pad, kon die HNP hom in groter mate toespits op konsolidering van sy mag binne die Afrikaner-etniese verband, en werk vir politieke volmag voordat die volgende algemene verkiesing aanbreek. Maar die Afrikanerparty het, nieteenstaande verstokenheid van enige parlementêre setels, nie ontbind nie, en was politieke hergroeperings binne die Afrikanerdom nog moontlik.

Maar tussen 1943 en 1948 kon toestande en omstandighede nog baie verander. Die oorlog kon nog verrassings oplewer — dit kon baie gou ten einde snel, of Duitsland kon moontlik nog wen. En indien die oorlog beëindig word, sou nog gesien moes word watter sosio-ekonomiese gevolge dit vir die Unie inhou.

Die OB het hom in ieder geval voorberei op beëindiging van die oorlog en 'n appèl op die sogenaamde terugkerende soldaat probeer maak. Dr. Van Rensburg het op 28 Oktober in die Paarl verklaar dat die OB en die terugkerende soldaat min of meer in dieselfde bootjie sal wees — altwee sonder politieke tuiste. Daarom het hy gemeen dat die soldate by die OB welkom sou wees.<sup>359</sup>

Vir sy steun was die OB in die toekoms op twee teikengroepe gerig: (1) die werkers (arm mense) en (2) die soldate. In die eerste geval het die OB besondere realisme aan die dag gelê met die besef dat groot konsentrasies Afrikaners as gevolg van verstedeliking, en in baie gevalle gepaardgaande armoede, hulle in die stede bevind het. Om getalkragtig te bly, was dit beslis 'n belangrike teikengroep. Ook in die tweede geval, met die soldate, is daar 'n tikkie realisme te bespeur, maar om in albei gevalle baie sterk steun uit hierdie teikengroepe te verwag, sou seker onder enige omstandighede voorbarig wees, want sowel die bewindhebbende party as die Opposisie kon deur maatreëls enersyds en propaganda andersyds dieselfde aansprake op dié groepe maak.

Soos die OB het ook die HNP sekere voorbarige aansprake gemaak, byvoorbeeld dat die HNP nou die erfgenaam van “Monumentkoppie” geword het, of dat hy die beliggaming van die georganiseerde Afrikanerdom op politieke gebied geword het.<sup>360</sup> Daar sou nog baie water in die see loop voor die volgende algemene verkiesing, en, soos reeds aange-ton, kon baie dinge gebeur wat die kaarte deurmekaar kon krap. Nog-tans het die HNP tot 'n groot mate reg op sulke aansprake gehad.

Dr. Malan het op die Kaaplandse kongres van die HNP vier groot take vir dié party omlin: (1) om die “Nasionale standpunt in Suid-Afrika getrou en aanhoudend te propageer; (2) om die volk op die pad van Suid-Afrika tot volkome vryheid te voer”, want volgens Malan moes 'n volk óf sy bestemming bereik óf ten gronde gaan: (3) om gesonde kleur-verhoudinge, wat reeds deur Smuts met die bewapening van nie-blankes bemoeilik is, te skep; (4) om ekonomiese ontwikkeling “in die regte rigting te stuur” met die HNP se “Sosiaal-ekonomiese beleid wat by die behoeftes van die land aanpas ... Malan was daarvan oortuig dat hy, wat veral die laaste oogmerk betref, namens die oorgrote meerderheid van die volk praat. Wat die taal- en kultuuraangeleenthede betref, het Malan die versekering gegee dat indien die HNP aan bewind kom, hy nie net namens een bevolkingsgroep sou regeer nie, maar in belang van “die hele bevolking.”<sup>361</sup>

'n Belangrike aspek van die OB se optrede tot dusver was dat hy min of meer op 'n ad hoc-basis gefunksioneer het, maar rondom 1943 het hy meer doelgerig beleid begin formuleer deur middel van sy nuutgestigte Afdeling vir Beleid, met prof. L.J. du Plessis aan die hoof. Die algemene term wat die OB self vir die beleidsake gebruik het, is “Staats-beleid”. Hy het hom in groter mate begin bemoei met die ras-

seprobleem, arbeidsprobleme, en hy het 'n definitiewe politieke stelsel begin formuleer en in die samehang daarmee 'n staatsstelsel. Die OB het ook die grondslag van sy beoogde nuwe staatsbestel omlin, en voor-siening gemaak vir 'n sosio-ekonomiese struktuur.<sup>362</sup> Kortom, die OB het hom gereed gemaak vir enige gebeurlikheid wat hom óf begunstig om die bewind oor te neem óf noodwendig in 'n bewindsposisie kon plaas. Die toekoms sou egter nog moes leer wat dit presies vir die OB sou inhou.

## 2.5 Die O.B. op die krefftegang

Vir die OB was die Tweede Wêreldoorlog 'n stryd tussen die oue en die nuwe, die kapitalistiese en die sosialistiese magte, met die OB self 'n draer van die “nuwe idee”. Volgens sy oordeel het die Afrikaner reeds ver gevorder met die aanvaarding van die nuwe idee, wat aan die OB die taak gestel het om nou “die verdwaalde en versnipperde volksregte tot eenheid” saam te snoer, nie op 'n basis van blote organisatoriese eenheid nie, maar op grond van toewyding en belange, van 'n “volks-roeping” binne 'n “Volksbeweging.”<sup>363</sup>

Daarom het die OB graag geglo wat die tydskrif *Trek* oor sy toekoms-tige rol te sê het, alhoewel die publikasie as effens “links” geklassifiseer is. In 'n artikel word gespekuleer dat dr. Malan waarskynlik in die nabye toekoms die Regering uit die kussings gaan lig, en dat hy dan moontlik net so lank soos Hertzog aan bewind sal kan bly, maar indien die na-orlogse tydperk 'n wêreldwye ekonomiese en maatskaplike ineenstorting meebring, hy nie lank sal regeer nie. In so 'n geval sal dr. Van Rensburg en sy Brandwagte gereed staan om die leisels oor te neem, en dit sal tegelyk die einde van kapitalisme en demokrasie in Suid-Afrika beteken. Die swakkerige vertoning aan die OB word slegs gewyt aan die “tanende vooruitsigte van die Nazi-mag ...” *Trek* se artikelskrywer vermoed ook dat, na aanleiding van sekere HNP-kandidate se toenadering tot die OB vir steun, partypolitici weldra tot herontdekking van Van Rensburg en Pirow se deugde sal kom. 'n Maatskaplike ineenstorting sal die OB en die HNP nader aan mekaar bring, en sommige partypolitici sal naartoe poog om hul eie anti-Kommunistiese organisasie in die lewe te roep. Hulle sal egter nie by die OB en Van Rensburg kan kers vashou nie, en laasgenoemde sal die leiding gee.<sup>364</sup>

Prof. L.J. du Plessis het die prentjie ietwat donkerder geskilder met die snelle opkoms van die twee supermoondhede, die VSA en Rusland. Dié

twee (verteenwoordigend van die Weste en Ooste onderskeidelik) sou in 'n magstryd gewikkel raak en Suid-Afrika (sowel as Afrika) sou 'n belangrike plek in dié stryd om invloedsfere inneem. Selfs die waarskynlikheid om Suid-Afrika aan die Britse Ryk te ontkoppel het hom nie heeltemal getroos nie, want dit sou nog steeds nie vryheid inhou nie, omdat, selfs al vind die twee grootmoondhede nie vastrapplek in Afrika nie, die wêreld 'n moontlike herinstelling van die Volkebond kon beleef. Om al dié genoemde redes het die versierende Du Plessis die sin van verdere oprakeling van geskille tussen die OB en die HNP ernstig bevestig. Neutraliteit of Duitsgesindheid sou volgens hom geen verskil maak nie, want die toekomst sou wentel om "gesosialiseerde ekonomie" — die vraag is alleen maar: 'n nasionale of kommunistiese?<sup>365</sup>

Dit het reeds al hoe duideliker geword dat die verloop van die oorlog oor die algemeen van minder belang word, maar dat die na-oorlogse toestand in Suid-Afrika, ongeag wie die oorlog wen, na verwagting groot probleme sou meebring. Dr. Malan het enkele van die groot na-oorlogse vraagstukke voorspel: verhoogde lewenskoste, kleurgelykstelling en kommunistiese opsweping, en selfs 'n moontlike "tweede Traktaat van Versailles" met 'n vrede wat deur die Geallieerdes gedikteer sou word. Hy meen dat die afgelope verkiesing in die Unie onder die wolk van die oorlog gevoer is en dat mense hulle oë gesluit het vir wat na die oorlog sou volg. En vir Malan was die sleutel tot oplossing van die vraagstukke die HNP. Dié party het volgens Malan die Smutsbewind teengestaan, maar is in die proses in die rug aangeval. Hierdie ruggesteek het hy toegeskryf aan "die nawerking van wat nou erken word 'n onnatuurlike samesmelting te gewees het, en ... die weerklank van die botsende ideologieë ..." van Europa, en hier in Suid-Afrika.<sup>366</sup> Hierdie verwysings van Malan is duidelik teen genl. Hertzog se 1934-optrede en die OB se Nasionaal-Sosialistiese beeld gemik.

Uitnodigings aan alle Afrikaners binne die AP en die OB om met die HNP saam te werk is deur dr. Malan en ook deur adv. C.R. Swart op respektiewelik die Kaaplandse en Vrystaatse kongresse gedoen, maar sonder om uit te spel hoedanig die samewerking moet wees en sonder om vir onderhandelinge met die AP en die OB voorsiening te maak.<sup>367</sup> Daarteenoor het die OB geglo dat die Afrikaner na aanleiding van die verkiesingsuitslae die rug op die partypolitiek begin draai, veral omdat hulle vertroue in die HNP en sy leiers sou verloor het.<sup>368</sup>

Die Ossewa-Brandwag het in November 1943 met die oog op 'n nuwe sosio-ekonomiese en politieke bedeling 'n aantal beleidspunte in sy sogenaamde Staatsbeleid uitgespel: (1) verenigde volkspolitiek in plaas van verdelende partypolitiek; (2) 'n eenheidstaat in plaas van 'n "bonte mengelmoes"; (3) seggenskap vir beroepe, dit wil sê beroepsverteenvoordiging op die hoogste regeringsvlak; (4) burgerskap slegs vir "volks-genote" (teenoor onderdaanskap van nie-volksgenote); (5) segregasie wat geleidelik toegepas moet word; (6) "Afrika vir die Afrikaner" (7) Christelik-Nasionale ontwikkeling in plaas van 'n liberalistiese opset; (8) werkloosheid is 'n refleksie op die staat en nie op die werksoekende volksgenoot nie; (9) landsrykdom vir "volksdiens" en billike verdeling daarvan; (10) geen Kapitalisme en geen Kommunisme sal toegelaat word nie.<sup>369</sup> Die motief is duidelik: die OB wou nog die land regeer.

In Pretoria het dr. Van Rensburg verklaar dat die soort nasionalisme wat nie die sosiale verpligtings teenoor die arbeidende volksgenoot aanvaar nie, ook nie in die nuwe OB-staat sal pas nie. Solank Kapitalisme dit regkry om Nasionalisme en Sosialisme uitmekaar te hou, sal hy behoue bly, maar sodra laasgenoemde twee mekaar vind, sal Kapitalisme verdwyn. Slegs die OB kon Nasionalisme en Sosialisme versoen, en Van Rensburg het die volkspolitieke heil alleen in "'n nasionalisme wat sosiaal is, en in 'n sosialisme wat nasionaal is" gesien. Volgens hom is Kommunisme niks anders as Staatskapitalisme nie.<sup>370</sup>

Genl. Smuts se toespraak voor Britse parlamentslede waarin hy op die gevaar van die fenomenale opkoms van Rusland en Kommunisme gewys het, was water op die meul van sowel die HNP as die OB. *Die Burger* het hom in sy hoofartikel verlekter in die lat wat Smuts vir homself gepluk het, want hy, as "handyman of the Empire", kon nou nie meer anti-Kommunistiese standpunte as blote Nazi-praatjies afmaak nie. Dr. Malan het Smuts se waarskuwings aangegryp as rede waarom Suid-Afrika onmiddellik 'n republiek moes uitroep en vrede deur onderhandelinge met die volke van Sentraal-Europa sluit, in plaas van hulle te probeer uitdelg.<sup>371</sup>

In 'n artikel het prof. J.A. Wiid Brittanje as ryp vir 'n Kommunistiese aanslag beskou, en die OB gesterk in sy geloof dat die Sosialisme in die wêreld die oorhand sou kry. Vir Wiid is die OB die draer van die nuwe ideologie in Suid-Afrika.<sup>372</sup> Dr. van Rensburg se reaksie op genl. Smuts se opspraakwekkende toespraak voor die Britte was een van waardeerling vir die Generaal se openhartige eerlikheid, maar tegelyk 'n uitwy-

sing van Smuts se defaitistiese houding. Van Rensburg het “nasionaal-sosialistiese Europa” gesien as die wagters by die poorte, en Afrikaners en Engelssprekendes in Suid-Afrika voor ’n keuse gestel: Nasionaal-Sosialisme of ondergang. Hy het genl. Smuts se eie woorde van 1902 van toepassing gemaak: “... ‘het einde is gekomen in veel bitterder vorm dan wij ooit hadden gedacht’, tensy met die genadē van God die wagters aan die poorte sterk genoeg is!”<sup>373</sup>

Omdat verwag is dat een van die grootste na-oorlogse probleme werkverskaffing aan die werkloosies gaan wees, het sowel die OB as die HNP hulle nou tot die werker gerig. Die Grootraad het dit reeds as beleids-punte aangeneem dat ’n toestand van geen werkloosheid, wel net ten opsigte van “volksgenote”, nagejaag sal word deur middel van ’n “Arbeidsfront van die Afrikanerdom.”<sup>374</sup> Die HNP het afgeskop met die Skiereilandse werkers as teikengroep.<sup>375</sup>

In die Volksraad het dr. Malan ’n republiek voorsien wat anti-kapitalistiese en anti-kommunisties is, afgeskei van die Britse Ryk en Britse Kroon en gegrond op die beginsel van volksregering, met gelyke taal- en kultuurregte vir Engels- en Afrikaanssprekendes.<sup>376</sup> Malan se republiek sou dus in sy anti-Kapitalistiese aard ingestel wees op koöperatiewe benutting van landsrykdomme en regverdiger verdeling van die bronne, soos reeds deur dr. Boltman en Ben Schoeman beloof is.<sup>377</sup> Hierdie nasionaal-sosialistiese beleidspunt stem presies ooreen met wat die OB-Grootraad in November 1943 in sy beleidsverklaring gestel het.<sup>378</sup>

Die Regering se “social-security”-plan is skerp gekritiseer — dr. Malan se beswaar daarteen was dat die plan ’n té sterk aanspraak op die belastingbetaler se sak maak, en dat die enigste manier waarlangs die land se probleme opgelos kon word, sou ’n totaal nuwe sosiaal-ekonomiese stelsel wees.<sup>379</sup> Die OB het daarop gewys dat die kapitalistiese oogmerk van winsbejag strydig is met die Regering se begrip van “social security”, en dat Kapitalisme nie ’n billike verdeling van die rykdomme sou toelaat nie.<sup>380</sup> In wese het die OB en HNP eenders gedink.

Maar die OB se konsentrasie op die werker as teikengroep, met die kreet: “Die Ossewa-Brandwag is die ystervuis van die werkers”<sup>381</sup> het vir anti-OB’s na Kommunisme begin lyk. D.J.J. Potgieter skryf in April 1945 dat Van Rensburg, na aanleiding van sy toespraak op Utrecht, na Kom-

munisme beweeg, en dr. Piet Meyer sou verklaar het dat die werkers die bewind in die hande moes kry. Volgens Van Rensburg het die OB nie meer sy lede in hoë amptenare en besitters gesoek nie, maar by die werker en dagloner, en volgens Potgieter het die boere daarvoor geskrik.<sup>382</sup>

Die effek van al die standpunt- en beleidstellings sou weldra getoets kon word in die tussenverkiesings in Wakkerstroom en Zoutpansberg. Die kieserspubliek sou vroeg reeds ’n aanduiding kon gee van wie se toekomsplanne vir hulle die aanneemlikste klink.

Die twee tussenverkiesings (pas ’n jaar na die algemene verkiesings van 1943) sou nie alleen ’n toets bied vir beleidstandpunte nie, maar sou in ’n mate as barometer van die kieserskorps se houding oor die moontlike of verwagte na-oorlogse toestande dien. Met die oorlog swaar in die guns van die Geallieerdes en die moontlikheid van beëindiging daarvan nie te ver nie, het die aandag van die oorlog self na die verwagte na-oorlogse sosiaal-ekonomiese toestand verskuif.

Die eerste van die twee tussenverkiesings sou in Zoutpansberg plaasvind (Maart 1944), waar om ’n provinsiale setel geveg word. En alhoewel die strydpunt in die geveg hoofsaaklik om moedertaalonderwys gewentel het, is daar verwag dat selfs dié verkiesing sou aandui hoe die politieke winde sedert 7 Julie 1943 waai. Daarom het die Nasionale Party groot erns met die verkiesingstryd gemaak om hul kandidaat (mnr. M.G. du Plessis) in die Provinsiale Raad te kry. Die teiken was nie onbereikbaar nie, want in die 1943-verkiesing het die VP die setel met meerderhede van 877 (Volksraad) en 211 (Provinsiale Raad) gewen.<sup>383</sup>

Nadat die uitslag van Zoutpansberg bekend geword het, was die blydskap by die HNP groter as die verrassing, want die HNP het die setel verower met ’n meerderheid van 430. Dit beteken dat ’n swaai van ten minste 641 in die guns van die HNP binne ’n bestek van vyf maande plaasgevind het. Die HNP het gejuig: “Geluk Zoutpansberg! Geluk Transvaal — die groot omneswaai het begin!”<sup>384</sup> Maar die aandag was baie skerp op Wakkerstroom gefokus.

In sy hoofartikel het *Die Transvaler* na aanleiding van gebeure in die Provinsiale Raad, volgende op die Zoutpansberguitslag, daarop gewys dat genl. Smuts na die kiesers met sy beleid van dubbelmedium-onderwys gegaan en gefaal het. Die koerant het vir die VP die 1942-spook van Wakkerstroom opgeroep en gesê dat Wakkerstroom ’n

reputasie het om te handhaaf.<sup>385</sup>

Wat die HNP betref, moes die kiesers van Wakkerstroom besluit oor genl. Smuts se buitelandse en binnelandse beleid. Insake buitelandse beleid moes besluit word oor die Unie se verhouding met Brittanje, veral waar Smuts besig is om "... konferensie te hou met sy baas, Winston Churchill, en met die ander verteenwoordigers van die Britse Empire". Rakende binnelandse aangeleenthede moes besluit word oor Smuts se plan om Britse werkloosies ten koste van Suid-Afrikaners hier te vestig; oor die Jode wat hier toegelaat word as gevolg van die vriendelike houding van Smuts en Hofmeyr; oor die Unie se bondgenootskap met Rusland in die oorlog, asook die gevolglike toelating van die Kommunisteparty in die Unie met die gevaar wat dit vir die blanke beskawing in Suid-Afrika inhou.<sup>386</sup>

Die OB se steun in die Wakkerstroom-tussenverkiesing was 'n faktor om in gedagte te hou, en alhoewel dié Beweging nie enige direkte leiding gegee het oor waar die OB's moet stem nie, het dr. Van Rensburg in *Die O.B.* dit net gestel dat die Beweging goeie bande met die soldate het.<sup>387</sup> Daaruit moes OB-lede waarskynlik aflei dat hulle vir die soldatekandidaat, A.L. Hall, moes stem. Hierdie taktiese flater van die OB is deur die HNP aangegryp as steun aan die Kommuniste, omdat die kommunistiese Springbok Legioen dieselfde kandidaat gesteun het.<sup>388</sup> Dit is nie vergesog om as hipotese te stel dat genl. Smuts moontlik iets met Hall se kandidatuur te doen gehad het nie, en dat hy die Opposisie se stemme wou verdeel, want hy het waarskynlik geweet dat die OB na soldatesteun vry.

Wakkerstroom het die HNP nie teleurgestel nie, want sy kandidaat, J.G.S. van Niekerk, het die setel met 'n meerderheid van 221 oor die VP verower. In 1943 het die VP die setel gewen met 'n meerderheid van 551 stemme, wat 'n swaai van 772 in die guns van die HNP beteken. Hierdie uitslag was 'n goeie barometer, aangesien die stempersentasie op 84 te staan gekom het. Die soldatekandidaat het slegs 10 stemme op hom verenig.<sup>389</sup>

Die sterk swaai na die HNP is deur dié party gedeeltelik toegeskryf aan die feit dat baie OB's vir Van Niekerk gaan stem het. Baie van hulle het dit openlik erken, en volgens *Die Kruithoring* het hulle daarom by hul organisasie in die vaarwater beland. Die swaai is ook deels toegeskryf aan baie OB's wat in 1943 buite stemming gebly het, maar

sedertdien die OB vaarwel toegeroep het.<sup>390</sup> Dr. Hans van Rensburg se weergawe van die Wakkerstroom-uitslag is dat *Die O.B.* die HNP-kandidaat gesteun het bloot omdat hy tussen twee euwels moes kies, en toe maar die aanvaarbaarste van die twee gesteun het. Hy meen dat 400 OB's vir die HNP gestem het en dat die HNP aan hulle dank verskuldig was. Dié dankbetuiging is wel in *Die Transvaler* gedoen.<sup>391</sup>

Met die setel veilig in die HNP se sak, het die stof nog nie heeltemal gaan lê nie, want in *Koers* het prof. Wikus du Plessis beweer dat die HNP die Gryshemde amptelik vir hul steun bedank het, maar nie die OB nie. Strijdom het dit heftig ontken en daarop gewys dat in sowel *Die Transvaler* as *Die Burger* die Gryshemde én die OB's bedank is,<sup>392</sup> maar Du Plessis het in sy antwoord aangevoer dat die Gryshemde as beweging bedank is, maar dat die OB as sodanig nie "offisieel" bedank is nie.

Vir Du Plessis was dit ook opvallend dat die HNP-pers 'n Gryshempvergadering geadverteer, maar die OB se Noodhulpfonds-advertensies geweier het.<sup>393</sup>

Die OB-koerantjie het na afloop van die tussenverkiesings 'n saak probeer uitmaak dat die HNP die oorwinning nie as 'n party oorwinning nie, maar as 'n nasionale oorwinning moet beskou. *Die O.B.* het verby die werklike betekenis van die tussenverkiesing in Wakkerstroom gekyk deur te beweer dat een bykomende setel in die parlement nog geen verskil maak nie.<sup>394</sup> Dit kon egter geen verskil maak aan die feit dat die OB reeds agteruitgegaan het nie, en dat in teenstelling daarmee die HNP groot opgang gemaak het ten koste van sowel die OB as die Verenigde Party. Teen Junie 1944 het dr. Van Rensburg die getalsterkte van die OB, wat in 1941 nog op ongeveer 300 000 geskat is, op min of meer 100 000 gestel.<sup>395</sup> Die OB se stryd het al hoe meer die kleur van 'n oorlewingstryd begin kry, en twee groot faktore was daarvoor verantwoordelik: (1) die ongunstige wending wat die oorlog vir Duitsland geneem het — die OB se volhardende hoop op 'n Duitse oorwinning het hom duur te staan gekom; en (2) die magstryd tussen die OB en die HNP, waarin die HNP met sy pers groter slaankrag op teen-propagandistiese vlak gehad het.

Die OB se kreeftegang het reeds begin, maar hy was nog lank nie vernietig nie en sy invloed in die politiek is nog nie beëindig nie.

Relativering van die term “Afrikaner” het reeds in Januarie 1941 by die OB voorgekom toe dr. Van Rensburg op Parys selfs Engelssprekendes voorwaardelik daarby wou insluit,<sup>396</sup> en in 1944 het hy die standpunt steeds bly handhaaf: diegene van Engelse afkoms wie se lojaliteit by Suid-Afrika eerder as by Brittanje lê.<sup>397</sup> Hierdie verskynsel van relativering tot groter inklusiwiteit was ook by die HNP niks vreemds nie, soos blyk uit Malan se 1948-verkiesingsveldtog.<sup>398</sup>

*Die Kruithoring* het in dier voege ’n sappige stukkie skinderstorie uit twee Sap-blaaie *The Forum* en *Die Suidersterm* oorgeneem, waarin beweer is dat dr. Van Rensburg op ’n sekere Sondag ’n aantal vooraanstaande geldskieters van Kaapstad onthaal het.<sup>399</sup> Die oogmerke met die joernalistieke vindingrykheid is voor die hand liggend, want dit sou deel wees van ’n proses van karaktermoord op Van Rensburg. In werklikheid was die stukkie skindernuus die breinvrug van Jack Loock wat hy destyds nog as VP-man bedoel het as ’n klip in die bos, soos hy jare later teenoor die Van Rensburg-familie bely het.<sup>400</sup> Maar Etienne Malan, redakteur van *Die Kruithoring*, het geen steen onaangeroer gelaat om Van Rensburg aan die Engelse kapitaliste te probeer koppel nie, want dit sou hom by sy eie mense verdag maak.<sup>401</sup> Dit was dan om dié rede dat dr. Van Rensburg se agtienjarige seun besluit het dat Malan te ver gegaan het en daarvoor ’n pakslae verdien, en hom in sy kantoor aangerand het. *Die O.B.* het die aanranding goedgekeur, terwyl die HNP-pers dit veroordeel het.<sup>402</sup>

Aanranding van heelwat ernstiger aard is op Frans Mentz, HNP-LV vir Westdene, uitgevoer, nadat hy hom skerp oor die OB se Noodhulpfonds uitgelaat het. In HNP-kringe het dit ’n storm ontketen en dr. Malan het dit beskryf as: “... ’n smet op ons Christelike volkskarakter. Ons volk se eer is geskend!” Adv. Strydom het ernstige bedenkinge gekoester teen die Regering se hantering van sulke voorvalle. Eric Louw het die gebeurtenis direk in verband gebring met Van Rensburg se waarskuwing teen diegene wat die OB-Noodhulpfonds probeer saboteer.<sup>403</sup>

Sekere OB’s het vorendag gekom met ’n verklaring waarin beweer is dat adv. C.R. Swart en adv. Eric Louw self in 1940 by ’n soortgelyke beplande voorval medeweters was, en dat dit toe maar alles in orde was.<sup>404</sup>

Watter bokspringe die OB ookal sou maak, het veral die aanranding op Mentz die OB se beeld ernstig geskaad, want nou kon die OB as

’n belhamel aan die publiek geskilder word. Met sy enkele koerantjie was die OB min of meer magteloos teen die stroom HNP-propaganda. Dat die sabotering van die Noodhulpfonds ’n emosionele skokgolf veroorsaak het, kan egter nie die aanrandings goedmaak nie, en die vraag ontstaan of die agteruitgang van die OB nie bygedra het tot die hewige reaksies nie.

Hierdie hipotese word gesteun deur die moorde op Louis Nel en D. Lötter waarvan die oorsprong na die Stormjaers teruggevoer kan word. Van HNP-kant is die moorde onomwonde veroordeel, terwyl die OB, by monde van dr. Van Rensburg, dit teenoor Amerikaanse joernaliste gestel het: “Lötter ... and Nel — were both police informers and deserved the fate they received. Actually, therefore, only two deaths can seriously be laid at our door ... Now in the history of an organization as ours, that is nothing.”<sup>405</sup> Gewelddade deur die KG gekondoneer moes eenvoudig skadelik wees vir die OB se openbare beeld.

Soos te wagte het dr. Malan in November 1944 ’n amptelike HNP-omsendbrief aan alle kiesafdelings dwarsdeur die land gestuur waarin HNP-lede gevra is om “beslis en finaal met die OB te breek”. Die benadering tot die gewone OB-lid moes wees om hom nie te vervreem nie, maar om hom met oortuiging te benader en in te trek. Daarby het dr. Malan die skuld vir die onmin en skeuring tussen die HNP en die OB holus bolus op die skouers van dr. Van Rensburg gepak, met insluiting van die direkte leierskring rondom Van Rensburg.<sup>406</sup>

Beide HNP en OB het in hierdie stadium baie belanggestel in groter steun, maar die motivering vir elk het hemelsbreed verskil: die HNP het met die tussenverkiesings gesien dat hy aan bewind kan kom as die neiging voortduur en die uitwerking van sy 1943-stemmetoename (teenoor 1938) voelbaar word; die OB se motief vir steunwerwing was geleë in sy oorlewingsstryd. Daarom het Eric Louw met ingenomendheid kennis geneem van die nuwe belangstelling in die HNP van sekere Engelse handelslui van Kaapstad,<sup>407</sup> terwyl dr. Van Rensburg onthuts was oor ’n artikel wat in die *Labour Bulletin* van Mei 1944 verskyn het waarin die OB se goeie trou teenoor die werker per se bevraagteken is teen die agtergrond van die sogenaamde “cocktail party”.<sup>408</sup> Die OB se nuwe benadering tot die terugkerende soldaat kan in dieselfde asem genoem word.<sup>409</sup>

Omstandighede het die OB tot Realpolitiek gedwing en prof. Wikus du

Plessis se opvatting was dat die stryd tussen die OB en die HNP futiel was, gesien die waarskynlike nuwe wêreldsituasie wanneer die oorlog ten einde sou loop. Du Plessis was nou 'n sterk voorspraak vir samewerking, maar Van Rensburg was lugtig genoeg om te wil toesien dat die OB nie 'n handlanger van die HNP word nie. Die stembus het vir die KG steeds geen aantrekkingskrag gehad nie, en hy het min omgee oor hoe die gewenste en begeerde republiek verkry word: "... Maar 'stembus, omnibus of blunderbuss' ons wil 'n republiek hê."<sup>410</sup>

Toe die OB na vore kom met die idee van 'n "parlementêre front", was die HNP vinnig op die verdediging van sy terrein. Was die OB dan nie nou besig om sy ware politieke karakter te vertoon nie? Maar J.A. Smith, die OB-AGK, het die versekering gegee dat die OB geen begeerte het om in 'n politieke party te ontaard nie.<sup>411</sup> Dit het die Nasionale laet kopkrap, want hoe op aarde het die OB gemeen om wel aan bewind te kom? Hierdie kwelvraag het Eric Louw nie beantwoord gekry nie,<sup>412</sup> en dr. Verwoerd het Van Rensburg as 'n huigelaar beskou.<sup>413</sup> In sy toespraak op Parys, in Augustus 1944, het dr. Hans van Rensburg sy antwoord verstrek: 'n Duitse oorwinning!<sup>414</sup> Maar dit was immers ver verwyder van die gedagte van Realpolitik, aangesien alle aanduidings daar was dat dit 'n kwessie van tyd is alvorens die Duitsers tot oorgawe gedwing word. Daarteenoor was Eric Louw se idee van Realpolitik dié van "praktiese brood-en-botter-politiek" in 'n geheel nuwe sosio-ekonomiese bedeling.<sup>415</sup>

Blykbaar was die OB se blus nog nie uit nie, want die tussenverkiesing in Germiston (provinsiaal) het vir die HNP agteruitboerdery beteken van 815 stemme wat deur *Die Volksblad* toegeskryf is aan die verdelende invloed van die OB.<sup>416</sup> Maar die OB het hom verniet verkneukel in die uitslag, aangesien ook die VP persentasiegewys dieselfde terugslagking getoon het, wat alleen toe te skryf is aan die swak belangstelling in provinsiale verkiesings. Aan die ander kant kan ook nie afgelei word dat die OB nog sterk gestaan het nie, want op die front van die studente het dr. Hans van Rensburg as ere-president van die ANS bedank om die Afrikaanse studente in die vloeibare situasie groter vryheid van beweging te bied.<sup>417</sup>

Toe die OB per dr. Van Rensburg en prof. Du Plessis aan die begin van 1945 in 'n brief aan dr. Malan, wat ook aan Havenga (AP), Pirow (NO) en dr. T. Stofberg (Gryshemde) 'n gesamentlike parlementêre front voorstel met die gedagte om met 'n blanke front die gevreesde Kommunisme

te stuit,<sup>418</sup> was dr. Malan skepties. Hy het dadelik die bona fides van Du Plessis getoets aan sy skrywe in *Die Vaderland* waarin die hoogleeraar die ou politieke organisasies verwerp het en twee moontlike aksies teen die Opposisie beoog het: (1) of die Opposisie verhinder om te gou aan bewind te kom of (2) die Opposisie te dwing om saam te werk en met 'n gesamentlike poging die volgende verkiesing te wen en die pad oop te maak vir hervorming tot 'n "Christelik-Nasionale Republikeinse Gesagstaat". Hierin het Malan planne vir 'n Nasionaal-sosialistiese diktatorstelsel gelees. Daarom het hy indirek nee gesê en slegs 'n beroep gedoen op elke Afrikaner om by die HNP aan te sluit sodat die party sy geleedere kon sluit.<sup>419</sup>

Genl. Smuts het bygedra tot die bevestiging van die Afrikanerverdeeldheid toe hy die OB en die HNP teen mekaar afgespeel het in die Volksraadsdebat waarin hy die Afrikaner-Broederbond vir staatsamptenare wou verbied. Smuts het aan die Opposisie gesê dat die AB nie so wyslik gehandel het as die OB wat eervolle ontslag aan sulke staatsamptenare gegee het nie. In die stormagtige debat oor die verbod het die HNP-sprekers onmiddellik die OB en die Regering in een kamp gesien,<sup>420</sup> niesteenstaande die feit dat 'n hele aantal van sowel die HNP- as OB-leiers lede van die AB was.<sup>421</sup>

Die verbod op die AB was nie alleen 'n turksvy vir die organisasie nie, maar dit het ook geresulteer in die onderstreping van die Broederbond se magteloosheid om die verdeeldheid enerstyd, en anti-optrede van die Regering andersyd, te hanteer. Dit beteken dat ook die Broederbond 'n krisis in sy eie geleedere in die gesig gestaar het, want die verdeeldheid kon baie maklik op hom oorgeplant word en tot skeuring lei.

Die Tweede Wêreldoorlog het, ten minste wat Duitsland betref, met die Geallieerde invalle in Berlyn ten einde gespoed. Hitler se selfmoord enkele dae voor die finale oorgawe op 7 Mei 1945, het ook vir die OB groot betekenis ingehou. John Toland stel die einde van Nasionaal-Sosialisme soos volg: "To the surprise of the world, Hitler's suicide a few days before the surrender brought an abrupt, absolute end to National Socialism. Without its true leader, it burst like a bubble ... What had appeared to be the most powerful and fearsome political force of the age had evaporated overnight."<sup>422</sup> Vir dr. Hans van Rensburg en die OB was dit 'n groot terugslag, enersyd omdat daarmee die geleentheid dat Duitsland die oorlog kon wen en aan Suid-Afrika 'n republiek

besorg, daarmee heen was, en andersyds omdat Nasionaal-Sosialisme as sulks eensklaps nie meer dieselfde krag en betekenis sou hê nie. Suid-Afrikaanse Nasionaal-Sosialisme sonder die rugsteun van Europese Nasionaal-Sosialisme sou nou minder as 'n geringe kans op sukses hê, en die OB sowel as die NO se toekoms was ideologiese gesproke ernstig in die weegskaal.

Met die oorlogseinde in sig, het dr. Malan per brief (2 April 1945) toenadering tot Klasie Havenga gesoek om die geledere te sluit, ten einde die na-oorlogse politieke situasie tegemoet te kan gaan. Sy motivering is soos volg: (1) die oorlogsfront van die VP-Dominium-Arbeiders-partye was besig om te disintegreer; (2) die VP self is in 'n proses van gisting met Smuts se "verdwyning" en Hofmeyr se optrede; (3) verwante verskerpte imperialisme as gevolg van Brittanje se nuwe posisie binne die internasionale arena; (4) die Kommunistiese gevaar wat "blank S.A. dreig te oorweldig". Maar Malan het twee struikelblokke vir sy inisiatief voorsien: eerstens dr. Van Rensburg se beginselverskille met die HNP wat dreig om die demokratiese opset te wil vernietig, en tweedens Pirow se ideologie. Volgens Malan was daar nie obstruktiwe beginselverskille tussen die HNP en die AP nie, en kon samewerking slaag. Daarom nooi hy Havenga uit om hom te ontmoet, met die oortuiging dat die ander HNP-leiers daarmee genoeg sal neem.<sup>423</sup>

Dr. Malan het reeds in September 1944 vermoed dat by die beëindiging van die oorlog genl. Smuts 'n blitsverkiezing kan hou, aangesien hy nie eers sou wag tot die na-oorlogse ontwinging ten volle ontwikkel het nie.<sup>424</sup> Teen einde 1944 was die toestande in die Unie reeds so haglik dat die Arbeiderlid, dr. D.H. Epstein, verklaar het dat duisende mense in Johannesburg die laaste weke geen vleis gesien het nie, en dat die woningnood so groot is dat by voorbaat aan die terugkerende soldate laat weet kan word dat daar vir hulle geen huise sal wees nie, tensy drastiese aksies die toestande verlig.<sup>425</sup>

Maar ten spyte van die heersende en verwagte toestande is dit te betwyfel of dr. Malan se onderleiers verlief sou neem met sy uitnodiging aan Havenga, omdat Malan self, soos hulle, na afloop van die 1943-verkiesings die HNP as die enigste politieke hefboom van die Afrikanerdom beskou het. In elk geval was die OB 'n belangrike faktor om mee rekening te hou in 'n politieke hergroeperingsproses.

Gerugte van 'n nuwe sogenaamde "Afrikaner-Arbeidersparty" wat in die

vooruitsig gestel is, het adv. Swart as ontstellende nuus aan dr. Malan oorgedra. Hy het tussen die reëls die hand van die OB in die saak gesien. 'n Tweede saak wat Swart ontstel het, is die aandele wat die OB vir sy pers verkoop het met die gestelde doel om Kommunisme te beveg. Swart se mening was dat dit niks anders as misleiding van Nasionalistes is nie.<sup>426</sup> Finansiële steun, in watter vorm ookal, sou die reeds verswakende OB ten koste van die HNP kon versterk. Swart se aanvoeling was dus nie ongegrond nie. Of dr. Malan se uitnodiging aan Havenga die rede daarvoor was, is nie seker nie, maar die Afrikanerparty was vol vertrouwe dat in die na-oorlogse Suid-Afrika hy in aanvraag sou wees, en dat hy dan sou organiseer, nadat hy sedert die 1943-verkiesing, 'n baie lae profiel gehandhaaf het. Daar is geglo dat genl. Smuts hom na die oorlog aan die openbare lewe in die politiek sou onttrek. Die ondertoon van hierdie geloof was geleë in die feit dat die AP homself nog gesien het as die beliggaming van Hertzogisme.<sup>427</sup>

Oor die derde deel van die Afrikaner-politieke driehoek, die OB, was die HNP nog geensins gerus nie. In 'n omsendbrief het die Transvaalse Hoofbestuurdersekretaris van dié party gewys op die volgehoue vyandskap van dr. Van Rensburg en die troubreuk insake die Cradock-ooreenkoms. Die OB was van plan om nog die politieke mag te bekom en die vorige jaar het Van Rensburg op Malmesbury die voorneme bevestig en daarna in Pretoria selfs OB's as parlamentslede gevisualiseer, sonder om die OB noodwendig in 'n suiwer politieke party te omvorm. Die omsendbrief het die gebruik van geweld deur die OB opgehaal en alles in ag genome HNP-lidmaatskap nie met OB-lidmaatskap versoenbaar gevind nie. Die bevestigings van hierdie onversoenbaarheid deur die Hoofbestuur (met een teenstem) op 25 Augustus, is deur die omsendbrief bekend gestel.<sup>428</sup> Daar was ook die vervolging van die oorlogsmisdadigers as nasleep van die Tweede Wêreldoorlog wat selfs in Suid-Afrika weerklank kon vind, na aanleiding van die Nürnberg-verhoor van die Duitse oorlogsmisdadigers. In September 1946 is die uitspraak oor die Duitse oorlogsmisdadigers gelewer.<sup>429</sup> Dit kon die OB en sy Kommandant-generaal ook tref. In die lig hiervan het dr. Hans van Rensburg 'n verweerskrif opgestel, getitel: "Rex versus Van Rensburg (of Van Rensburg versus Rex)" waarin hy hom op moontlike aanklag van hoogverraad verdedig, maar met verontskuldiging van die Stormjaers wat onder sy gesag en leiding gestaan het. Daarmee het hy die volle verantwoordelikheid van die SJ's se dade op sy rekening geneem.<sup>430</sup>

Einde 1946 het die sogenaamde “Duitse dokumente” wat die Geallieerdes na die val van Duitsland in Berlyn gevind het, soos ’n swaard oor die koppe van diegene wat met Nazi Duitsland geskakel het, gehang. Om enige misbruik van dié dokumente te voorkom, het dr. Malan ’n ondersoek per gekose komitee van die Volksraad aangevra.<sup>431</sup>

Dit is baie waarskynlik dat die HNP weens die moontlikheid van hoogverraadhoofsake in die Unie nou nog minder geneë sou wees om met die OB geassosieer te word, soos in die volgende hoofstuk bevestig word.

Maar in hierdie stadium was die OB veral organisatories in ’n benarde posisie, en het die swartgallige verslag van Assistent-kommandant-generaal J.A. Smith aan die Grootraad ongelukkig vir die OB in die hande van die HNP beland. Dr. Verwoerd het ’n afskrif van die verslag bekom en kopieë daarvan aan dr. Malan en adv. Strijdom gestuur.<sup>432</sup> Die HNP en sy pers het met genoeë kennis geneem van die swak organisatoriese en finansiële posisie waarin die OB hom bevind het.<sup>433</sup>

Intussen wou dinge nie vlot tussen die AP en die HNP nie, en het genl. Conroy met aanvalle teen die HNP<sup>434</sup> sake in elk geval vertroebel. Die HNP was nie gediend met Havenga se voorneme om ’n breë basis vir samewerking te skep nie, en het die AP van ’n poging tot ’n nuwe “samesmelting” verdink.<sup>435</sup> Malan se pogings om ’n ooreenkoms met die AP te bereik, het misluk omdat Havenga vasberade was om op ’n basis van breë volkseenheid te werk.<sup>436</sup>

## 2.6 Die OB en die 1948-verkiesing

In Februarie 1946 het dr. Van Rensburg ’n “Volksfront” aan die Grootraad gesuggereer met die oog op die volgende algemene verkiesing. Die OB sou as sodanig nie aan die verkiesing deelneem nie, maar “soos die kerk g’n deel neem nie maar sy lidmate wel”, en OB-lede sou aan hul eie diskresie oorgelaat word.<sup>437</sup> In sy toespraak voor die Grootraad in November het Van Rensburg verklaar dat die HNP se tipe samewerking sou neerkom op vernietiging van die OB, en dat die OB daarom nie op so ’n basis sal saamwerk nie. Hy was van mening dat die gewone HNP-lede wel samewerking begeer, maar dat “die diktatuur van die H.N.P.-pers en -leiers” dit verhoed. Nogtans is die OB bereid tot samewerking,<sup>438</sup> want die OB wou voortbestaan en het erkenning deur samewerking bly soek.

Die Afrikanerparty het in ieder geval hom nie laat afsit deur ’n moontlike verhoor van hoogverraad nie en het die OB in die persoon van sy KG na sy kongres van 1946 uitgenooi. Dr. Van Rensburg het met blydskap die uitnodiging namens die OB aanvaar en die noodsaaklikheid van samewerking beklemtoon in die lig van dreigende gevare teen die Afrikanerdom. Dr. Piet Meyer is ook aangewys as die tweede OB-vertegenwoordiger by dié geleentheid.<sup>439</sup> Die politieke hergroepering het interessant verloop, met dr. Malan wat Havenga (hoofleier van die AP) nader, en die AP wat op sy beurt by die OB vlerksleep.

Kort voor die AP-kongres in Desember, het Van Rensburg en Havenga in ’n private gesprek ooreengekom dat die basis vir samewerking so breed moontlik moet wees, en die feit dat die AP-leier dié standpunt op sy kongres verder uitgedra het, het die vertroue van die OB en sy Kommandant-generaal gewen.<sup>440</sup> Die OB en die AP was vir mekaar ware politieke toevlugsoorde, veral in die lig van die HNP se goeie vordering in die tussenverkiesings in Wakkerstroom, Zoutpansberg<sup>441</sup> en in Kimberley-distrik.<sup>442</sup> Van Rensburg het erken dat dr. Malan die OB in ’n “verlamende isolasie ... gemanoeuvreer” het, en hy het sy blydskap uitgespreek dat die toenadering tussen die OB en die AP aan eersgenoemde beweging die geleentheid bied om daardie isolasie af te skud.<sup>443</sup>

Die openbaarmaking van “Sambok” Smith se swartgallige verslag deur die HNP-pers (in Januarie 1947) was volgens Van Rensburg ’n voltreffer afkomstig uit eie geledere, en die effek daarvan sou nog afgewag moes word. Die enigste uitweg wat hy voorsien het, was dat die OB die saak moes ignoreer en sy wonde lek.<sup>444</sup> Die KG het in Uniale Omsendbrief nr. 1/47 OB-lede gewaarsku teen die HNP se strewe om die OB voor die volgende algemene verkiesing te probeer breek, en gesuggereer dat dit in die verwagte verkiesingstryd in gedagte gehou moes word.<sup>445</sup> Die politieke bondgenootskap wat tussen die OB en die AP ontwikkel het, kom neer op ’n simbiotiese bestaansamewerking, want albei moes hard werk om nie teen die HNP onder te gaan nie.

Waar die OB aanvanklik dus die beleid gevolg het van hom nie agter die een of die ander politieke party te skaar nie, het die posisie in 1946–7 sodanig verander (met die OB en AP albei met die rug teen die muur) dat die OB wel die aangebode samewerking van die AP verwelkom het. Deur samewerking in “kiesafdelings waar hierdie gees heers, sal harte-like inskakeling in die stryd sonder moeite geskied”. Die OB was daarop

bedag dat hy sy eie identiteit moes behou, en die AP-samewerking kon dit verseker.<sup>446</sup>

Kol. Jacob Wilkens het in Ventersdorp-kiesafdeling nog eens vir adv. Strijdom en die HNP 'n verleentheid geskep deur 'n ooreenkoms met OB-generaal Michiel Eloff te sluit, ten effekte van staking van die HNP-OB-stryd met die oog op die verwagte komende verkiesing. Die stryd sou nie alleen plaaslik gestaak moes word nie, maar ook die leiers van die twee organisasies sou dieselfde moes doen. Indien die HNP-leiers weier, sou Wilkens hom aan die openbare lewe onttrek, en dieselfde reëling het gegeld ten opsigte van Eloff en die OB-leiers.<sup>447</sup> Strijdom het die saak egter minder simplisties gesien en Wilkens daarop gewys dat eenheid alleen verkry kon word as dit op 'n gemeenskaplike grondslag sou geskied. Hy wantrou die OB by voorbaat en voorsien nie blywende eenheid nie.<sup>448</sup>

Hy het Wilkens egter nie reg begryp nie, want dit het nie gegaan oor "vrede" of "eenheid" nie, maar slegs om 'n wapenstilstand en verkiesingsamewerking.<sup>449</sup> Maar Strijdom het 'n wapenstilstand deur die HNP as onnodig beskou, aangesien die party volgens hom in elk geval 'n beleid van verdediging teenoor die OB handhaaf. Volgens Strijdom is die blote uitlewing van die OB se ideologie as sodanig 'n aanval teen die Party, en om dié rede is die voorgestelde wapenstilstand onprakties en onuitvoerbaar.<sup>450</sup> Strijdom se houding weerspieël nie alleen sy hardnekkigheid tot samewerking en sy ontoeskietlikheid nie, maar dit onderstreep nogeens die skyn van 'n sogenaamde beginselstryd, van 'n beweerde verskil in ideologie tussen die HNP en die OB. Die enigste werklike verskil tussen die OB en die HNP was die idee van 'n "gesagstaat", maar deur samewerking en onderlinge druk kon die saak eenvoudig bygelê gewees het. Strijdom het as Transvaalse leier van die HNP dus 'n stokkie voor die Ventersdorpse samewerkingsvoorneme gestee en Wilkens in 'n ongemaklike posisie laat beland.

Soortgelyk aan die samewerking wat die Ventersdorpers beoog het, het OB's en HNP's van Tzaneen ook tot ergernis van Strijdom gemene saak gemaak. Dit is waarskynlik na aanleiding van dié twee lokale gevalle dat hy 'n spesiale omsendbrief aan alle afdelingsbesture, LV's, LPR's, hoofbestuurslede en takke van die HNP gesirkuleer het om daarop te wys dat alle sodanige samewerkingsooreenkomste strydig is met die kongresbesluit, naamlik dat OB's nie lid van die HNP kan wees nie.<sup>451</sup> Aan die organiserende sekretaris, B.J. (Ben) van der Walt, wat in die

Zoutpansberg-omgewing werksaam was, het Strijdom geskryf dat Tzaneen probleme veroorsaak<sup>452</sup> en dat aan die OB's wat by die HNP aangesluit het, verduidelik moet word dat dubbele lidmaatskap nie toegelaat word nie.<sup>453</sup> Toe Van der Walt daarna die geleentheid met die Tzaneen-OB's opneem, het baie van die mense hul partylidmaatskap laat vaar.<sup>454</sup>

Nog 'n voorbeeld van 'n lokale samewerkingsooreenkoms was in Pietersburg, waar mnr. Tom Naudé (as HNP-LV) soos in 1943 weer vriendelik van die OB-ondersteuning gebruik sou maak. Sy vroeëre politieke rendezvous met die OB was vir sy leiers n steen des aanstoots, maar hy het nou weer 'n versoek tot dr. Van Rensburg gerig om sake rakende die samewerking aan die Pietersburgse OB-lede te kom verduidelik.<sup>455</sup>

Die hardnekkige weiering tot samewerkingsooreenkomste kan hoofsaaklik aan die onderleiers van die HNP toegeskrif word, want dr. Malan en die gewone Afrikaner het 'n veel pragmatieser houding omtrent die aangeleentheid gehad. Binne die HNP het die driemanskap Strijdom, Swart en Eric Louw (met dr. Verwoerd se joernalistieke steun) 'n drukgroep gevorm wat in 'n groot mate dr. Malan in sy standpunte gemanipuleer het.<sup>456</sup>

Twee tussenverkiesings, dié in Brits en Wolmaransstad, het waarskynlik daartoe aanleiding gegee dat dr. Malan nou geneë was tot samewerking met die Afrikanerparty. Vier dae voor die Wolmaransstad-tussenverkiesing is in die pers aangekondig dat Malan en Havenga 'n ooreenkoms bereik het.<sup>457</sup> OB's en AP's het op stemdag gehelp om kiesers vir die HNP aan te ry en sodoende daadwerklike steun te verleen. Die resultaat van die samewerkingsooreenkoms was dat dr. E.G. Jansen die setel met 'n stewige meerderheid van 1881 stemme gewen het, en dit allerweë as nog 'n spyker in die Regering se doodskis gesien is.<sup>458</sup>

Maar die Havenga-Malan-ooreenkoms was in werklikheid slegs in beginsel aangeneem, en 'n meer formele ooreenkoms waarin die detail uitgestippel word, sou nog moes volg. Inmiddels het die OB by monde van dr. Van Rensburg en "Sambok" Smith, hom ten gunste van samewerking tussen dr. Malan en mnr. Klasie Havenga uitgespreek. Die verstandhouding wat reeds bereik is, is deur die twee sprekers op Stellenbosch (22 Maart 1947) sterk aangeprys, en die toejuiging van die gehoor het die algemene wil tot samewerking bevestig. Na afloop van die Stellenbosch-vergadering het Van Rensburg en Smith koppe

bymekaar gesit om 'n formule vir die samewerking te vind, en dit het die volgende resultaat tot gevolg gehad: (1) die OB erken die AP en die HNP op die parlementêre en partypolitieke gebied; (2) die OB beloof steun en samewerking aan enige parlementêre of ander politieke optrede wat meen om die Smuts-bewind omver te werp, en hy steun ook die gemeenskaplike beleid van die twee partye; (3) die OB onderneem om nie die kwessie van 'n partylose staat te opper nie solank die "Volksfront tans in wording bestaan op die grondslag van samewerking tussen die A.P. en die H.N.P. en ander groepe of organisasies as sodanig". Al wat van dr. Malan en sy party verwag is, is dat die stryd teen die OB gestaak word, en in ruil sou hy die volle steun en organisasie van die OB ontvang.<sup>459</sup>

Maar *Die Burger, Die Transvaler* en ander HNP-koerante het die OB-vergadering (en hul standpunte) op Stellenbosch doodgeswyg, en dit laat Smith tot die gevolgtrekking raak dat dr. Malan nie in OB-samewerking belangstel nie.<sup>460</sup>

Havenga het dr. Malan meegedeel dat hy ook met Walter Madeley van die Arbeidersparty in verbinding getree het, en dat laasgenoemde ten gunste van samewerking is.<sup>461</sup> Daaruit blyk dat die Smuts-pakt van die 1943-verkieping besig was om te verbrokkel, en dat 'n verkiesingsoorwinning vir Afrikaner-politieke groepe waarskynliker begin word het.

Die Ossewa-Brandwag het die toenadering van Havenga aangegryp en dadelik ingesprong om die AP en tegelyk die OB weer op hul bene te kry. In Pretoria het dit so goed met die AP-organisasie gegaan dat meer personeel vir sy bedrywighede nodig geword het.<sup>462</sup> Die OB het die partypolitiek via die AP ingesypel tot voordeel van homself en die party, op so 'n groot skaal dat daar nouliks enige verskil tussen die AP en die OB was. Die enigste verskil was die formele erkenning van hul leierskorpse, sodat in die onderhandelinge tussen Malan en Havenga, die HNP in werklikheid met 'n wolf in skaapsklere te doene gehad het.

Op 12 en 13 Mei het Malan en Havenga, met die ondersteuning van enkele afgevaardigdes aan beide kante, samesprekings gevoer om die basis van samewerking uit te stippel.<sup>463</sup> Die samesprekings is weer eens deur die HNP-pers stief behandel, wat die indruk wek dat die HNP nie ten volle Malan se inisiatiewe gesteun het nie. Die trilogie Strijdom-Swart-Louw was ten enemale gekant teen die samewerking, alhoewel Strijdom enersyds die samewerking met slegs die AP goedgekeur het.

Die knoop het egter daarin gelê dat 'n ooreenkoms met die AP in werklikheid neerkom op 'n ooreenkoms met die Ossewa-Brandwag. Sy beswaar was juis dat die OB reeds besig was om die AP te kaap deur hom te infiltrer en oral AP-takke te stig. Daarom het Strijdom hom ver-set teen Malan se goedkeuring van die aansluiting van die OB's by die Afrikanerparty. Sodanige aansluiting sou strydig wees met die feit dat dubbele lidmaatskap ten opsigte van die HNP verbied is: "As hulle van-weë hulle doelstellings nie getroue lede van ons party kan wees nie dan spreek dit van self (sic!) dat hulle vir dieselfde redes ook nie getroue lede van die A.P. kan wees nie ...".

Tot tyd en wyl dr. Malan bevredigend op hierdie brief sou reageer, het Strijdom onderneem om as Transvaalse leier van die HNP eenkant te staan om plek te maak vir 'n ander leier, wat bereid sou wees om met die AP en die OB saam te werk en bereid sou wees om dit van openbare verhoë te verdedig.<sup>464</sup> Hierdie brief van Strijdom aan dr. Malan is geskryf nadat die HNP se Federale Raad in Mei 1947 vergader het en waarop dr. Malan die samewerking met die AP verdedig het deur te verklaar dat eenwording wel sal kom en dat daar nie druk op Havenga uitgeoefen moet word om OB's uit die AP te weer nie.<sup>465</sup> In werklikheid het Strijdom met sy dreigement om te bedank 'n pistool teen dr. Malan en die HNP se koppe gehou, want hy het geweet dat dit groot probleme vir die HNP in Transvaal sou beteken. Malan was self ook bekommerd oor die houding van Strijdom en verseker hom dat hyself net soos Strijdom oor die sake voel.

Malan moes Strijdom nou versigtig hanteer, en verseker hom dat die HNP nie noodwendig vergaderings saam met die AP moet hou nie, waarteen Strijdom onder meer beswaar geopper het. Oor sy goedkeuring van OB's wat by die AP kan aansluit, het Malan teruggekrabbel en verklaar dat hy nie bedoel het dat alle OB's dit moet doen nie. Hy het alleen maar bedoel dat dié OB's wat wel by die AP aansluit, deur hul trou aan daardie party verbind is tot die verkiesingsooreenkoms tussen die HNP en die AP. In elk geval was Malan nie van plan om direk of indirek met die OB te onderhandel nie.

Hy het Strijdom oor die vingers getik oor sy voorneme om as Transvaalse leier te bedank, en gesê dat dit 'n haastigheid openbaar wat nie kenmerkend van hom is nie. Malan meen dat indien Strijdom dit wel doen, niemand méér sal juig as juis die OB nie, en dat die party (HNP) onberekenbare skade sal ly.<sup>466</sup> Omdat Havenga hom reeds aan die

HNP en die OB gebind het, wou Malan sake nie vir hom bemoelilik nie.

Net soos Malan moeite ondervind het om sy gematigde standpunt aan sy eie mense te verkoop, het ook dr. Van Rensburg die OB se direkte verbinding met die AP en indirekte skakeling met die HNP verdedig. Daar was dié OB's wat Havenga nie vertrou het nie en wat ook met dr. Malan niks te doen wou hê nie.<sup>467</sup>

Havenga het aan Malan die versekering gegee dat hy niks sal doen wat die verhouding tussen die AP en die HNP kon versteur nie, en het die aansluiting van OB's by die AP as 'n goeie verskynsel beskou, omdat sulke lede binne die party kontroleerbaar sou wees. Sou die OB's nie by die AP aansluit nie, kon daarmee selfs setels aan genl. Smuts prysgegee word. Hy het ontken dat 'n formele ooreenkoms met die OB gesluit is, maar was nie geneë om deure vir die OB's te sluit nie.<sup>468</sup>

Strijdom het nog nie gemoedsrus gehad oor die moontlikheid van oornam van die AP deur die OB nie, aangesien die oorspronklike AP-lede maar 'n handjievol was. 'n Verdere bekommernis was dat die OB oral AP-takke gestig het en gepoog het om HNP's af te rokkel. Oor die onsekere toestand wou hy so gou doenlik uitsluitel verkry, omdat hy antwoorde moes verskaf op vrae wat aan hom gestel word.<sup>469</sup> Eric Louw het presies dieselfde bedenkinge gekoester en het daaraan toegevoeg dat die AP wat op sterwe na dood was, toe weer nuwe lewe gekry het en dat die HNP kort voor lank met dié party as 'n faktor rekening sou moes hou. Louw wou volle eenwording so gou moontlik bewaarheid sien. 'n Ander aspek waarteen Louw beswaar had, is die moontlikheid dat dr. Van Rensburg van hoogverraad aangekla kon word en dat die HNP se naam dan aan hom gekoppel kon word. Dit sou vir die komende verkiesings niks goeds inhou nie. Wanneer Van Rensburg eers teregstaan, sou dit te laat wees om verduidelikings van die HNP-kant te verskaf — die enigste uitweg was dat Havenga gedwing moes word om die OB-ideologie in die openbaar te repudieer.<sup>470</sup>

Dr. Malan was nou onder die kruisvuur van sy eie politieke voormanne wat nie sy gematigde pragmatiese houding gesanksioneer het nie. Die eise van wyse leierskap wat nou aan hom gestel is, was baie hoog, want hy moes sowel sy eie mense aan die een kant as Havenga en Van Rensburg aan die ander kant tevrede stel om die verwagte verkiesing tegemoet te kan gaan. Dit is egter te betwyfel of Malan in alle opsigte dié onbenydenswaardige posisie waarin hy hom bevind het, sou kon

hanteer sonder om iewers iemand teleur te stel. Hy het nogtans gepoog om sekere eise van sy eie voormanne op te vang deur Havenga daarop attent te maak dat 'n voortvlugtige getuie met wie dr. Van Rensburg skakels gehad het, tot kroongetuie omgeswaai het, en dat hy (Malan) daarom in 'n onderhoud met *Die Burger* die HNP se verhouding met die OB verduidelik het. Hy het ook sy kommer (komende van Strijdom en Louw) teenoor Havenga uitgespreek oor die stigting van AP-takke op bevel van Van Rensburg. Hy meen dat die doel daarmee was om die OB deur middel van die AP te versterk, en dat sekere AP-takke geheel en al uit OB's moes bestaan. Daarom stel hy dit aan Havenga dat die sake uitgepraat moet word, veral rakende die toekenning van setels aan die HNP en die AP.<sup>471</sup>

Strijdom het nou met 'n nuwe eis vorendag gekom, naamlik dat 'n ultimatum aan die OB gestel word wat bepaal dat die OB of ontbind of dat hy hom geheel en al van die politieke terrein moes verwyder. Dan het hy ook geëis dat Havenga ten minste moet onderneem om ná die verkiesing eenwording van die AP en die HNP toe te laat, sodat daar nie weer soos vroeër twee of meer Afrikaner-georiënteerde partye langs mekaar in die parlement gaan sit nie.<sup>472</sup>

Goeie trou was volgens Havenga nodig om die samewerking te laat slaag, en hy het aan Malan die versekering gegee dat hy van sy kant niks sal doen wat samewerking in die verkiesing sal verongeluk nie.<sup>473</sup> Die diskrepansie lê juis daarin dat die AP, wat sy lede betref, eintlik niks minder of niks meer was as die OB nie, en dat Havenga se beoogde goeie trou moeilik tussen die OB en die HNP bewerkstellig sou kon word. Sou daar sprake wees dat die verbod vir OB-lidmaatskap van die HNP opgehef word, moes dit oor die hele land geskied, en nie net op 'n streeksbasis nie. Hierdie gedagte het prof. H.M. van der Westhuysen (lid van die Grootraad) aan dr. Van Rensburg deurgegee. Hy het ook gemeen dat die Grootraad duidelike leiding en beleid ten opsigte van die verkiesing moet stel, en gepleit vir 'n "volk-as-geheel-beweging" in die komende verkiesing.<sup>474</sup> Dit is duidelik dat Van der Westhuysen gevrees het dat die HNP dit kan regkry om die OB te verbrokkel, want die wantroue in die HNP se motiewe was nie sonder enige substansie nie.

Daarteenoor het Strijdom die OB gewantrou omdat hy inligting bekom het dat dié Beweging beplan het om die HNP van binne te rysmier omdat hy dit nie kon regkry om die Party van buite te breek nie. Hy was

onthuts oor die inligting wat Van Rensburg op die een of ander wyse gekry het oor die onderhandelinge rakende die setels, want op 'n Naboomspruit-vergadering het Van Rensburg verklaar dat die HNP 'n aantal sterk Sap-setels aan die AP wil toeken, en dat die HNP-verteenwoordigers baie dwars was by die toewysing van die setels. Daar is vermoed dat Van Rensburg sy inligting by dr. Jan Viljoen gekry het, en dat eersgenoemde besig was om die HNP te ondermyn.<sup>475</sup>

Die Transvaalse kongres van die HNP het die verbod op dubbele lidmaatskap hersien en aan die OB voorgestel om sy ideologiese standpunt van 'n partylose gesagstaat te laat vaar sodat OB's ook lede van die HNP kon word. Maar die Grootraad het dié voorstel verwerp en hom geskaar by die standpunt wat dr. Van Rensburg in sy Koffiehuis-toespraak in Pretoria ingeneem het, naamlik dat die OB in al sy vorige verkiesings tot samewerking bereid was en dat die OB in ieder geval nie op die politieke terrein beweeg nie, soos bewys word deur sy geen opeising van setels.<sup>476</sup>

In die HNP-pers is die OB se standpunt oor hul kongresvoorstel, soos dr. Van Rensburg in Pretoria daarop gereageer het, aangebied as 'n onwil van die OB om sy ideologie van Nasionaal-Sosialisme te laat vaar.<sup>477</sup> Die Kaaplandse Kongres van die HNP het besluit om die dubbele lidmaatskap toe te laat, solank OB's wat by die HNP aansluit getrou aan die party bly.<sup>478</sup> Die kruks van die saak is dat die HNP nou op twee van sy kongresse op sy eie spoor omgedraai het, want ná die aanrandings van die vorige jaar is 'n totale verbod op dubbele lidmaatskap geplaas. Albei kongresse se besluit moet as pragmatisme gelees word teen die milieu van die verwagte algemene verkiesing, en ten spyte van Strijdom en Louw se beginselbeswaar teen die Kaaplandse besluit<sup>479</sup> waarin die ideologiese kwessie nie vervat is nie.

Die Grootraad het in antwoord op die skrywe van die Sekretaris van die Transvaalse HNP oor die kongresbesluit die Party daarop gewys dat sy Kaaplandse eweknie 'n besluit geneem het wat strydig is met die Transvaalse kongresbesluit. Daarom wou die OB graag sien dat 'n uniale besluit in dier voege geneem word, alvorens dit aan die OB voorgelê word.<sup>480</sup> Volgens 'n grimmige Van Rensburg was die hele Grootraad "finaal klaar met die Malan-gedoentes ..."<sup>481</sup>

Strijdom se bewolktheid oor die HNP-AP-ooreenkoms en alles wat daarmee gepaard gaan, het steeds nie gewyk nie en dit het die samewer-

king in ernstige gevaar begin stel. Hy sou hoogstens nog tot na die verkiesing as Transvaalse leier aanbly, maar daarna sou hy sy goedjies vat, want hy had nie meer lus vir nog 'n ronde van die onverkwiklike broederstryd nie. Hy het geen vertrouwe in Havenga gehad nie, en het dit teen hom gehou dat hy, welwetende dat die HNP met die OB haaks is, nogtans heengegaan en met die OB gemenesaak gemaak het. Voorts het hy die koers wat Havenga beoog het verwerp, soos hy dit in *Son-dagnuus* van 14.9.1947 gelees het, dat die AP wil terugkeer na die "ou Nasionale pad" (bedoelende soos in die tyd van Hertzog). Vir Malan was Strijdom beslis die probleemkind van die Party wat hom nie tevrede laat stel met die hantering van die hele saamwerkangeleentheid nie, want hy bly gekant teen die feit dat daar nou met die AP, wat maar 'n gemiddeld van hoogstens 100 kiesers per kiesafdeling het, saamgewerk moet word. En dan was daar nog die pyniging van 'n OB met sy partylose gesagstaat, en die OB se optrede wat dan aan die gedrag en houding van 'n kandidaat gekoppel sal word, dit wil sê 'n pistool teen die HNP se kop.<sup>482</sup> Deur die voortdurende bevegting van die OB se strewe na 'n partylose staat, word die indruk versterk dat die ideologie daaragter nie so swaar weeg as die belang van die "Party" nie. Die OB het in ieder geval sy standpunt oor partyloosheid gemotiveer na analogie van Krüger se ZAR, waar partye nie bestaan het of toegelaat is nie.

Van Rensburg het pogings om 'n wig tussen die OB en die AP in te dryf, probeer verhoed toe hy in 'n brief aan dr. Jan Viljoen die versekering gegee het dat sy toespraak in die Koffiehuis (Pretoria) nie van die teks (soos vooraf aan Havenga verskaf) afgewyk het nie. Die HNP-fluisteraars probeer dit beweer, maar hy is nie van plan om Malan se guns te probeer wen nie, aangesien die OB se bona fides ten opsigte van die AP en mnr. Havenga bo alle twyfel staan. Van Rensburg het gemeen dat Havenga in elk geval vir Malan ken, na aanleiding van die destydse Vrymesselaars-verhaal, en soos ander veldtogte teen genl. Hertzog bewys.<sup>483</sup> Omdat Viljoen en Havenga oop kaart gespeel het, het hy Van Rensburg se brief aan Havenga gestuur, met 'n begeleidende brief waarin hy Havenga meedeel dat Van Rensburg besef dat hy die OB in geslote gelid agter die nuwe front moet inlei weens die gemeenskaplike stryd teen die Regering van Smuts. Viljoen spreek die wens uit dat dr. Malan self die onderstrominge binne die HNP sal beheer en hom minder sal uitlaat oor diegene wat hulle vrywilliglik agter mnr. Havenga skaar.<sup>484</sup>

Adv. C.R. Swart wou (saam met Strijdom en Louw as die los trio van

die HNP) die samewerking met 'n wolf in skaapklere nie aanvaar nie, en onder sy leiding het die Vrystaatse kongres van die HNP besluit dat daar vir geen kandidaat wat aan 'n partylose staat glo, gestem sal word nie. Van Rensburg het hierdie houding van Swart aan die kaak probeer stel deur aan die redakteur van *Die O.B.* opdrag te gee dat 'n reeks artikels moet verskyn om aan te toon "dat G.R. Swart sy boere-republikanisme nou openlik en sonder skroom prysgegee het, aangesien die Boere-republieke (beide Vrystaat en Transvaal) geen partye in hul geskiedenis geken het nie. Of dink Swart dat Pres. Krüger 'n partyleier was?" Hy suggereer aan die redakteur dat die HNP nie na die republikeinse tradisies wil terugkeer nie, maar eerder die partystelsel wou bestendig. Van Rensburg het Van der Walt aangemoedig om so lank die gemoedere daarvoor in te stem, sodat hy dan in die Paarl in sy toespraak verder op die saak kon voortborduur.<sup>485</sup>

Of Van Rensburg wel nog die geleentheid sou kry om die beoogde Paarlse toespraak af te steek, was onseker, want die dreigende hoogverraadsaak teen hom het akkute afmetings begin aanneem: "Intussen ontwikkel die Hoogverraadsaak met die onverbiddelelike konsekwensie van 'n Griekse tragedie ... tensy Smuts dit om taktiese redes wil verhoed (wat vir my persoonlik so breed is as wat dit lank is) ... Ek hoop ek haal nog die Paarl op die 22ste ...!", skryf hy aan dr. Fransie du Toit van Zyl van die Kaap.<sup>486</sup> En in 'n brief van gelukwense en kritiek aan prof. Michael Roberts by die verskyning van sy boek *South African Opposition*, sluit hy sy brief af met: "With sincere regards from a somewhat chastened reader". Hierdie woordspeling verraai ook sy onderliggende kommer oor die Hoogverraadsaak.<sup>487</sup>

Van Rensburg se aanhitsing van *Die O.B.*-redakteur is deur dr. Malan aangegryp as aanklag teen die koerantjie en die OB, en hy wys Havenga op die "bittere en openlike vyandskap teen die Nasionale Party". Malan was ontsteld oor die poging om die AP en die HNP teen mekaar af te speel, en waarsku dat hierdie OB-houding moontlike gevolge vir die AP-HNP-verhouding en -samewerking kan hê.<sup>488</sup>

Die hangende hoogverraadsaak het Van Rensburg nog nie ingehaal nie, en hy het wel die geleentheid gekry om sy toespraak in die Paarl te lewer. Daarin het hy gepoog om die OB se bona fides teenoor die AP te bewys deur 'n terug-na-Hertzog noot aan te hef. Terselfdertyd het hy voortborduur op die tema van die HNP aan die kaak stel, wat betref die strewe na die Kruger-republiek. Hy het onomwonde ontken dat die

OB 'n diktatuur voorstaan: "Iemand wat oor Boere diktator wil speel, dié sal uitvind dat sy vreugde kort van duur gaan wees". Om te verseker dat Havenga nie te goed met Malan en sy party ingeknip raak nie, het hy die ou koeie van 1940 (die Vrymesselaars-verhaal teen Hertzog) opgegrawe. Na 'n volle toespraak van swiepende aanvalle teen die HNP, maak hy 'n verrassende ommekeer met sy beroep: "In vadersnaam, derhalwe, laat ons nou elkeen na vore kyk en nie na die flanke nie. Die flanke is deur die samewerking gedek. Die vyand staan voor", en hy kry nog 'n laaste stekie teen die HNP in: "Ek het nog steeds die Afrikaners in die Ossewa-Brandwag beskou as goeie en ordentlike Afrikaners — net so ordentlik as Dr. Malan of ek self."<sup>489</sup>

Die spook van 'n moontlike hoogverraadklag teen Van Rensburg het nog nie gewyk nie, en moes besweer word. Daarom het J.A. ("Sambok") Smith dit nodig geag om die Regering te dreig met: "Ek sal enige ding doen, wettig of onwettig as aan die O.B. gevat word. Ek verseker die owerheid, as hy 'n tweede hel in S.A. wil hê, ek dit vir hom sal bring."<sup>490</sup>

Vir genl. Smuts was daar ten opsigte van die hoogverraadsaak twee weë oop: of hy moes die saak sy loop laat neem en die Opposisie aan die kaak stel deur hulle aan Van Rensburg en die OB te koppel, en dan hoop om op dié wyse genoeg steun uit die Opposisiegeledere te trek, of hy moes in die lig van die komende verkiesing die saak laat vaar en sodoende verhoed dat optrede teen Van Rensburg en die OB hom 'n verkiesing kos, aangesien geweld en sabotasie (in die lig van Smith se dreigement) die Unie in chaos en ellende kon dompel. Waarskynlik het Smuts te lank getalm (moontlik met voorbedagte rade) met die hoogverraadsaak en sou dit reeds moeilik wees om dit te laat voortgaan en betyds enige gewin vir sy party daaruit te haal.

Moontlik het die chaotiese stand van sake binne Opposisiegeledere daartoe bygedra dat Smuts die hoogverraadsaak teruggehou en vir homself onnodig kritiek en verlies van steun gespaar het. Daarby moet in ag geneem word dat Van Rensburg selfs nog daartoe in staat kon wees om die AP-HNP-samewerking te verongeluk, wat op sigself 'n goeie motivering aan Smuts kon wees om Van Rensburg nie polities te neutraliseer nie.

Van Rensburg het alles in die stryd gewerp om Havenga se goeie trou te behou. Hy het byvoorbeeld in 'n brief aan Havenga alle skuld op die HNP se skouers gepak, en dit toegeskryf aan hulle "haatdraendheid",

en tegelyk vir Havenga geprys vir sy kragtige optrede in die hele saamwerkeraangeleentheid.<sup>491</sup> Hy sou nie toelaat dat Havenga en die AP die politieke agterdeur vir die OB sluit nie.

In elk geval was die AP in die mag van die OB, en sou Havenga nie daarvan kon droom om die OB te vervreem nie.

Die toewysing van setels tussen die HNP en die AP(OB) het 'n nuwe vrag probleme en 'n geskarrel meegebring. Die HNP het ver agteroor geleun deur 11 setels aan die AP, wat toe sonder setels was, toe te ken, maar die AP was alles behalwe tevrede met die setels wat wel toegeken is, want "... almal net S.A.P. setels vir ons ..."<sup>492</sup> Die seteltoekenning is grootliks te danke aan die OB-toetreding tot die AP, want hy het daardeur weer op die been gekom en 'n faktor met bedingingsmag geword. In die Wes-Kaap was daar ook ontevredenheid en voel W.R. Laubscher, 'n OB-inspelaar in die AP, ongelukkig dat daar in die Wes-Kaap nie een setel aan die AP toegewys is nie.<sup>493</sup>

Die 11 setels was: Vryburg en Uitenhage (Kaapprovinsie); Kliprivier en Vryheid (Natal); Potchefstroom, Roodepoort, Brakpan, Pretoria-Oos, Lydenburg en Bethal-Middelburg (Transvaal) en een setel in die Vrystaat, laasgenoemde van mnr. Havenga.<sup>494</sup>

'n Groot probleem rondom kandidate het ontstaan as gevolg van die HNP se vasberadenheid dat geen OB-lid as kandidaat gestel mag word nie. Daarom was onder meer twee kandidate, B.J. Vorster en Louis Boothe, vir die HNP nie aanvaarbaar nie. Landswyse reaksie is by die OB ontlok oor die onaanvaarbaarheid van veral John Vorster se kandidatuur in Brakpan.<sup>495</sup> J.H. Richter (Organiserende Sekretaris van die AP) het uit hoofde van sy OB-lidmaatskap 'n verslag oor die kandidatekwessie opgestel en dit aan dr. Van Rensburg besorg. Uit die verslag blyk dit dat Havenga wel vir Vorster en Boothe as kandidate wou stel, maar dat die HNP daarteen kopsie gemaak het. Die AP-hoofbestuur — daar was ook OB's op die liggaam — het egter besluit dat hy volstaan met die twee kandidate in weerwil van die HNP-teenstand. Die skriftelike antwoord is aan die HNP-federale Raad gelewer, en F.C. Erasmus het daarop geantwoord dat HNP's nie gevra sou word om vir OB-kandidate te stem nie. Daarop het die AP besluit om Boothe se kandidatuur terug te trek, en om nie 'n kandidaat in Brakpan te stel nie. Ook die HNP het besluit om nie 'n kandidaat in Brakpan te stel nie, weens die vertroebelde situasie wat reeds in die kiesafdeling ontstaan het.

Op versoek van Harm Oost het die HNP verklaar dat hulle bereid sou wees om Vorster te steun indien hy as onafhanklike kandidaat sou staan, en hy het besluit om wel as onafhanklike te staan. Richter stel dit onomwonde in sy rapport dat Havenga nooit aan die HNP beloof het om geen OB's as kandidate te benoem nie, soos bewys word deur 'n hele aantal OB-name wat op die aanvanklike lys verskyn het. Dr. Malan het beweer dat Havenga wel so 'n onderneming gegee het. Toe mnr. Havenga self die saak opgevolg het, na aanleiding van B.J. Schoeman se verklaring in *Die Transvaler*, het Schoeman voor Havenga teen Malan uitgevaar en beweer dat hy die Transvaalse kongres bedrieg en hulle verkeerd ingelig het, met verwysing na die ware toedrag van sake ter wille van selfbeskerming.

Richter het in sy rapport aan Van Rensburg tot die slotsom gekom dat Havenga wel 'n sterk geveg in die Kaapse samesprekinge met die HNP aangeknop het, maar dat die OB nie groot verwagtinge van Havenga moes koester nie. Ten spyte van sy eerlikheid en opregtheid beskik hy nie oor die leierseienskappe wat die OB ten goede kan kom nie, want hy moes nooit toegelaat het dat die HNP 'n groslys van moontlike AP-kandidate van hom geëis het nie. Vir die OB was daar dus twee moontlike stappe oop: (1) hy moes by die AP staan, of (2) hy moes sy eie politieke tuiste skep. Laasgenoemde moontlikheid was onprakties, en daarom stel Richter voor dat die OB die status quo handhaaf en die AP oorneem, van die takbesture tot by die hoofbestuur.<sup>496</sup>

Dr. Van Rensburg het die Vorster- en Boothe-kandidature in 'n baie ernstige lig beskou en op 3 April 'n verklaring laat sirkuleer waarin hy dit stel dat die twee kandidate deur Havenga gestel is "omdat hulle baie gewilde en beproefde Afrikaners is". Hy het die terugtrekking van die twee kandidature beskou as wraaksugtigheid van dr. Malan, en gemeen dat die HNP verre daarvan is om tot "... die redding van Blank Suid-Afrika" te kom, "Wat die H.N.P.-leiding betref het elke Afrikanerman en elke Afrikanermoeder in die Ossewabrandwag die politieke status van Kaapse Kleurlinge ... *Goed genoeg om vir die H.N.P. gaan (sic!) stem, maar nie goed genoeg dat die H.N.P. vir hulle moet stem nie* ... al is hulle ook lede van die Hoofbestuur van die H.N.P. se bondgenoot, die Afrikanerparty". Volgens die KG sou die wraaksug alleen oortref word indien die vernederde OB's nog vir die HNP sou gaan stem. En hy sluit af met: "Die Hemel bewaar Blank Suid-Afrika as haar laaste redding sou lê by die Skeurders van Keeromstraat!"<sup>497</sup>

In 'n redelik afgekoelde bui het Van Rensburg daarna 'n verdere verklaring uitgereik waarin hy OB's aanraai om te stem ooreenkomstig 'n kandidaat se houding teenoor die OB. Een voorwaarde moes wees dat so 'n kandidaat hom op die eersvolgende HNP-kongres beslis teen enige diskriminasie of teen bevegting van die OB moes uitspreek.<sup>498</sup> Die OB het by monde van dr. Van Rensburg die krane teen die HNP oopgedraai. In 'n strooibiljet, waarin 'n artikel uit *Die O.B.* van 7 April oorgeneem is, is 'n hele aantal vrae aan dr. Malan gestel. Daar is onder meer gevra watter aanspraak die HNP op enige OB-stem kan maak as hy bereid is om Brakpan aan genl. Smuts af te staan.<sup>499</sup> En in 'n leidraad aan alle OB-kommando's het Van Rensburg 'n kategetiese stuk uitgestuur, met vrae en antwoorde kompleet: die OB bevestig dat hy vir 'n partylose staat staan; dat OB's nie summier verbied word om met partye saam te werk nie; dat alhoewel die OB 'n partylose staat voorstaan, hy nogtans aanvanklik binne die status quo wil werk en homself naaste aan die AP voel, en verste van die Kommunistiese Party; dat OB's wel by die AP kan aansluit, maar sonder om hul OB-skap te verloën; dat die OB nog nooit enige lid verbied het om selfs lid van die HNP te word nie, op voorwaarde dat OB-skap nie verloën word nie.<sup>500</sup>

Alhoewel die OB in die Wes-Kaap (onder leiding van W.R. Laubscher) daartoe oorgegaan het om die HNP teen te werk en voornemens was om 'n "demonstrasie-kandidaat" in òf Ceres òf Gordonia te stel,<sup>501</sup> het Van Rensburg op Klerksdorp sy baie billike standpunt herhaal dat die OB teen die Regering van Smuts gekant is en dat hy die Opposisie steun mits die Opposisie die OB nie beveg nie, maar vriendelik teenoor die Beweging sou wees. Hy het verklaar dat die OB bereid is om sy plig teenoor die AP in die komende verkiesing na te kom.<sup>502</sup>

Net 'n bietjie meer as 'n maand oor voor die verkiesingsdatum (26 Mei) het die probleme wat reeds in Afrikanergeled... bestaan het, vererger toe dr. Dönges beweer het dat die terugtrekking van John Vorster se kandidatuur geheel en al voor die deur van Havenga gelê moet word. Hierdie bewering het hy teenoor dr. F.D. du Toit van Zyl in 'n persoonlike gesprek gemaak, en laasgenoemde was vasbeslote om die egtheid daarvan vas te stel. Die eerste bewys wat Dönges aangevoer het, is dat Vorster nie een van die AP se "ou garde" is nie, en daarom nie vir Havenga en Kie aanvaarbaar was nie; die tweede is dat die AP van Vorster verwag het om, sou hy die paal haal, vir die volgende vyf jaar nie die Nasionaal-Sosialisme te verkondig nie. Dönges beweer verder dat Vorster geweier het om die onderneming te gee. 'n Volgende be-

weerde rede is dat Havenga in elk geval nie iemand langs hom in die parlement sou wou hê wat teen die partystelsel gekant is nie. Du Toit van Zyl was egter baie skepties oor die mededeling deur Dönges en het die moontlikheid oorweeg dat hy die bewering gemaak het om 'n wig tussen die OB en die AP in te dryf.<sup>503</sup> Hierdie beweringe ten opsigte van Havenga was 'n ernstige aanklag teen hom, want dit kom daarop neer dat hy in werklikheid besig sou wees om 'n dubbele rol te speel en die OB in die rug te steek.

Van Rensburg was nog meer skepties as Van Zyl en glo Dönges se verhaal nie: "Iemand lieg hier; of Havenga, of ek, of Malan (of aldrie). Ek het geen twyfel wie dit is nie." As teenbewys voer Van Rensburg dan tereg aan dat die HNP reeds op sy kongres besluit het dat geen OB-kandidaat deur die HNP gesteun sal word nie.<sup>504</sup>

'n Kopie van Van Zyl se brief is inderhaas aan Havenga gestuur, sodat hy op die beweringe kon reageer, en dr. Van Rensburg was nie bereid om sonder die AP as strooihalm te los nie: "Ons volg ons eie pad. Solank ons nie die AP self in die wiele ry nie, kan niemand ons daaruit sit nie". Hy telegrafeer aan Du Toit van Zyl, W.R. Laubscher en regter Botha (van Stellenbosch) dat hy die standpunt huldig dat indien Dönges en andere die HNP se afkeuring van Vorster se kandidatuur ontken, hulle ook die eenparige kongresbesluite ontken, en hy volstaan by die aanvaarding dat Malan wel beswaar aangeteken het teen die kandidature van Vorster en Bootha.<sup>505</sup> In 'n brief aan N.G.S. van der Walt is dr. Van Rensburg sinies: "*En jy gaan mense kry wat werklik gaan glo dat Malan ons vriend en redder en Havenga ons verderwer is!* Tot, natuurlik, tot na die verkiesing."<sup>506</sup>

Havenga het op Ladybrand en daarna ook op Hobhouse verklaar dat die HNP teenoor hom beswaar aangeteken het oor die OB-kandidate.<sup>507</sup> Daaruit kan afgelei word dat òf dr. Malan òf dr. Dönges of albei die liegwerk gedoen het (volgens Van Rensburg se vermoede).

Die laaste woord is egter nog nie oor Havenga gespreek nie, aangesien daar bronne gevind is waarin sy rol nog 'n geheel ander kleur kan aanneem,<sup>508</sup> met aanduidings dat hy selfs bereid sou wees om via Smuts in die politieke stroom opgeneem te word.

Hoe nader verkiesingsdag gekruip het, hoe groter het die verkiesingskoors geword en ook die gevolgtrekkingsdruk op die leiers om saam te werk

teen die Smuts-bewind. By sowel die HNP as die OB was daar lede wat die oë wou toekny en instorm ter wille van die “behoud van Blank Suid-Afrika”. Vanuit OB-geledere het dr. Van Rensburg ’n brief ontvang waarin hy onder meer van kleinlikheid en kleingeestigheid verdink is, en waarin die briëfskrywer hom daarop attent maak dat met die oorloguitslag, die dae van Nasionaal-Sosialisme getel is. Daarom sou dit nodeloos wees om te hoop dat iemand vir ’n OB-kandidaat sou stem.<sup>509</sup> Aan die ander kant het dr. Malan briewe van Henning Klopper (LV vir Vredefort) ontvang, waarin samewerking met en sagte hantering van dr. Van Rensburg gevra is. Klopper het Malan daarop gewys dat daar reeds presedente met lokale samewerking geskep is. Om sy saak te versterk het hy sy leier meegedeel dat dr. Van Rensburg selfs bereid is om ’n OB-kandidaat wat in ’n setel die paal haal, eervolle ontslag uit die OB te gee om daarna aan net een gesag onderworpe te wees. Klopper was vas oortuig daarvan dat dit vir die Afrikanerdom nou of nooit is, en alhoewel sy brief ’n baie versigtige apologetiese trant openbaar, is daar tussen die reëls tog die stewige aandraai van die skroewe. Malan het Klopper nogtans versoek om nie voort te gaan met die onderhandelinge nie, veral weens die ideologiese verskille.<sup>510</sup>

Vrees dat die OB sy eie ondergang sal bewerkstellig deur OB’s wat by die HNP aansluit, of lede wat vir die HNP stem, het oor dr. Van Rensburg vaardig geword. Desnieteenstaande was hy bereid om die stryd en verguising van die voorafgaande sewe jaar af te skud, op voorwaarde dat die HNP sy kongresbesluit oor steun aan OB-kandidate terugtrek. Hy meen dat die blatante leuen wat deur Malan wêreldkundig gemaak is dat die HNP nie teen die kandidature van Vorster en Bootha gekant was nie, huid en haar deur baie OB’s gesluk is — ongeag vier kongresbesluite wat die teendeel bewys. Van Rensburg is self nie bereid om Malan se versugting, dat “Blank Suid-Afrika” in gevaar is, as ’n eerlike houding te sien nie, omdat Malan die stryd teen die OB moes staak indien hy so sterk oor sake sou voel.<sup>511</sup>

In die Wes-Kaap het Laubscher en andere die kaarte so deurmekaar gekrap dat Paul Sauer ’n noodkreet na Havenga gesein het om te kom help dat sake weer genormaliseer en reggestel kan word.<sup>512</sup> Maar Havenga se reaksie op Sauer se noodroep was ’n koue skouer van: die HNP-beleid teenoor die OB is daarvoor verantwoordelik. Tussen die reëls het hy aan Sauer te kenne gegee dat die HNP self die probleme daar sal moet oplos. Hy moes nogtans teenoor sy verkiesingsbondgenoot die front handhaaf dat hy die AP se kant skoon hou, deur die

versekering te gee dat die AP sy volle samewerking gee, en lede wat dit nie wil aanvaar nie, uit die party sou moes bedank.<sup>513</sup> Hierdie versekering van goeie trou sou Havenga beslis nie gestand kon doen as dit puntjie by paaltjie kom nie, aangesien hy dan van sy voorste organiseerders, bestuurs- en hoofbestuurslede uit sy party moes skop, waaronder W.R. Laubscher en J.H. Richter, en andere. En saam met sulke geëkskommunikeerdes sou baie ander OB’s ook hulle goedjies vat en die party verlaat.

Drie weke voor stembag was die OB se Uitvoerende Raad nog bereid om HNP-kandidate, wat die stryd teen die OB nie staak nie, in die verkiesing te boikot. Alleen vir dié kandidate wat in die publiek sy erewoord gee om diskriminasie teen die OB te staak, sou steun en stemme aangebied word.<sup>514</sup>

Vanuit die Kaap het Laubscher die Afrikaner-Broederbond daarvan verdink dat hy besig was om kant te kies teen die OB, want oral in Kaapse kiesafdelings waar vooraanstaande OB’s vir die HNP-kandidate wou gaan stem, is sulke manne byna voor die voet AB’s: “Waar ons met A.B.-lede te doen het is die falanks gebreek.”<sup>515</sup> Maar in werklikheid bewys die koorsagtigheid van baie Afrikaners en veral van OB’s dat die geveg tussen die HNP en die OB vir hulle van minder belang geword het, en dat die groot strewe om die Smuts-bewind omver te gooi belangriker, selfs ’n obsessionele drang, geword het. Daar was diegene in die OB wat enduit aan die boikot-gedagte bly kleef het, maar daar was ook diegene wat ter elfderure die nooddrif van die omstandigheid ervaar en van gedagte verander het ter wille daarvan dat die Afrikanerdom die bewind moet oorneem. Hans van Rensburg het op die laaste nippertjie opdrag gegee dat OB’s moet gaan stem, net om Smuts se bewind te beëindig.

Die “Wonderwerk van Agt-en-veertig” het gebeur, want die HNP-AP-verkiesingsalliansie het nie alleen die verkiesing gewen nie, maar genl. Smuts is in sy eie setel, Standerton, deur mnr. Wennie du Plessis verslaan. Die uitslae was vir vriend en vyand ’n ewe groot verrassing.<sup>516</sup>

Daar het, terwyl al die uitslae nog nie bekend was nie, die verwagting ontstaan dat alles daarop dui watter party ookal die verkiesing wen, hy nie oor ’n “werkende meerderheid” sal beskik nie, en dat nog ’n ronde verkiesing sal volg. Vir die Afrikanerdom was die vreugde onbeheersd toe die finale uitslae te staan kom op:<sup>517</sup>

HNP	70 setels
AP	9
VP	65
Arbeiders	6

Die nuwe bewind het nie oor 'n volstreekte meerderheid beskik nie, en hy sou dus noodgedwonge verplig wees om met sy verkiesingsbondgenoot, die Afrikanerparty, saam te werk. Die Afrikanerparty was dus in 'n posisie om die magsewewig te reguleer of te manipuleer. Afrikanernasionalisme het die oorheersing van die Britse imperialisme deur middel van die Smuts-bewind, met wie 'n bruggehoof van wedersydse belange gehou is, vir die oomblik omvergewerp. Die tyd sou egter leer of Suid-Afrika geheel en al losgemaak sou word van Brittanje deur republiekwording.

Die OB het met die uitslag ook 'n terugslag gekry, want dit is duidelik dat in kiesafdelings waar samewerking nie amptelik met OB's gesluit is nie, hulle nogtans òf in groot getalle gestem het, òf dat die OB reeds so verswak is dat hy in elk geval geen verskil kon maak nie. Aan die ander kant het Van Rensburg se aanmoediging om maar oë toe te knyp en te gaan stem, waarskynlik goed deurgewerk.

'n Ander belangrike aspek van die uitslae is dat die HNP, wat die aantal stemme (totale) betref, nie die meerderheid behaal het nie. In 'n sekere sin moes die afbakening van kiesafdelings hom bevooroordeel het, omdat die meerderheid van die VP-steun in 'n minderheid kiesafdelings gekonsentreer was.<sup>518</sup> Die HNP het nou sterker gestaan teenoor die OB.

## 2.7 Afdraande en uitvaart

Die OB se groot vrees na die 1948-verkiesing was dat die HNP sal werk vir samesmelting van die HNP en AP, en dat die OB daarna van die toneel sou verdwyn. Die ander moontlikheid was dat die HNP eenvoudig sy deure sou oopgooi en dat, deur aansluitings by die HNP, die OB sou doodbloei. Nog 'n moontlikheid was dat die status quo ten opsigte van samewerking gehandhaaf kon word, wat by elke volgende verkiesing dieselfde probleme en getwis kon veroorsaak. Van Rensburg het dit daarom goedgedink om die Grootraadsitting van November na Julie te vervroeg, sodat toekomstige strategie vroegtydig beplan kon word

alvorens die HNP-kongresse (waarskynlik in Oktober) sou sit. Die OB sou ten alle koste sy mense "... in een kraal moet loods", sodat, indien samesmelting wel kom, die OB sy voorwaardes kon stel.<sup>519</sup> Dit kom daarop neer dat die OB hom in 'n magsoopposisie gevoel het nadat hy daarin geslaag het om in 1946–47 die Afrikanerparty te kaap — die stert was van plan om die hond te swaai.

Die gedagte was geopper dat Havenga so gou moontlik die AP sou konsolideer, en die ware motief daaragter was nie om die AP as sodanig te versterk nie, maar om die OB van ondergang te probeer red deur die stroom na die HNP te stuit.<sup>520</sup> Angssweet het op die OB se voorop begin uitpers want op 29 Junie versprei die OB-Stafhoof, P.W. Buys, Omsendbrief 0.2.48 waarin voorbereidingswerk vir 'n moontlike volgende verkiesing gemaak word: volle partylidmaatskap sou vir enige OB slegs in die AP beskore wees.<sup>521</sup> N.G.S. van der Walt het gevrees dat vir baie mense die Afrikanerdom gearriveer het, en dat vir diesulkes enige beklemtoning van 'n selfstandige taak vir die OB as "sabotasie van die 'Afrikanervolksbewind' ..." beskou sou word.<sup>522</sup>

Dr. Van Rensburg se eie toekoms was ook onseker, en alhoewel hy aangemoedig is om homself ten volle by die AP in te skakel en om sodoende adjunk-leier daarvan te word, het Van Rensburg self verkies om hom liever op sy eiland in die Vaalrivier terug te trek en sy lewe daar rustig te slyt. Hy was wel bereid om lid van die AP te word, sou die Grootraad daartoe instem.<sup>523</sup>

Om die steun wat die OB deur die eervolle ontslag aan staatsamptenare in 1941 verloor het, te herwin, is daardie ontslag nou opgehef.<sup>524</sup> 'n Ligpunt vir die OB was dat Havenga nie daarmee gediend sou wees om in die kabinet van Malan 'n ondergeskikte posisie teenoor byvoorbeeld Swart of Strijdom te aanvaar nie. Hy sou slegs as "eerste luitenant" direk onder Malan dien, en hy sou verder in die ware Hertzog-tradisie billikheid teenoor die Engelssprekendes kon verseker omdat hy in die kabinet sy party-identiteit sou handhaaf. En dan was daar die ligpuntjie dat, volgens mededeling van mev. Emmie (Steyn) du Toit, dr. Malan nou begin belangstel het in samewerking met die OB.<sup>525</sup> Oor Havenga se verklaring aangaande die OB se daadwerklike bydrae tot die groot verkiesingsoorwinning in Mei 1948 was die OB baie tevrede. Van Rensburg was daarvan oortuig dat die OB man en muis agter die politieke front moes inbeweeg, maar dat verhoed moes word dat OB-lede aan verskillende partye behoort, want dit kon die Beweging ver-

brokkel. Die oplossing is gevind in totale of volledige aansluiting by die AP, en die Grootraad het (op enkele uitsonderinge na van diegene wat werklike gewetensbesware teen partypolitiekery gehad het) die voorbeeld gestel deur by die party aan te sluit. Hertzog se gedagte van “Suid-Afrika eerste” was die rigsgoer vir die toekoms.<sup>526</sup>

Die OB het sy selfstandige taak vir die toekoms gesien in die republikeinse strewe, soos dr. Van Rensburg in antwoord op die skrywe van ene H.M.J. van Rensburg van Stellenbosch die saak gesien het. Die KG het die standpunt gehuldig dat aangesien partye in hul verkiesingsveldtogte die republikeinse strewe in die koelkas moes bêre (soos in die geval van die 1948-verkiesing) elke volgende verkiesing die politieke partye voor die keuse stel: of die republikeinse strewe of die bereiking van mag. Daarteenoor kon die OB as buite-parlementêre organisasie onbelemmerd die republikeinse gedagte propageer sonder dat die partye stemme hoef in te boet en sonder om die partye te kompromitteer.<sup>527</sup>

Om verstaanbare redes het die HNP in die verkiesingstryd die republikeinse kwessie na die agtergrond verskuif, want daar was nog baie Afrikaners wat in die Hertzogtradisie van gematigdheid nie oortuig was van die wenslikheid van republiekstigting nie. Na afloop van die verkiesing was daar egter binne die HNP diegene, soos Strijdom, Swart, Verwoerd en G.D. Scholtz, wat nie bereid was om die republikeinse strewe in die koelkas te laat nie. Voorheen was dit vir die HNP maklik om uit die Opposisiebanke die republiek na te jaag, maar dit was ’n perd van ’n ander kleur toe hy eers self aan bewind gekom het. Toe Malan in 1948 vir Smuts vervang het, het Malan in ’n uiters netelige posisie beland. Hy sou nie sito-sito die belangeverhouding met Brittanje kon verbreek sonder om vir Suid-Afrika (en vir die HNP) groot skade te berokken nie. Toe dr. Malan in ’n toespraak in die Senaat te kenne gee dat die Unie homself steeds beskou as lid van die nouer kring van suster-volke binne die Statebond, en dat hy, op voorwaarde dat sy onafhanklike regte behoue bly, nie van plan was om daardie assosiasie te verlaat nie, het die emosies binne die Nasionale Party teen hom begin oplaai, en omdat Heaton Nicholls (van die Opposisie) sy tevredenheid met Malan se standpunt uitgespreek het, was die onrus binne die HNP soveel sterker.<sup>528</sup>

Oor dieselfde aangeleentheid en na aanleiding van Malan se toespraak,

het dr. G.D. Scholtz in ’n lang brief aan dr. Verwoerd sy misnoeë met dr. Malan se houding oor die Unie binne die Statebond en die republikeinse strewe uitgespreek. Hy wens Verwoerd geluk met die moed wat hy aan die dag gelê het om direk na Malan op te staan en in teenstelling met hom, die republikeinse strewe andermaal te bevestig. Hy meen dat Verwoerd moontlik sy eie pad na dr. Malan se kabinet toegestop het, maar dat hy met sy kloekmoedige optrede sy naam as politieke leier goed gevestig het. Scholtz was moedeloos oor Malan se bontspringery rakende die republikeinse strewe, want vir die soveelste maal het Malan in ’n anti-republikeinse stemming verval. Hy skryf: “Dit is maar goed dat ek nooit sal optree as die biograaf van dr. M. nie, want hoe kan so ’n skrywer eenmaal gaan verklaar dat hy ’n man van een koers was? Ek het al die toesprake wat dr. M. sedert 1915 oor die konstitusionele posisie gehou het en dit is heel interessant om te sien hoe hy so al om die 5 of 6 jaar van standpunt verander het. ’n Paar jaar lank is hy ’n heftige republikein, maar dan breek daar weer ’n tydperk aan dat hy van ’n republiek niks wil weet nie.” En dan verklaar Scholtz teenoor Verwoerd sy geloof oor wie die republiek tot stand kan bring: “Ek glo nou nog minder as ooit tevore dat Dr. Malan vir ons ’n republiek sal verkry ...” en daarom vestig hy al sy hoop op Strijdom, Swart en Verwoerd.<sup>529</sup>

Dit was dus nie vir die OB nodig om ongeduld by die Nasionale Party aan te blaas ten opsigte van die republikeinse strewe nie, want in die hoër kringe van die Party was die onrus en ontevredenheid met Malan reeds daar.<sup>530</sup> Die Ossewa-Brandwag moes alleen maar vir homself voordeel uit hierdie ontevredenheid binne die HNP probeer trek, deur te beklemtoon dat hy as buite-parlementêre organisasie in die beste posisie verkeer om ’n republiek te propageer, soos dr. Van Rensburg dit in Mei 1948 voorsien het.<sup>531</sup>

Met die oog op ’n toekomstak vir die OB sou hy dus moes konsentreer op die strewe na die republikeinse onafhanklike status, veral in die lig van die HNP-kongresse se handhawing van diskriminasie teen die OB. In sy Nuusbrief 0.1/50 het die OB die akker gereedgemaak vir sy republikeinse propaganda deur ’n kort uiteensetting te gee van wat republikanisme werklik beteken, en dat Suid-Afrika se toekoms daarin geleë is.<sup>532</sup> In ’n volgende nuusbrief het die OB homself gesien as die draer van die ideaal van ’n “*partylose Republiek*”,<sup>533</sup> en hy beskou homself as selfstandige beweging wat hom die reg voorbehou “om in alle volksake mee te praat en mee te doen ...”<sup>534</sup>

By die HNP het daar reeds voor die 1948-verkiesing die begeerte tot volle eenwording van homself en die AP bestaan, en het Strijdom as protagonis van die gedagte druk op Malan uitgeoefen om van Havenga die versekering daartoe te verkry.<sup>535</sup> Indien Havenga daartoe sou oorgaan om die begeerde eenwording toe te laat, kon dit vir die OB verreikende gevolge hê. Dr. Van Rensburg het die moontlikheid daarvan ingesien en was van mening dat, sou Malan en Havenga die stap neem, die AP nie sonder die OB in so 'n eenwording kon ingaan nie. Die HNP sou dan "die OB-lede van H. (Havenga) se party saamsluk, of hy wil of nie. Anders sal H. geen 'eenwording' toestaan nie."<sup>536</sup>

Die Wes-Kaaplandse dagbestuur van die Afrikanerparty het per memorandum vir Havenga dit aan die verstand gebring dat alhoewel daar binne die parlement samewerking tussen die HNP en die AP bestaan het, dit nie die geval daarbuite was nie. Havenga was ook ingelig oor "fluisterveldtogte" van die HNP wat dit so wou dat wanneer die HNP en die AP sou verenig, Havenga hom aan die openbare lewe sou onttrek en "plaastoe sal gaan". Hulle het ook gekla oor die diskriminasie wat daar steeds bestaan het teenoor sekere lede van die AP (bedoelende die OB's) en dat diesulkes geen aandeel had in die HNP-AP-samewerking nie. Daarom is voorsien dat, tensy die posisie opgeklaar en reggestel word, die AP in die Wes-Kaap sou wegwyn. In die memorandum is dan enkele alternatiewe aan Havenga gestel:

"(a) Dat die ooreenkoms met die Herenigde Nasionale Party verbreek word;

Dat die leier van die Party nie uit die openbare lewe sal tree nie; en

Dat die Afrikanerparty selfstandig verkiesings-, parlementêre en alle ander bedrywighede van 'n politieke party onderneem:

of

(b) Dat enige nuwe of verdere diskriminasie deur die bondgenootparty teen die Afrikanerparty of teen 'n lid of lede van die Party beskou sal word as die outomatiese beëindiging van die A.P.-H.N.P.-bondgenootskap;

Dat die leier van die Party nie uit die openbare lewe sal tree nie:"<sup>537</sup> ensovoorts.

Hierdie memorandum was eenvoudig 'n onverbloemde stukkiewerk van die OB's in Wes-Kaapland, wat Havenga wou dwing om as AP-leier sake vir die OB in die bondgenootskap met die HNP reg te stel. En alhoewel die stuk, veral op die eerste bladsy, redelik apologeties aangebied is, was dit niks minder nie as 'n ultimatum aan Havenga. Dit neem egter nie weg nie dat albei die voorstelle daarin vervat eintlik 'n meesterlike stukkiewerk was wat Havenga moes oorweeg. Sou hy gehoor gee aan die Wes-Kaapse "AP", sou hy beslis die toekoms van sowel die AP as die OB verseker het, aangesien die HNP nie oor 'n genoegsame meerderheid beskik het om sonder die AP te kan regeer nie. Havenga sou, indien hy die raad opgevolg het, met sy party die rol van magsbalanseerder kon speel en die HNP sou na sy guns moes vry om aan bewind te bly. 'n Konsekwensie daarvan sou wees dat Havenga die belangrike rol van bemiddelaar tussen die twee blanke taalgroepe sou kon vertolk, aangesien die AP vir homself die mantel van genl. Hertzog toegeëien het. Havenga en sy party sou dan die brughoof tussen die twee groot blanke politieke strominge kon vorm. Havenga se leierskap het nou voor 'n groot toets te staan gekom, en die OB se voortbestaan was (ewe as dié van die AP) afhanklik van sy optrede.

Die Wes-Kaapse OB's wat onder leiding van W.R. Laubscher verantwoordelik was vir bogenoemde memorandum, het al hoe meer die gedagte begin vertroetel dat die OB, namate die AP uitrafel, moes dink aan 'n eie parlementêre optrede.<sup>538</sup> Die OB sou dus openlik tot die partypolitieke terrein moes toetree en in 'n party omvorm word, of alternatiewelik ten minste sorg dat hy in die toekoms sy eie kandidate tydens verkiesings stel.

Dr. van Rensburg was in sy skik met die druk wat Laubscher en Kie op Havenga begin uitoefen het, en stel Japie de Vos in kennis dat dit uit koerantberigte blyk dat die Kaaplandse HNP, by monde van P.W. Botha, die ban teen die OB opgehef het. Die moontlikheid het bestaan dat Havenga die memorandum onder Malan se aandag gebring het, met die gevolglike besluit van die Kaapse HNP.<sup>539</sup> In hierdie stadium is nie voorsien dat die opheffing van die ban deur die HNP in Kaapland selfs nadelige gevolge vir die OB kon hê nie, want as OB's dubbele lidmaatskap kon kry, kon 'n proses aan die gang gesit word waardeur die OB leeggetap kon word.

Die feit dat die OB reeds van sy kommando-organisasie afgestap en oorgeslaan het na gesins- of selvorming, met direkte kontak met elke

gebiedshoofkwartier,<sup>540</sup> het die groot agteruitgang wat die OB veral sedert die oorlogseinde deurgemaak het, bewys. Die agteruitgang en gevolglike vrees vir disintegrasie word ook bevestig deur die byna wanhopig-fanatiese wyse waarop die OB hom deur middel van die Afrikanerparty in die politiek teruggewurm het. Maar alhoewel hy nog net daarin kon slaag om in die gedaante van die AP in die politieke stroom teruggelei te word, was die interne verdeeldheid wat begin kop uitsteek het, 'n probleem wat moeilik oorbrug sou kon word, of hoe-genaamd nie oorkom sou word nie.

Die moeilikste versperring waaroor die OB moes kom, was die probleem van tam en onwillige leierskap wat in 1949–1950 akuut geword en tot die verdeeldheid aanleiding gegee het. Ons kyk eerstens na die probleem soos deur N.G.S. van der Walt gestel, en daarna word gekyk na die waarskynlike en moontlike oorsake van die probleem.

Aan prof. D.J. van Rooy (Grootraad-voorsitter) skryf Van der Walt dat hy reeds in 1949 teenoor dr. F.D. du Toit van Zyl die mening uitgespreek het dat die OB nie soseer 'n organisatoriese probleem ontwikkel het nie, maar 'n leierskrisis: "Ons leier weier om te lei, en as dit 'n feit is kan niks ter wêreld ons vooruit bring of maar aan die lewe hou nie ... Hy het geen geloof meer in die toekoms van die O.B. nie ... dr. V. se enigste beleid nou is om die H.N.P. te benadeel ... Aan O.B.-beleid word nie die minste aandag meer geskenk nie, en die onkunde wat die K.G. openbaar aangaande politieke en selfs interne aangeleenthede van die O.B. is eenvoudig verslaend ... dat die K.G. alle belangstelling in die O.B. en sy stryd verloor het, en op die oomblik net begaan is oor die kortste pad na likwidering ... Ek het hom reguit gesê dat die beleid wat hy nou in die noorde volg, 'n geleidelike likwidering is, en hy het dit toegegee. 'Wat ek daar doen is nie-amptelike eervolle ontslag', het hy gesê. Sy enigste hoop is dat die A.P. die regering tot 'n val sal bring — wat daarna met die O.B. gebeur skyn hom nie die minste te interesseer nie ... Maar die K.G. meen blykbaar dat soiets 'n soort terugbetaling sal wees vir wat die mense aan hom gedoen het. Met ander woorde hy is 'n verbitterde man met geen positiewe idealisme of doelstelling meer nie. Hy beskou homself dan ook as 'n 'ou man' wie se lewe met 'n gedruis agter die rug is ...'. Van der Walt meen dat die OB meer as 'n persoon is en "ons kan nie toelaat dat hy misbruik word as 'n persoonlike wapen in die hand van 'n verbitterde man nie." In 'n naskrif vermeld hy dat uit 'n samespreking met prof. H.M. van der Westhuysen,

dit duidelik geword het dat daar Transvaalse OB's is wat presies soos hy oor die KG voel, en dat dit in die KG se eie belang is om sy leierskap betyds neer te lê, alvorens sy (Van der Walt se) voorspellings bewaarheid word.<sup>541</sup>

Van der Walt se getuienis was verdoemend, maar waar. Bevestiging daarvan kan gelees word in die feit dat die Wes-Kaaplandse OB's in die AP-vermomming druk op Havenga en Malan begin uitoefen het rakende die diskriminasie teen die OB, wat eintlik die werk van die OB-leier moes wees. Hy moes die inisiatief neem, en alhoewel hy die Wes-Kapenaars se optrede gesanksioneer het, het hyself niks daaraan gedoen nie. Van Rensburg het hoogstens die redakteur van *Die O.B.* aangemoedig om die HNP aan die kaak te stel, wat, met inagneming van Van der Walt se mededelings, in elk geval gesien moes word as deel van weerwraak op die HNP.

Ter wille van billikheid moet daar gekyk word na die agtergrond vir die moedelose en defaitistiese houding van die OB-leier. In die eerste instansie kan sonder vrees vir teenspraak verklaar word dat hy sedert sy instelling as KG in 1941, die OB-leier was wat min of meer elke skokgolf wat na die OB aangekom het, moes absorbeer. Van Rensburg het min of meer 'n solo-rol gespeel in die heftige stryd tussen die OB en die HNP, en sy program van openbare optredes was so gelaai dat hy fisiek en geestelik eenvoudig daaronder sou moes swig. Verder kan ter versagting aangevoer word dat hy nie alleen die OB moes lei nie, maar ook die Stormjaers, en in albei gevalle het dit sy kragte tot breekpunt toe beproef, veral toe die Stormjaers kwaai onder spervuur geplaas is. En dan was daar faktore soos die dralende en hangende moontlikheid van 'n hoogverraadaanklag teen hom wat reeds veroorsaak het dat ander leiers hulle nie met hom of die OB wou assosieer nie, uit vrees vir die sogenaamde "guilt by association". Op die koop toe was Van Rensburg waarskynlik in 'n sekere sin teleurgesteld in die leierskap van Havenga, omdat hy nie sterk genoeg opgetree het in belang van die AP en die OB nie, maar eerder 'n afwagende soort benadering gehad het. Al hierdie faktore saamgegooi moes eenvoudig psigosomatiese gevolge hê, dit wil sê dat die stremminge en spanninge van tien jaar, en selfs stoflike gebrek vir Van Rensburg en sy gesin in die jare toe dit met die OB finansieel broekskeur gegaan het, so 'n invloed op die psige van die persoon gehad het, dat hy ook fisies afgetakel is, en uiteindelik gehospitaliseer is.<sup>542</sup>

Hoe dit ookal sy, dr. Van Rensburg het ontrekkingsimptome begin toon ten opsigte van leierskap en openbare figurering en die OB kon dit in hierdie stadium nie bekostig nie. Daarom het prof. Dirk van Rooy as Grootraad-voorsitter die gedagte geopper dat dr. Van Rensburg 'n jaar langverlof moes ontvang. Die gedagte is deur N.G.S. van der Walt verwelkom. Prof. Van Rooy sou vir die jaar benewens sy voorsitterskap ook as waarnemende KG ageer, en hy sou bygestaan word deur prof. H.M. van der Westhuysen van Pretoria.

Die eerste tekens was ook reeds daar dat die gety tussen die OB en die HNP begin keer het, want Van der Walt merk op dat, in *Die Burger* van 25 April, vier briewe geplaas is, waarvan drie klagtes teen die huidige regering is rakende die hoë lewenskoste en die teleurstellende houding van dr. Malan en dr. Jansen insake die naturellebeleid. Van der Walt meen dat die OB nou 'n manifes oor sy beleid moet uitreik, en dat daarin nie die indruk gewek moet word dat die OB die HNP-bewind wil verongeluk nie. Hy meen dat, ten spyte van die verlede, daar die waarborg is dat niks kwaadwilligs teen die OB gedoen sou word nie, en dat die OB daarom in die vervolgt 'n beleid van groter welwillendheid teenoor die Nasionale bewind moet aanneem. Wanneer die HNP-bewind moontlik tot 'n val kom, kan die OB deur 'n eie parlementêre front oorneem, aangesien die HNP dan nie sy kanse behoorlik benut het nie. Hy meen ook dat, wat die organisering van die OB betref, die Suide en die Noorde elk min of meer selfstandig moet voortgaan, elk onder 'n eie leier.<sup>543</sup>

Teen Mei 1950 het dr. Van Rensburg hom daarvoor gekwel dat die Malan-regering in die beoogde wetgewing teen Kommunisme selfs 'n handige wapen vir optrede teen die OB kon sien, en het die Grootraad en dr. Jan Steyn (van die Afrikanerparty) daarop bedag gemaak deur middel van briewe en 'n verslag daaroor.<sup>544</sup>

Tydens dr. Van Rensburg se verlof-afwesigheid het prof. Dirk van Rooy, prof. H.M. van der Westhuysen, en andere die wiewe aan die rol probeer kry en die manifes met die OB se toekomstige beleid opgestel. Daarin is die verkryging van 'n republiek as eerste prioriteit gestel, met die idee van 'n partylose staat en ware volksregering daaraan gekoppel. 'n Ander belangrike aspek van die beleidspunte was dat besluit is om nie terug te deins van die aanvaarding van geleidelike apartheid nie, om sodoende die blanke beskawing in Suid-Afrika te handhaaf. Ten laaste is as teenvoeter vir die dreigende Kommunisme die beleid van

'n stelsel van sosiale geregtigheid voorsien.<sup>545</sup>

Maar beleid alleen kon die OB nie aan die lewe hou nie. Uit die notule van die Grootraad, wat in Augustus 1950 gesit het, blyk dit dat daar vanuit die Suide gevoel is dat die KG sy verlof moet kortknip en die OB weer besied moet lei. P.W. Buys, wat die OB-kantoor in Pretoria van binne geken het, was skepties oor die moontlikheid dat die OB kon voortgaan sonder die nodige fondse, want die KG se terugkeer sou meer geld vereis. Die OB was duidelik in 'n cull de Sac, en vrae het ontstaan oor hoe die OB moet voortgaan en hoe hy sy kantore in stand moet hou. Prof. van der Westhuysen het gemeen dat die OB met iets nuuts vorendag sal moet kom om te kan tref, en die enigste nuwigheid sou wees die kleurbeleid, maar die OB kon nie 'n kleurbeleid daarstel wat afwyk van die AP se beleid nie. Daar is toe besluit om 'n offiserslaertrek in camera te hou om dié sake uit te pluus.<sup>546</sup>

Die beoogde offiserslaertrek moes, volgens die beplanning van prof. Van Rooy, W.R. Laubscher, en andere, 'n ware herlewing van die OB aan die gang sit. En om die rede meen prof. Van Rooy dat daar by die geleentheid nie tyd of plek moes wees vir swaardragtige akademiese voordragte nie, maar eerder kragtige redes tot oplewing: "En nou die 'Grotos'. Sit 'n paar van hulle Dinsdagaand aan die woord. Hulle moet sommer atoombomme los. Reserveer een van hulle om die stemming die volgende oggend te hernu en dan moet die ding aan die gang wees." Die volgende persone kon as sprekers optree: Dr. Van Rensburg, J.A. ("Sambok") Smith, prof. H.M. van der Westhuysen, mnr. Oswald Pirow, prof. L.J. du Plessis en andere.<sup>547</sup>

Op die UR-vergadering (OB) van 6 November het dr. Van Rensburg die republikeinse tema aangeroei en gewys op dr. Malan se oogmerk om 'n republiek binne die Statebond te skep, en die teenstand van Strijdom, Le Roux en Schoeman in die aangeleentheid. Laubscher het betoog dat die OB voortaan moet ywer vir amalgamasie van die AP en die HNP, sodat die idee dat dit die OB-skeurders is wat nie aan verkiesings wil deelneem nie, verdwyn. Hy meen ook dat die gedagte uitgebou moet word dat die blanke nie oor die Swartman baas wil speel nie, maar dat elkeen in sy eie gebied (gesegregeer) homself moet regeer en ontwikkel. Oor die eenwordingsidee het dr. Van Rensburg gemeen dat Havenga nie daarmee op die leiding van Malan moet wag nie, maar dit van sy kant moet inisieer. OB-lede moet weer kans kry om te kan

werk, maar met behoud van hul OB-identiteit. Laubscher het daarby aangesluit met die gedagte dat in so 'n amalgamasie die OB sterk moet bly, en indien die Party verslap, moet die OB met sy leier sterk na vore tree. Maar die vergadering het na al die positiewe gedagtes en gepraat te staan gekom voor die skynbaar onoorkomelike probleem van hoe die organisasie aan die gang gehou moes word, en waar die geld vandaan sou kom. Die geldprobleem is toe na 'n komitee verwys.<sup>548</sup>

Aan die begin van 1951 het die finansiële posisie nog geensins verbeter nie, intendeel, dit het bly versleg.<sup>549</sup> Dr. van Rensburg het met die gedagte na vore gekom om die gewone lid van alle verpligtings te onthef en die OB slegs as 'n "propagandistiese element" te laat voortgaan.

Intussen het die HNP bewus geword van die groot agteruitgang by die OB. 'n OB-saamtrek op 24 Februarie in Kaapland het uit verskeie distrikte slegs sowat 400 bittereinders byeen gebring.<sup>550</sup>

Verdeeldheid binne die OB het in 1951 'n akute graad bereik soos blyk uit dr. Van Rensburg se toespraak voor die Uitvoerende Raad in Augustus. Hy het die raad daarop gewys dat binne die OB daar nou uit twee monde gepraat word: aan die een kant is die KG die mondstuk (die enigste) van die Grootraad, en aan die anderkant gaan *Die O.B.* sy eie gang en publiseer artikels wat teenstrydig is met die KG en die Grootraad se wil. En J.A. Smith se verklaring na aanleiding van die terugkeer van die OB na die politiek en Afrikanerstrom ondersteun N.G.S. van der Walt se houding, en nie dié van die KG nie. Die probleme het ontstaan rondom die amalgamasie van die HNP en die AP tot die Nasionale Party. Die Kapenaar-OB's was bevrees dat die ou diskriminasie teen die OB behoue sou bly en maar weer voortgesit sou word.<sup>551</sup> Die UR van die OB het daarop besluit dat die eenwording van die HNP en die AP verwelkom word, maar Laubscher het daarteen gestem. Onderzoek sou ook gedoen word met die oog op die moontlike stigting van 'n landswye "republikeinse bond".

Binne die OB het die vonke begin spat, want Smith, Laubscher, N.G.S. van der Walt (kortom, die Kaapse OB's) het hulle verset teen die rigting waarin dr. Van Rensburg sake nou gestuur het.<sup>552</sup>

Omdat Van Rensburg gevoel het die kolomme van *Die O.B.* is hom nie meer beskore nie,<sup>553</sup> het hy 'n omsendbrief aan alle OB's laat uitstuur waarin hy aankondig dat hy hangende 'n "Laertrek van offisiere" (as

hoogste gesag van die OB) sy bedanking indien, omdat hy nie siender oë die OB in 'n posisie wil inlei waardeur die Beweging vir homself vyandskap gaan skep met die oorgrote meerderheid van die Afrikanerdom nie.<sup>554</sup> Die Ossewa-Brandwag het nou in twee geskeur — die Suide teen die Noorde, met prof. Dirk van Rooy van Potchefstroom by die suidelikes geskaar — harde woorde het tussen kamerade van die eens magtige organisasie geval.<sup>555</sup>

Die Ossewa-Brandwag het sy laaste stuiptrekkings begin kry, met 'n hele aantal lede wat maar nie kon sien dat dié organisasie op sterwe na dood is nie. Alvorens die KG se bedanking geldig kon wees, moes die Laertrek van Offisiere dit bekragtig, en sodanige bekragtiging sou waarskynlik disintegrasie van die Beweging meebring. Die Suide het in die konstituering van die Laertrek van Offisiere die gaping gesien om die Noorde uit te knikker, aangesien die organisasie in die Noorde eintlik nie meer bestaan het nie. Laubscher het met die gedagte van eers te reorganiseer om daarna "wettige" laertrek te kan hou, na vore gekom.<sup>556</sup> Slegs offisiere wat nog "wettig" deel van die bestaande OB-organisasie is, sou die Laertrek kon bywoon. Aangesien die Suide se organisasie beter in stand gehou is, sou hulle dus die Laertrek en Grootraadsitting kon oorheers.

Die Noorde, by name prof. H.M. van der Westhuysen en P.W. Buys, het geweier om met die reorganisasieplan van die Suide in te val,<sup>557</sup> en "Sambok" Smith het selfs aan die Grootraadsvoorsitter voorgestel dat 'n hof gevra kan word om uitspraak te lewer oor die wettigheid van die Suide se standpunt.<sup>558</sup> Dit is egter nie duidelik of Smith 'n staats-juridiese proses bedoel het nie, maar indien hy dit wel so bedoel het, sou dit beteken dat die OB vuilwasgoed in die openbaar moes was, en aan die wêreld toon in watter staat van verval die OB reeds verkeer. Smith was in 'n ontstuiwige bui en het daar en dan vir Van der Westhuysen as gebiedsleier, met ingang 15 April, ontslaan.<sup>559</sup>

Die Ossewa-Brandwag het 'n vernederende einde tegemoet gesnel, en die Noorde het koorsagtig aan die werk gespring om nog te raap en te skraap van dit wat van die Beweging daar oorgebly het.<sup>560</sup> En omdat Van Rensburg se bedanking gekoppel is aan die bevestiging deur die Laertrek van Offisiere, het P.W. Buys van die Hoofkwartier in Pretoria geweier om dié kantoor se dokumentêre boedel aan die Suide (J.A. Smith) te oorhandig.<sup>561</sup>

Die Suide was besig om op 'n growwe wyse teen die Noorde se OB's te diskrimineer, 'n gedragswyse wat voorheen in die hitte van die OB-HNP-stryd ten sterkste deur elke OB afgekeur is. In die besluitnemingsproses oor die toekoms van die OB en sy terugvoering in die normale stroom van die Afrikanerdom wou die Suide die eerste en die laaste woord spreek. Uiteraard het die OB dus reeds de facto ontbind, alhoewel hy de jure nog bestaan het.

Dr. van Rensburg het dit oorweeg om sy bedanking terug te trek, tensy aan sy voorwaardes vir die bekragtiging daarvan (deur die Laertrek van Offisiere) voldoen word. Hy sou egter dankbaar wees as sy bedanking kon geskied sonder onaangenaamheid en voorvalle.<sup>562</sup> Maar in Junie het die Suide 'n UR-vergadering met sogenaamde "wettige lede" byeen-geroep, wat bestaan het uit: prof. Dirk van Rooy, J.A. Smith, Lombard, dr. F.D. du Toit van Zyl, J.G.S. Opperman, J.F. van der Merwe en W.R. Laubscher.<sup>563</sup> Smith het in 'n skrywe aan dr. Van Rensburg die offensief teen die Noorde en teen Van Rensburg voortgesit en klem gelê op die enigste wyse waarop hy as AKG en Organisasieleier die situasie van vervallenheid in die OB kon hanteer, naamlik deur reorganisasie.<sup>564</sup>

Laubscher het 'n konsep-besluit vir die Laertrek voorberei waarin gevolgtrekkings van die heersende toestand binne die OB gemaak word en dat die volgende besluit word:

"Gevolglig besluit die Laertrek om self 'n Uitvoerende Raad van 12 lede te benoem, aan wie die gesag van die organisasie oorgedra word; (wat sy eie vakatures aanvul) en aan wie die taak oorgedra word om: —

- (1) tot tyd en wyl sake 'n beter of slegter wending neem, die bedrywighede van die kommando's rondom die O.B.-blad te konsentreer;
- (2) die wenslikheid te oorweeg om die naam van die blad te verander na die Republikein; en
- (3) die moontlikheid te ondersoek dat die O.B. in 'n nuwe organisasie van beginselgenote wat die stryd om ons ideale en beginsels kan voortsit."<sup>565</sup>

Op die Grootraadsitting wat daarna gevolg het, is die name van die "wet-

tige lede van die Grootraad" deur die Voorsitter, prof. D.J. van Rooy, voorgelees. K.J.H. Behrens van Transvaal het hom teen die hele procedure verset en hom beroep op die Notule van die UR-vergadering van 7 Februarie 1952. Hy het ook ontken dat die organisasie in Gebied F (Noord-Transvaal) vervel het en geëis dat daardie offisiere sitting moet kry. Die hele vergadering is gekenmerk deur 'n warm binnegeveg oor die wettigheid, al dan nie, van die lede teenwoordig en lede nie teenwoordig nie. Toe C.L. de Jager (Gebied C) die Voorsitter vra of diegene wie se name nie gelees is nie, die saal moet verlaat, het Van Rooy bevestigend geantwoord. Behrens het opgestaan en alle offisiere van die Noorde versoek om saam met hom die saal te verlaat, waarop die meerderheid (dr. Van Rensburg inkluis) hom gevolg het. Daarna het die Suide hul "Grootraadsitting" voortgesit, en die res het in woede buite die saal vergader.<sup>566</sup>

Die volgende dag het die Laertrek van Offisiere gevolg, en Van Rooy het die standpunt van die Suide ten opsigte van reorganisasie en wettige konstituering verduidelik. Adv. John Vorster het onder meer op die been gekom en dit duidelik gestel dat daar net een KG is, en dit is dr. Van Rensburg, en dat hy onder voorsitterskap van Van Rooy 'n behandeling gekry het wat hy nie verdien het nie. Vorster het toe voorgestel dat 'n ander voorsitter vir die vergadering gekies word, aangesien daar geen vertroue in die sittende een is nie. Hy het mnr. Beetge van Pretoria voorgestel, en C.A. Pienaar (van Natal) sekondeer. Van Rooy weier egter die mosie, aangesien hy nog nie die vergadering ope verklaar het nie. J.G. Marais spreek die mening uit dat die vergadering reeds begin het, alhoewel die voorsitter blykbaar nie saamstem nie, en vra dat Vorster se voorstel behandel word. Beetge het daarop die verhoog bestyg en as voorsitter opgetree.

Van Rensburg het die spreekbeurt geneem en gevra dat dié huidige vergadering, al is dit dan nie die "wettige" een volgens die Voorsitter nie, sal besluit oor sy bedanking. Hy het nie soseer as KG bedank nie, maar dit bloot gedoen omdat die redakteur van *Die O.B.* hom gesaboteer het, en omdat hy (Van Rensburg) nie bereid was om die artikels in die koerantjie met sy naam te dek nie. Hy het die Suide daarop gewys dat hulle stryd ietwat anders was as dié van die Noorde in die oorlogsjare. As voorbeeld het hy Julian Visser aangehaal, wat in die skadu van die galg gestaan het. Smith het 'n tussenwerpsel gemaak dat hy en Van Rensburg nie onder die galg gestaan het nie, en die vergadering het die kleur van 'n warm Volksraadsdebat, met 'n hewige geveg tussen

twee partye, begin kry. Van Rensburg het verklaar dat hy vir die OB die pad oopgekap het om met behoud van hul lidmaatskap nou ook by die Nasionale Party aan te sluit, om weer in die normale volksgemeenskap opgeneem te word.

Na 'n teepouse is die vergadering voortgesit en het dr. F.D. du Toit van Zyl die Suide se saak gestel. Daarna het Beetge, dr. Van Rensburg en die ander "onwettiges" die saal verlaat.<sup>567</sup>

'n Verkleinde Grootraad het daarna voortbestaan en die poste KG en AKG is afgeskaf. Volgens besluit van die Laertrek is OB-lede toegelaat om vryelik by die Nasionale Party aan te sluit omdat die OB as sodanig geen politieke party is nie. Die OB se taak sou voortaan die propagering wees van 'n partylose republiek (soos die ou Z.A.R.). Die koerantjie *Die O.B.* is herdoop na *Die Republikein* vir die voortgesette taak, maar die hele poging tot voortlewing was doodgebore.<sup>568</sup>

Die Ossewa-Brandwag wat min of meer 'n dekade lank afkeer van die partypolitiek getoon het, het nou in 1952–1953 juis as gevolg van 'n poging om in die normale politieke stroom van Afrikanerdom terug te kom, tot niet gegaan. Sy prosaïese einde was in skrilte kontras met sy skouspelagtige beginjare.

## VOETNOTAS

<sup>1</sup> N.G.S. van der Walt-dagboek (ms.), 4.2.1939; J.J. Badenhorst, *Organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag*, p. 18 e.v.

<sup>2</sup> P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag 1938–1952*, hoofstuk 3 e.v.

<sup>3</sup> Vergelyk P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld ...*, p. 16 insake verafrikaansing van die Unie Verdedigingsmag; *The Star*, 10.4.1940: berig oor die Reddingsdaadbond (RDB).

<sup>4</sup> *The Star*, 7.8.1939, berig.

<sup>5</sup> A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 9.

<sup>6</sup> OB-Argief II/1/1: Brief B. Esterhuysen/Sekretaris OB, 20.3.1939.

<sup>7</sup> OB-Argief II/1/1: Brief P.W. Botha/J.C.C. Laas, 14.8.1939. Vergelyk ook hoofstuk 3.

<sup>8</sup> J.H. Coetzee, "Suid-Afrika se volkerebeleid: waarheen?" in *Woord en Daad* 151:15,1975; C.J. Maritz, "Afsonderlike ontwikkeling" in *UNISA: Afrikanerpolitiek II*, p. 104.

<sup>9</sup> Gebruikte uitdrukking rakende selfkonsepsie van die OB.

<sup>10</sup> OB-konstitusie Art. IV, p. 4 (ongedateer).

<sup>11</sup> J.J. Badenhorst, *Organisasiestruktuur ...*

<sup>12</sup> J. Galtung, "A structural theory of Imperialism" in *Journal of Peace Research*, 8:2, 1971.

<sup>13</sup> Vergelyk *Die Transvaler, Die Burger, The Star*, Sept. 1939 i.s. hereniging.

<sup>14</sup> H. Adam en H. Giliomee, *The rise and crisis of Afrikaner power*, p. 61; vergelyk ook: E.K. Francis, "The nature of the ethnic group" in *The American Journal of Sociology*, LI:5, 1947 insake etnisiteit. Kyk P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld ...*, p. 77 e.v.

<sup>15</sup> OB-Argief II/7/49: Toespraak KG, Stellenbosch, 17.9.1941. Dr. J.F. J. van Rensburg was sedert 1.1.1941 KG van die OB.

<sup>16</sup> D.F. Malan-vers. 1/1/1665: Brief P.K. Zondagh/D.F. Malan, 13.5.1940.

<sup>17</sup> OB-Argief I/3/26. Pamflet "Die Boere-Republiek" in die beleidstukke van die OB-Grootraad; *Die OB*, 19.11.1941.

<sup>18</sup> A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, pp. 27–28.

<sup>19</sup> Vergelyk P.F. van der Schyff, *Die Ossewa-Brandwag ...*, hoofstuk 7.

<sup>20</sup> OB-Argief I/1/1: Notule Grootraad, Oktober 1940. Vergelyk J.J. Badenhorst, *Organisasiestruktuur ...*, p. 42.

<sup>21</sup> OB-Argief, Bandopname (tr.): J.H. Abraham. Vergelyk ook H. van Rensburg, *Hul paale het myne gekruis*, pp. 152–3.

<sup>22</sup> H.B. Thom, *D.F. Malan*, p. 102.

<sup>23</sup> *Mnr. J.F.J. van Rensburg, persoonlike onderhoud, Pretoria, 22.3.1983.*

- <sup>24</sup> OB-Argief II/7/53: Verslae en memorandum KG. Stuk opgestel vir gebruik deur prof. A.J.H. van der Walt, 30.4.1943. Vergelyk ook H. van Rensburg, *Hul paaie* ..., pp. 156–8.
- <sup>25</sup> *Die Burger*, 12.9.1941. Verklaring van ds. Kotzé oor sy bedanking uit die OB; vergelyk ook C.R. Kotzé, *Die Ossewa-Brandwag, Sy ontstaan, ontwikkeling en botsing*, pp. 8–11; vergelyk ook: A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, pp. 32–33.
- <sup>26</sup> *Die Burger*, 3.1.1941: toespraak J.A. Smith, Hartenbos.
- <sup>27</sup> *Die Burger*, 1.1.1941. Vir die doel van hierdie verslag word nie 'n oorsig van dr. Van Rensburg se loopbaan tot Desember 1940 gegee nie. Vergelyk ook D.F. Malan, *Afrikaner-volkseenheid* ..., p. 189.
- <sup>28</sup> *Debatte van die Volksraad*, vol. 39 kol. 5578–5579. Vergelyk ook dr. Hans van Rensburg se verklaring in *Die Transvaler*, 26.4.1940. Lees ook P.F. van der Schyff. *Die Ossewa-Brandwag* ..., p. 99 e.v.
- <sup>29</sup> Hans van Rensburg-vers. 4/33: Toespraak voor ANS-kongres, 1937; J.G. Strijdom, *Verdeeldheid in Afrikanergeleedere*, p. 20; vergelyk ook P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld* ..., hoofstuk 5.
- <sup>30</sup> *Die Volksblad*, 6–10.1.1941.
- <sup>31</sup> *Smuts Archives CXLVI/33: telegram J.F.J. van Rensburg/J.C. Smuts*, 2.2.1941.
- <sup>32</sup> *Die Transvaler*, 3.1.1941 (vroeë uitgawe).
- <sup>33</sup> *Debatte van die Volksraad*, vol. 41, kol. 2071–2086.
- <sup>34</sup> P.F. van der Schyff, *Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1948*. (D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, 1975) p. 553.
- <sup>35</sup> Mnr. J.F.J. van Rensburg, persoonlike onderhoud, Pretoria, 22.3.1983.
- <sup>36</sup> Kyk P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld* ..., p. 64.
- <sup>37</sup> B.J. Schoeman, *My lewe in die politiek*, p. 94.
- <sup>38</sup> J.G. Strijdom-vers. 109/4" toespraak JGS, Springs, 17.1.1941; J.G. Strijdom-vers. 109/56–7: toespraak JGS, Riebeeck-Wes, April 1941.
- <sup>39</sup> *Debatte van die Volksraad*, vol. 41; kol. 2652. vergelyk ook *Die Transvaler*, 3.2.1941.
- <sup>40</sup> *Die Burger*, 5.2.1941, berig.
- <sup>41</sup> M. Roberts en A.E.G. Trollip, *The South African Opposition 1939–1945*, p. 4.
- <sup>42</sup> S.W. Pienaar (red.), *Glo in u volk* ..., pp. 37–42. *Die Transvaler*, 3.3.1941, hoofartikel.
- <sup>43</sup> *Die Transvaler*, 5.3.1941.
- <sup>44</sup> *Debatte van die Volksraad*, vol. 41, kol. 2653–2654; *Die Transvaler*,

- 8.2.1941.
- <sup>45</sup> OB-Argief II/40/10: Brief J.F.J. van Rensburg/J.C. Smuts, 17.4.1941.
- <sup>46</sup> OB-Argief II/7/53: Verklarings en memorandum KG. Memorandum H. van Rensburg/A.J.H. van der Walt, 30.4.1943; *Die Transvaler*, 10.3.1941, dr. D.F. Malan se persverklaring. Kyk ook *Die Transvaler*, 25.3.1941; *Die Burger* 21.4.1941. Dr. Van Rensburg het dit op 29 April op Rustenburg bevestig.
- <sup>47</sup> *Die Transvaler*, 22.1.1941.
- <sup>48</sup> *Debatte van die Volksraad*, vol. 42, kol. 5094–5097; *Die Transvaler*, 25.3.1941.
- <sup>49</sup> J.G. Strijdom-vers. 40/41: memorandum van M.D.C. de Wet Nel, Pretoria, 8.4.1941; J.G. Strijdom-vers. 36/136–7; Brief M.D.C. de Wet Nel/P.J. Bosman (LV), 28.4.1941.
- <sup>50</sup> D.F. Malan-vers. 1/1/1778: Brief C.R. Swart/D.F. Malan, 5.5.1941; *Die Volksblad*, 7.4.1941.
- <sup>51</sup> *Die Burger*, 12.5.1941.
- <sup>52</sup> H.F. Verwoerd-vers. II/1: Brief F. Mentz/dr. H.F. Verwoerd, 7.6.1941.
- <sup>53</sup> I.M. Lombard-vers. 2/7/1/1: korrespondensie. Ontwerpkonstitusie soos deur prof. L.J. du Plessis gesirkuleer, September 1940.
- <sup>54</sup> I.M. Lombard-vers. 1/8/2/1/1: Notule, Kommissie insake beleid (Afrikaner-Broederbond), 28–29.11.1940.
- <sup>55</sup> I.M. Lombard-vers. 1/8/2/1/1: Notule, Dagbestuur Kommissie insake beleid, 29.3.1941.
- <sup>56</sup> D.F. Malan-vers., 1/1/1755: Brief (met aanhangsels) PJM/DFM, 15.3.1941.
- <sup>57</sup> Die “Volksorganisasies” het ingesluit: die OB, FAK, RDB en die drie Afrikaanse kerke.
- <sup>58</sup> I.M. Lombard-vers. 1/8/2/1/1: Notule, Dagbestuur Kommissie insake beleid, 1.6.1941.
- <sup>59</sup> OB-argief II/7/56: Verslae en memorandum KG. Verslag J.A. Smith se toespraak, Uniale Kongres HNP, 3.6.1941; I.M. Lombard-vers. 1/8/2/1/1: Notule, Kommissie insake beleid, 1.6.1941.
- <sup>60</sup> Vergelyk voetnoot 30 hierbo.
- <sup>61</sup> I.M. Lombard-vers. 1/8/2/1/1: Notule, Kommissie insake beleid, 1.6.1941.
- <sup>62</sup> *Die Volksblad*, 4.6.1941; *Die Burger*, 4.6.1941.
- <sup>63</sup> OB-Argief II/7/56: Verslae en memorandum KG. Verslag J.A. Smith se toespraak, Uniale Kongres HNP, 3.6.1941.
- <sup>64</sup> Dié saak is van die grootste belang vir die stryd wat tussen die OB en die HNP ontbrand het.
- <sup>65</sup> *Die Volksblad*, *Die Transvaler*, *Die Burger*, 4.6.1941 e.v.; N.G.S. van

der Walt, *Die Republikeinse strew* ..., p. 163.

